

DIE HANDELINGE VAN DIE APOSTELS

Inleiding

Lukas is die enigste skrywer wat ná sy Evangelie ook 'n opvolgwerk, naamlik *Die Handeling van die Apostels*, geskryf het (Hand 1:1-2). Indien *Lukas* iewers tussen 70 en 80 nC geskryf is (vgl die Inleiding op *Lukas*), het *Handeling* waarskynlik kort daarna ontstaan, ook in Klein-Asië, moontlik in Efese.

Lukas was 'n goed opgevoede man en skryf van die beste Grieks in die Nuwe Testament. Alhoewel hy waarskynlik nie 'n Jood was nie, toon albei sy werke dat hy goeie kennis van die Joodse kultuur en godsdienstige gebruike gehad het. Op grond van sy gebruik van die eerste persoon “ons” in die latere hoofstukke van *Handeling* (16:10-17; 20:5-15; 21:1-18; 27:1 — 28:16), aanvaar baie ondersoekers dat hy in 'n stadium 'n reisgenoot van Paulus en daarom goed op hoogte van die apostel se doen en late was.

Soos sy *Evangelie*, rig Lukas hierdie boek ook aan Teofilus in die hoop dat hy sal help om die Christelike boodskap wyer in die Grieks-Romeinse wêreld te versprei.

Tesame met *Die Evangelie volgens Lukas* beslaan *Handeling* meer as 'n kwart van die Nuwe Testament. Hierdie twee werke was as 'n twee-eenheid bedoel, maar is in 'n later stadium, toe die vier Evangelies saamgegroepeer is, deur *Die Evangelie van Johannes* van mekaar geskei.

In hierdie boek vertel Lukas ons wat verder gebeur het met die goeie

boodskap wat Jesus gebring het. Die verhaal van *Handelinge* kan saamgevat word as die oorwinningsgang van die evangelie. Alhoewel hierdie werk se titel *Die Handelinge van die Apostels* is, handel dit hoofsaaklik oor Petrus en Paulus. Aan die ander kant speel ook sekere nie-apostels 'n rol in *Handelinge* — soos Stefanus, Filippus, Barnabas, Apollos, Akwila en Priscilla. In werklikheid handel die boek meer oor die handelinge van die Heilige Gees as oor dié van die apostels. Dit blyk reeds uit die boek se sentrale tema, wat in *Handelinge* 1:8 aangekondig word: “Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem, in die hele Judea en Samaria en tot aan die einde van die aarde.” *Die Evangelie volgens Lukas* het op Jesus se optrede gekonsentreer; in *Handelinge* gaan dit om die wyse waarop die evangelie van Jesus deur die werking van die Heilige Gees oor die destydse wêreld versprei het.

Op grond van die sentrale tema van *Handelinge* kan die boek volgens die geografiese verspreiding van die evangelie (vgl Hand 1:8) soos volg ingedeel word:

1:1-14 Proloog, hemelvaart

1:15 — 8:3 Eerste hoofdeel

Vestiging van die kerk in Jerusalem

8:4 — 11:18 Tweede hoofdeel

8:4-40 Verspreiding van die evangelie na Samaria

9:1-31 Paulus se bekering

9:32 — 11:18 Petrus se optrede

11:19 — 15:35 Derde hoofdeel

11:19 — 12:25 Verspreiding van die evangelie na Antiogië

13:1 — 14:28 Eerste sendingreis van Paulus

15:1-35 Eerste kerkvergadering in Jerusalem

15:36 — 21:26 Vierde hoofdeel

Tweede en derde sendingreis (die evangelie na Griekeland)

21:27 — 28:31 Vyfde hoofdeel

21:27 — 22:29 Paulus in Jerusalem gevange geneem

22:30 — 26:32 Verskillende verhore van Paulus

27:1 — 28:16 Reis na Rome

28:17-31 Die evangelie in Rome

1

¹ *Die eerste berig, Teofilus, het ek geskryf oor alles wat Jesus begin doen en waaroor Hy onderrig gegee het ² *tot die dag dat Hy opgeneem is — nadat Hy deur die Heilige Gees opdrag gegee het aan die •apostels wat Hy uitgekies het. ³ Aan hulle het Hy, ná sy lyding, deur vele tekens getoon dat Hy leef, * toe Hy oor 'n tydperk van veertig dae aan hulle verskyn en met hulle oor die sake van die •koninkryk van God gepraat het.*

⁴ Terwyl Hy saam met hulle was, het Hy hulle beveel: “Moenie uit Jerusalem weggaan nie, maar bly wag op die Vader se belofte^a* wat julle van My gehoor het.* ⁵ *Want Johannes het wel met water gedoop, maar oor nie baie dae nie sal julle met die Heilige Gees gedoop word.”

Jesus se hemelvaart

⁶ Toe hulle bymekaar was, het hulle vir Hom gevra: “Here, gaan U in

*1:1 Luk 1:3

*1:2 Mark 16:19; Luk 24:49-51

*1:3 Aan ... Hy leef: Luk 24:36-42; Joh 20:19-20,26-27

*1:3 oor die sake ... het: Matt 28:18-20; Luk 24:46-49; Joh 20:21-23

^a1:4 **belofte:** Dit dui op die vervulling van wat die Vader beloof het.

*1:4 *het Hy ... belofte:* Luk 24:49

*1:4 *belofte ... gehoor het:* Joh 14:16-17; 15:26; Hand 2:33

*1:5 Matt 3:11; Mark 1:8; Luk 3:16; Joh 1:33

hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig?”⁷ Maar Hy het hulle geantwoord: “Dit is nie vir julle om die tye en spesifieke geleentehede te ken wat die Vader in sy eie mag bepaal het nie.”⁸ Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom,^{*} en julle sal my getuies wees^{*} in Jerusalem, in die hele Judea en Samaria en tot aan die einde van die aarde.”⁹ Toe Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle toekyk,^{*} en 'n wolk het Hom uit hulle gesigsveld weggeneem.¹⁰ Terwyl hulle, soos Hy weggaan, stip na die hemel bly kyk, staan daar meteens twee mans in wit klere by hulle^{*}¹¹ en vra: “Galileërs, waarom staan en staar julle na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle na die hemel weggeneem is, sal net so terugkom soos wat julle Hom na die hemel sien weggaan het.”¹² Daarna het hulle van die berg wat as die Olyfberg bekend staan en wat digby Jerusalem was — 'n Sabbatsreis^b ver — teruggekeer na Jerusalem.¹³ Toe hulle daar aankom, het hulle opgegaan na die bovertrek waar hulle gebly het: •Petrus en Johannes, Jakobus en Andreas, Filippus en Thomas, Bartolomeus en Matteus, Jakobus, seun van Alfeus, Simon die Seloot^c en Judas, die seun van Jakobus.^{*}¹⁴ Hulle

^{*}1:6 *Here ... oprig:* Luk 24:21

^{*}1:7 *Dit ... het nie:* Mark 13:32

^{*}1:8 *julle sal krag ... julle kom:* Ef 3:16

^{*}1:8 *julle sal my ... wees:* Luk 24:48; Joh 15:27; Hand 2:32; 3:15; 5:32

^{*}1:9 *Hy dit ... toekyk:* Mark 16:19; Joh 6:62

^{*}1:10 *staan daar ... by hulle:* Luk 24:4

^{*}1:11 *Hierdie ... weggaan het:* Matt 26:64; Luk 21:27; Op 1:7

^{*}1:12 Luk 24:50,52

^b1:12 **Sabbatsreis:** Ongeveer 880 meter. Die afstand wat Jode toegelaat is om op die Sabbat te reis; vgl Num 35:5; Jos 3:4.

^c1:13 **Seloot:** Iemand wat hom in die besonder vir 'n saak, bv godsdiens of politiek, beywer het. Sommige sien hierin 'n moontlike verwysing na die party van die Selote.

^{*}1:13 *Petrus ... seun van Jakobus:* Matt 10:24; Mark 3:16-19; Luk 6:14-16

het almal eensgesind in gebed volhard — saam met die vroue, en ook saam met Maria, die moeder van Jesus, en sy broers.

Verkiesing van Mattias

¹⁵ In daardie dae het •Petrus tussen die broers^d opgestaan — daar was ongeveer honderd-en-twintig mense bymekaar — en gesê: ¹⁶ “Broers, die Skrifwoord moes vervul word wat die Heilige Gees vroeër by monde van Dawid oor Judas uitgespreek het. Hy het vir die mense wat Jesus gearresteer het as gids opgetree^e ¹⁷ aangesien hy een uit ons geledere was en deel gehad het aan ons bediening. ¹⁸ *Hy het mos 'n stuk grond aangeskaf uit die geld wat hy as beloning vir sy bose daad ontvang het. Hy het egter vooroor geval, in die middel oopgebars en al sy ingewande het uitgepeul. ¹⁹ Dit het onder al die inwoners van Jerusalem bekend geword, met die gevolg dat daardie stuk grond in hulle eie taal as Akeldama bekend staan, dit is: ‘Bloedgrond’. ²⁰ Want daar staan in die Psalms geskryf:

“ ‘Laat sy woonplek verlate word
en laat geen inwoner daarin bly nie.’* ”

“En:

“ ‘Laat 'n ander sy amp as opsiener oorneem.’* ”

^d**1:15 broers:** Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

^e**1:16 die Skrifwoord ... opgetree:** Dit verwys na Ps 41:10 as heenwysing na Jesus Christus.

***1:18** Matt 27:3-8

***1:20** Laat sy ... bly nie: Ps 69:26

***1:20** Laat 'n ander ... oorneem: Ps 109:8

²¹ “Daarom moet een van daardie manne wat die hele tyd saam met ons onderweg was terwyl die Here Jesus onder ons gekom en gegaan het, ²² van die begin af, van die doop van Johannes af, ^{**} tot op die dag dat Hy van ons opgeneem is, ^{*} saam met ons as 'n getuie van sy opstanding optree.” ²³ Hulle het toe twee voorgestel: Josef, bekend as Barsabbas, wat ook Justus genoem is, en Mattias. ²⁴ Daarop het hulle soos volg gebid: “U, Here, wat almal se harte ken, wys U uit hierdie twee die een aan wat U gekies het ²⁵ om die taak van hierdie diens van •apostel oor te neem waarvan Judas afvallig geraak het om na die plek te gaan wat hom toekom.” ²⁶ ^{*}Toe het hulle geloot^f en die lot het op Mattias geval. Hy is daarop by die elftal apostels gevoeg.

2

Uitstorting van die Heilige Gees

¹ Toe die dag van die Pinksterfees[§] aanbreek, ^{*} was hulle almal op een plek bymekaar. ² Onverwags het daar uit die hemel 'n geluid soos dié van 'n kragtige stormwind opgeklink en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. ³ Tonge, asof van vuur, het aan hulle verskyn, verdeel en op

^{*} **1:21-22** *een van daardie ... Johannes af:* Luk 1:2; Joh 15:27

^{*} **1:22** *die doop van Johannes af:* Matt 3:13-15; Mark 1:9; Luk 3:21; Luk 7:29

^{*} **1:22** *tot op ... opgeneem is:* Mark 16:19; Hand 1:9

^{*} **1:26** Spr 16:33

^f **1:26** *geloot:* Dit verwys in die Bybel na die gebruik om deur middel van die •lot tot beslissings oor allerlei sake te kom. Die onderliggende gedagte is dié van 'n goddelike wilsbeskikking en dat die mens se lewe deur God bestuur word.

[§] **2:1** *Pinksterfees:* Ook genoem Fees van die Weke of Fees van die Oes, is gevier sewe weke ná die begin van die graanoes, die dag waarop die eerste gerf gars gesny is wat voor die Here aangebied moes word. Dit het gewoonlik gebeur teen Pasga, sodat die Fees van die Weke sewe weke (vyftig dae) na Pasga gevier is; •Feeste.

^{*} **2:1** *dag ... aanbreek:* Lev 23:15-21; Deut 16:9-11

elkeen van hulle neergedaal. ⁴ En almal is vervul met die Heilige Gees** en het in ander tale begin praat* soos die Gees aan hulle gegee het om hardop te verklank.

⁵ Destyds het daar vroom Jode uit elke nasie onder die hemel in Jerusalem gewoon. ⁶ Toe daardie geluid opklink, het die menigte saamgedrom en was verward, omdat elkeen gehoor het hoe daar in sy eie taal gepraat word. ⁷ Verstom en verbaas het hulle gevra: “Kyk, is almal wat daar praat dan nie Galileërs nie?” ⁸ Hoe hoor elkeen van ons hulle dan praat in die taal waarmee ons grootgeword het?^h ⁹ Ons — Parteⁱ en Meders en Elamiete, inwoners van Mesopotamië, Judea en Kappadosië, Pontus en Asië,^j ¹⁰ Frigië en Pamfilië, Egipte en streke van Libië in die omgewing van Sirene, en Romeine wat hier vertoef, ¹¹ Jode en proseliete,^k mense van Kreta en Arabiere — ons hoor hulle in ons eie taal oor die groot dade van God praat.” ¹² Almal was verstom en verward en het mekaar gevra: “Wat beteken dit tog?” ¹³ Ander weer het spottend gesê: “Hulle is vol soetwyn.”

Petrus se toespraak

¹⁴ Daarop staan •Petrus op, verhef sy stem en spreek hulle toe: “Jode en julle almal wat in Jerusalem woon — dit moet julle weet, luister goed na

***2:3-4 Tonge ... Heilige Gees:** Matt 3:11; Luk 3:16

***2:4 En almal ... Heilige Gees:** Hand 4:31; 10:44-45; 19:6

***2:4 het in ... begin praat:** Mark 16:17; Hand 10:46; 19:6; 1 Kor 13:1

***2:7 Kyk ... Galileërs nie:** Hand 1:11

^h**2:8 taal ... grootgeword het:** Letterlik ‘in ons eie taal waarin ons gebore is’.

ⁱ**2:9 Parte:** Part (enkelvoud), 'n inwoner van die land Partië, suidoos van Medië.

^j**2:9 Asië:** 'n Romeinse provinsie. Die westelike deel van Klein-Asië, die huidige Wes-Turkye, saam met verskeie eilande en kusstede van die Egeïese See, met Efese as hoofstad.

^k**2:11 proseliete:** Anders as 'n •godvresende was 'n proseliet 'n nie-Jood wat ten volle tot die Jodedom oorgegaan het.

my woorde: ¹⁵ Hierdie mense is nie dronk soos julle dink nie; dit is immers nog net die derde uur¹ van die dag. ¹⁶ Wat hier gebeur, is deur die profeet Joël aangekondig:

¹⁷ * “En dit sal in die laaste dae gebeur,” sê God:

‘Ek sal my Gees op alle mense uitstort —
julle seuns en julle dogters sal profeteer,
en julle jongmense sal visioene sien,
en julle ou mense sal drome droom.

¹⁸ Ja, ook oor my diensknegte en diensmaagde
sal Ek in daardie dae my Gees uitstort
en hulle sal profeteer.

¹⁹ En Ek sal bo in die hemel wonders bewerk
en tekens onder op die aarde:

bloed en vuur en rookwolke.

²⁰ Die son sal verander in duisternis
en die maan in bloed

voordat die groot en glorieryke dag van die Here kom.

²¹ * Dan sal elkeen wat die Naam van die Here aanroep, verlos word.’

²² “Israeliete, luister na hierdie woorde! Jesus van Nasaret was 'n man wat deur God aan julle bekend gemaak is deur kragtige dae en die wonders en tekens wat God deur Hom in julle midde verrig het* — soos julle self ook weet. ²³ Julle het hierdie man, wat deur die vaste plan en voorkennis van God uitgelewer is,* deur die hand van wettelose mense

¹**2:15 3de uur:** Volgens Westerse tydsbepaling 09:00; •Tydsindeling.

***2:17-21** Joël 2:28-32; 3:1-5 •Septuagint

***2:21** Matt 27:35,50; Mark 15:24,37; Luk 23:33,46; Joh 19:18,30; Hand 3:15

***2:22** *Jesus ... verrig het:* Joh 3:2

***2:23** *Julle ... uitgelewer is:* Hand 4:28

gekruisig en doodgemaak.* ²⁴ God het Hom egter laat opstaan* en van die lyding van die dood^m bevry, omdat dit onmoontlik was dat Hy deur die dood vasgehou word. ²⁵ Dawid sê immers oor Hom:

“ ‘Ek het die Here altyddeur voor my gesien,
want Hy is aan my regterkant,ⁿ
sodat ek nie wankel nie.

²⁶ Daarom juig my hart

en jubel my tong,

ja, ook my liggaam sal in hoop voortleef,

²⁷ want U sal my siel^o nie aan Hades^p oorlaat,

en u Heilige nie ontbinding laat beleef nie.*

²⁸ U het vir my die paaie na die lewe bekend gemaak,

deur u teenwoordigheid

sal U my met blydschap vervul.^q

²⁹ “Broers, wat die stamvader Dawid betref, kan ek vir julle met

***2:23** *deur die hande ... doodgemaak:* Matt 27:35,50; Mark 15:24,37; Luk 23:33,46; Joh 19:18,30; Hand 3:15

***2:24** *God ... laat opstaan:* Matt 28:6; Mark 16:6; Luk 24:6; Hand 3:15

^m**2:24** *lyding ... dood:* Dit verwys na 2 Sam 22:6; Ps 18:5; 116:3 as heenwysings na Jesus Christus.

ⁿ**2:25** *regterkant:* Die •regterkant is die onbeskermdede kant; 'n soldaat het sy skild in sy linkerhand gedra.

^o**2:27** *siel:* Die mens se bewuste, innerlike lewenskern wat voortbestaan na sy dood.

^p**2:27** *Hades:* Dit is voorgestel as 'n plek onder die aarde waarheen mense wat sterf, afdaal; •Doderyk.

***2:27** *en u Heilige ... beleef nie:* Hand 13:35

^q**2:25-28** *Ek het ... vervul:* Aanhaling uit Ps 16:8-11 •Septuagint as heenwysing na Jesus Christus.

sekerheid sê dat hy gesterf het en begrawe is,^{*} en sy graf is tot vandag toe by ons.³⁰ Omdat hy 'n profeet was en geweet het dat ‘God met 'n eed aan hom beloof het om iemand uit sy nageslag op sy troon te plaas,’^{r 31} het hy, in vooruitskouing oor die opstanding van die Christus^s gesê dat

“ ‘Hy nie aan Hades oorgelaat sou word of dat sy liggaam ontbinding sou beleef nie.’^t

³² “God het hierdie Jesus laat opstaan — daarvan is ons almal getuies.^{*}

³³ Nadat Hy tot aan die regterhand^u van God verhoog is^{*} en die belofte van die Heilige Gees van die Vader ontvang het,^{*} het Hy die Gees uitgestort, en dit is wat julle sien en hoor.³⁴ Dawid het immers nie na die hemele^v opgevaar nie, maar sê self:

“ ‘Die Here het vir my Here gesê:
Sit aan my regterhand,^w

^{*}2:29 *wat die stamvader ... begrawe is:* 1 Kon 2:10; Hand 13:36

^r2:30 **God ... plaas:** Aanhaling uit Ps 132:11; 2 Sam 7:12-13 as heenwysing na Jesus Christus.

^s2:31 **Christus:** Die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

^t2:31 **Hy nie ... beleef nie:** Aanhaling uit Ps 16:10 as heenwysing na Jesus Christus.

^{*}2:32 *daarvan ... getuies:* Luk 24:48; Hand 1:8

^u2:33 **regterhand:** 'n Posisie aan die •regterhand van 'n persoon is gesien as 'n posisie van voorrang.

^{*}2:33 *Nadat ... verhoog is:* Mark 16:19; Hand 7:55-56; Rom 8:34; Kol 3:1; Heb 1:3; 8:1; 10:12; 12:2; 1 Pet 3:22

^{*}2:33 *die belofte ... ontvang het:* Joh 14:16-17; 15:26; Hand 1:4

^v2:34 **hemele:** Volgens die destydse wêreldbeeld was daar verskillende hemele, waaronder die wolkehemel, die sterrehemel en die derde hemel waar God woon.

^w2:34 **regterhand:** Vgl voetnoot in Hand 2:33.

³⁵ totdat Ek u vyande

'n •voetbank vir u voete^x gemaak het.^y

³⁶ *³⁶ “Laat die hele huis van Israel dan vir seker weet dat God Hom Here en Christus gemaak het — hierdie Jesus wat julle gekruisig het.”

³⁷ Toe hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref en het vir •Petrus en die ander •apostels gevra: “Wat moet ons doen,^{*} broers?” ³⁸ Petrus antwoord hulle: “Bekeer julle, en laat elkeen van julle in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van julle sondes gedoop word,^{*} en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang. ³⁹ Want die belofte is bedoel vir julle, en ook vir julle kinders, en vir almal daar ver,^{*} almal wat die Here ons God na Hom toe roep.^{*}” ⁴⁰ Met nog baie ander woorde het hy getuig en hulle aangespoor: “Laat julle uit hierdie korrupte geslag^{*} red.”

⁴¹ *Diegene wat sy boodskap aangeneem het, is gedoop en op daardie dag is ongeveer drieduisend mense toegevoeg.

Eerste gemeente

⁴² Hulle het bly volhard in die leer van die •apostels, die verbondenheid met mekaar, die breek van die brood,^{*} en gebede. ⁴³ Almal is met ontsag

^x**2:35 voetbank ... voete:** Dit dui op die onderwerping van die vyand.

^y**2:34-35 Die Here ... gemaak het:** Aanhaling uit Ps 110:1 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Matt 22:44; Mark 12:36; Luk 20:42-43; Heb 1:13.

^{*}**2:36** Hand 5:30-31

^{*}**2:37** Wat ... doen: Luk 3:10,12,14

^{*}**2:38** Bekeer ... gedoop word: Hand 3:19

^{*}**2:39** vir almal ... ver: Jes 57:19

^{*}**2:39** almal wat ... roep: Joël 2:32; Rom 10:13

^{*}**2:40** hierdie ... geslag: Deut 32:5; Ps 78:8; Fil 2:15

^{*}**2:41** Hand 2:47; 4:4; 5:14; 6:7; 11:21,24; 21:20

^{*}**2:42** die breek ... brood: Hand 2:46; 20:7

vervul* en baie wonders en tekens het deur die apostels plaasgevind.*

⁴⁴* Al die gelowiges was bymekaar en het alles gemeenskaplik besit.

⁴⁵* Hulle het hulle eiendom en besittings verkoop en aan almal uitgedeel volgens elkeen se behoefte. ⁴⁶ Saam het hulle volhard om die tempelsterrein^z daaglik te besoek,* aan huis die brood te breek* en hulle maaltye met uitbundige blydschap en met opregte harte te geniet. ⁴⁷ Hulle het God bly prys en die hele volk was hulle goedgesind. En die Here het daaglik verlostes by hulle getal gevoeg.*

3

Genesing van die verlamde

¹ Op die negende uur,^a die uur van gebed,* was •Petrus en Johannes na die tempelsterrein^b op pad. ² 'n Man, verlam van sy geboorte af,* is daarheen gedra. Hulle het hom elke dag neergesit by die tempelpoort, bekend as Mooipoort, om by die mense wat die tempelsterrein binnegaan, om 'n aalmoes te vra. ³ Toe hy sien dat Petrus en Johannes op die punt

*2:43 *Almal ... vervul*: Hand 5:5,11; 19:17

*2:43 *en baie ... plaasgevind*: Hand 5:12; 6:8; 14:3; 15:12

*2:44 Hand 4:32

*2:45 Hand 4:34-35

^z2:46 *tempelsterrein*: Dit verwys na die hele terrein van die •tempel in Jerusalem met al die geboue, stoorkamers en voorhewe.

*2:46 *Saam ... besoek*: Luk 24:53

*2:46 *aan huis ... breek*: Hand 2:42

*2:47 *En die Here ... gevoeg*: Hand 2:41; 4:4; 5:14; 6:7; 11:21,24; 21:20

^a3:1 *9de uur*: Volgens Westerse tydsbepaling 15:00; •Tydsindeling.

*3:1 *Op ... gebed*: Hand 10:3,9,30

^b3:1 *tempelsterrein*: Dit verwys na die hele terrein van die •tempel in Jerusalem met al die geboue, stoorkamers en voorhewe.

*3:2 *'n Man ... af*: Joh 9:1; Hand 14:8

was om die tempel terrein binne te gaan, het hy gevra om 'n aalmoes te ontvang. ⁴ Petrus, vergesel van Johannes, het stip na hom gekyk* en gesê: “Kyk na ons!” ⁵ Hy het toe na hulle gekyk in die verwagting om iets van hulle te ontvang. ⁶ Maar Petrus het gesê: “Silwer en goud het ek nie, maar wat ek het, dit gee ek vir jou: In die Naam van Jesus Christus^c van Nasaret, staan op en loop!” ⁷ Hy het hom aan sy regterhand gegryp en opgehelp. Onmiddellik het sy voete en enkels sterk geword. ⁸ Hy het opgespring, regop bly staan, rondgestap* en toe saam met hulle die tempel terrein binnegegaan,* terwyl hy loop en spring en God prys. ⁹ Die hele volk het gesien hoe hy God loop en prys. ¹⁰ Hulle het hom herken as die een wat by die Mooipoort van die tempel terrein gesit het met die oog op aalmoese,* en hulle was vol verwondering en verbasing oor wat met hom gebeur het.

Petrus se toespraak by die tempel

¹¹ Terwyl die man aan •Petrus en Johannes bly vashou, het die hele volk stomgeslaan om hulle saamgedrom in die pilaargang, wat bekend was as die Pilaargang van Salomo.* ¹² Toe Petrus dit sien, het hy die volk toegespreek: “Israeliete, waarom is julle hieroor verwonderd? Waarom staar julle ons aan asof ons hom deur ons eie krag of godvresendheid laat loop het? ¹³ Die God van Abraham en die God van Isak en die God van

***3:4** *Petrus ... gekyk:* Hand 6:15; 13:9; 14:9; 23:1

^c**3:6** *Christus:* Die Griekse vorm vir die Hebreuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

***3:6** *In die ... loop:* Hand 3:16; 4:10; 16:18

***3:8** *Hy het ... rondgestap:* Hand 14:10

***3:8** *en toe ... binnegegaan:* Joh 5:14

***3:10** *Hulle het ... aalmoese:* Joh 9:8

***3:11** *in die pilaargang ... Salomo:* Joh 10:23; Hand 5:12

Jakob, die God van ons vaders,* het sy Diensknege Jesus verheerlik^d — Hom wat julle oorgelewer het en voor •Pilatus verloën het, al het hy beslis dat Hy vrygelaat word.* ¹⁴ *Julle, egter, het die Heilige en Regverdige^e verloën en geëis dat 'n moordenaar vir julle begenadig word;¹⁵ maar julle het die Leidsman tot die lewe doodgemaak. God het Hom uit die dood opgewek;* daarvan is ons getuies.* ¹⁶ Dit was op grond van geloof in die Naam van Jesus dat sy Naam hierdie man wat julle sien en ken, sterk gemaak het. En die geloof wat deur Jesus kom, het in julle almal se teenwoordigheid hierdie volkome genesing aan hom gegee.¹⁷ *En nou, broers, ek weet dat julle uit onkunde opgetree het, soos ook julle leiers,¹⁸ * maar op hierdie manier het God in vervulling laat gaan wat Hy vroeër by monde van al sy profete aangekondig het, naamlik dat sy Christus^f sou ly. ¹⁹ *Bekeer julle en draai terug, sodat julle sondes uitgewis kan word,²⁰ en dat vanaf die Here self^g tye van verkwikking kan aanbreek, en Hy die Christus wat vir julle aangewys is, kan stuur,

***3:13** *Die God van Abraham ... vaders:* Eks 3:6,15; Matt 22:32; Mark 12:26; Hand 7:32

^d**3:13** *het sy ... verheerlik:* Dit verwys na Jes 52:13 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Joh 13:32.

***3:13** *Hom wat ... vrygelaat word:* Luk 23:14-23; Joh 18:38-40; 19:12-15

***3:14** Matt 27:20-21; Mark 15:7,11-12

^e**3:14** *Regverdige:* Dit is iemand wie se saak reg is voor God; hier verwys dit na Jesus Christus.

***3:15** *maar julle ... opgewek:* Hand 4:10; 5:30

***3:15** *daarvan ... getuies:* Luk 24:48; Hand 1:8; 2:32

***3:17** Luk 23:34; 1 Tim 1:13

***3:18** Luk 24:27,44,46

^f**3:18** *Christus:* Vgl voetnoot in Hand 3:6.

***3:19** Hand 2:38

^g**3:20** *vanaf ... self:* Letterlik 'vanaf die aangesig van die Here' wat nie dui op die Here se gesig nie, maar op sy Persoon, en dit kan ook dui op sy teenwoordigheid.

naamlik Jesus.²¹ Die hemel moet Hom verwelkom tot op die tyd van die herstel van alle dinge, waarvan God lank gelede by monde van sy heilige profete gepraat het.²² Moses het immers gesê, ‘Die Here julle God sal vir julle net so 'n profeet soos ek uit julle broers laat opstaan. Na Hom moet julle luister, na alles wat Hy vir julle sê.^{h 23 i*}Elkeen wat nie na daardie profeet luister nie, sal onder die volk uitgedelg word.’^{24 *}Ook al die profete wat sedert Samuel en sy opvolgers geprofeteer het, het hierdie dae aangekondig.²⁵ Julle is kinders van die profete en van die verbond wat God met julle vaders gesluit het toe Hy vir Abraham gesê het, ‘In jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word.’²⁶ God het, nadat Hy sy Dienskneg Jesus laat opstaan het, Hom heel eerste na julle gestuur* om julle te seën, deurdat Hy elkeen van julle sal laat wegdraai van julle booshede.”

4

Petrus en Johannes voor die Joodse Raad

¹ Terwyl hulle nog besig was om die volk toe te spreek, het die priesters en die bevelvoerder van die tempelwag* en die •Sadduseërs op hulle afgekom, ² hewig ontsteld omdat hulle die volk onderrig en in Jesus die opstanding uit die dood verkondig.** ³ Hulle het hulle toe gevange

^h**3:22 Die Here ... vir julle sê:** Aanhaling uit Deut 18:15-16 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Hand 7:37.

ⁱ**3:23** Aanhaling uit Deut 18:19 as heenwysing na Jesus Christus.

***3:23** Lev 23:29

***3:24** Luk 24:27

***3:25** *In jou ... geseën word:* Gen 22:18; 26:4; 12:3; 18:18; Gal 3:8

***3:26** *God ... gestuur:* Hand 13:46; Rom 1:16

***4:1** *die priesters ... tempelwag:* Luk 22:4,52; Hand 5:24

***4:1-2** *die Sadduseërs ... verkondig:* Matt 22:23; Mark 12:18; Luk 20:27; Hand 23:8

***4:2** *in Jesus ... verkondig:* Hand 4:33; 17:18; 26:23

geneem en onder bewaking geplaas* tot die volgende môre, omdat dit reeds aand was.* ⁴*Baie van die mense wat die toespraak gehoor het, het egter tot geloof gekom sodat die getal manne tot ongeveer vyfduisend aangegroei het.

⁵Die volgende dag het hulle leiers en familiehoofde en skrifkenners in Jerusalem bymekaargekom — ⁶ook Annas,^j die hoëpriester, en Kajafas en Johannes en Aleksander en almal wat tot die hoëpriesterlike familie behoort het. ⁷Hulle het •Petrus en Johannes in die middel laat staan en vir hulle gevra: “Deur watter krag of deur watter naam het julle dit gedoen?”* ⁸Toe het Petrus, vervul met die Heilige Gees,* vir hulle gesê:* “Leiers van die volk en familiehoofde, ⁹as ons vandag verhoor word oor 'n goeie daad aan 'n siek man waardeur hy gesond geword het, ¹⁰moet julle almal en die hele volk van Israel weet dat hierdie man gesond voor julle staan deur die Naam van Jesus Christus^k van Nasaret*

“wat julle gekruisig het,*
wat God uit die dood opgewek het.*

* **4:3** *Hulle het ... geplaas:* Hand 5:18

* **4:3** *omdat ... was:* Hand 3:1

* **4:4** Hand 2:21,47; 5:14; 6:7; 11:21,24; 21:20

^j**4:6** *Annas:* Die •bronteks lui “Hannas”.

* **4:7** *Deur ... gedoen:* Matt 21:23; Mark 11:28; Luk 20:2

* **4:8** *vervul ... Gees:* Hand 6:3,5; 7:55; 9:17; 11:24; 13:9

* **4:8** *Toe het ... gesê:* Matt 10:19-20; Mark 13:11; Luk 12:11-12

^k**4:10** *Christus:* Die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

* **4:10** *deur die Naam ... Nasaret:* Hand 3:6

* **4:10** *wat julle gekruisig het:* Hand 2:36; 5:30; 10:39

* **4:10** *wat God ... opgewek het:* Hand 2:24,32; 3:15; 5:30; 10:40; 13:30; 17:31

¹¹ “Hy is:

“ ‘die klip wat deur julle, die bouers, geminag is,
en hoeksteen geword het.’¹

¹² “Daar is ook deur niemand anders verlossing nie, en daar is geen ander naam onder die hemel aan mense gegee waardeur ons verlos kan word nie.*” ¹³ Toe hulle Petrus en Johannes se vrymoedigheid sien en besef dat hulle ongeleerd en leke is, was hulle verbaas en het hulle hulle herken as mense wat saam met Jesus was. ¹⁴ Maar omdat hulle die man wat gesond gemaak is, by hulle sien staan het, kon hulle niks daarteen sê nie.

¹⁵ *Hulle het hulle toe beveel om die raadsaal^m te verlaat, en met mekaar beraadslaag: ¹⁶ “Wat gaan ons met hierdie mense doen? Dit is immers vir al die inwoners van Jerusalem duidelik dat 'n onmiskenbare teken deur hulle toedoen plaasgevind het.* Ons kan dit nie ontken nie. ¹⁷ *Maar om te verhoed dat dit verder onder die volk versprei, laat ons hulle dreig, sodat hulle nie meer met enige mens in hierdie Naam praat nie.” ¹⁸ Hulle het hulle toe teruggeroep en hulle beveel om hoegenaamd nie meer in die Naam van Jesus te praat of onderrig te gee nie. ¹⁹ *Petrus en Johannes het hulle egter geantwoord en gesê: “Of dit reg is voor God om eerder na julle te luister as na God, moet julle self oordeel; ²⁰ want ons kan nie swyg oor wat ons gesien en gehoor het nie.” ²¹ Nadat hulle Petrus en

¹**4:11 die klip ... geword het:** Aanhaling uit Ps 118:22 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Matt 21:42; Mark 12:10; Luk 20:17; 1 Pet 2:4,7.

* **4:12 en daar is geen ... word nie:** Matt 1:21

* **4:15** Hand 5:34-35

^m**4:15 raadsaal:** Die •Sanhedrin, die hoogste hof van die Jode het daar vergader.

* **4:16** Wat gaan ... plaasgevind het: Joh 11:47

* **4:17-18** Hand 5:28

* **4:19** Hand 5:29

Johannes nog meer gedreig het, het hulle hulle vrygelaat omdat hulle as gevolg van die volk se houding nie 'n manier kon vind om hulle te straf nie; want almal het God verheerlik oor wat gebeur het.²² Die man oor wie hierdie teken van genesing gekom het, was immers ouer as veertig jaar.

Gebed om vrymoedigheid

²³ Ná hulle vrylating het Petrus en Johannes na hulle eie mense gegaan en hulle vertel wat die leierpriesters en die familiehoofde alles vir hulle gesê het.²⁴ Toe hulle dit hoor, het hulle God eensgesind aangeroep en gesê: “Here, U is die Een wat die hemel en die aarde en die see en alles daarin geskep het,*²⁵ wat by monde van ons vader Dawid, u dienskneg, deur die Heilige Gees gesê het:

“ ‘Waarom gaan die heidennasies te kere en bedink die volke nietige dinge?

²⁶ Die konings van die aarde neem stelling in en die leiers span saam teen die Here en teen sy Gesalfde.’ⁿ

²⁷ “Want inderdaad, in hierdie stad het hulle — Herodes^o en Pontius •Pilatus, saam met die heidennasies en die volke van Israel^p —

* **4:24** die Een ... geskep het: Eks 20:11; Ps 146:6

ⁿ **4:25-26** *Waarom ... Gesalfde*: Aanhaling uit Ps 2:1-2 •Septuagint as heenwysing na die ongeloofsreaksie jeens Jesus Christus.

^o **4:27** *Herodes*: Herodes Antipas, een van die seuns van •Herodes die Grote. Nadat sy pa gesterf het, het hy oor Galilea en Perea regeer van 4 vC-39 nC.

^p **4:27** *volke van Israel*: Die ongebruiklike “volke” vir die volk Israel is vanweë assimilasië aan die aanhaling uit Ps 2.

saamgespan teen u heilige Dienskneg Jesus,^{*} wat U gesalf het^q 28^{*} om alles te doen wat U deur u hand en u plan vooruit beskik het dat dit gebeur. 29 En nou, Here, slaan ag op hulle dreigemente en gee dat u diensknegte u boodskap met alle vrymoedigheid verkondig,^{*} 30 deur u hand uit te strek tot genesing en deurdadig tekens en wonders deur die Naam van u heilige Dienskneg Jesus^r plaasvind.” 31 Terwyl hulle gebid het, is die plek waar hulle bymekaar was, geskud en almal is vervul met die Heilige Gees^{*} en het die woord van God met vrymoedigheid verkondig.

Gemeenskaplike besit

32 Die menigte wat gelowig geword het, was een van hart en •siel, en niemand het na enige van sy besittings as sy eie verwys nie, maar hulle het alles gemeenskaplik besit.^{*} 33 Die •apostels het ook kragtig getuig oor die opstanding van die Here Jesus,^{*} en groot genade het oor hulle almal gekom.^{*} 34 Daar was inderdaad niemand onder hulle wat gebrek gely het nie, aangesien almal wat grond of huise besit het, dit verkoop het en die opbrengs van die verkope gebring³⁵ en aan die voete van die apostels neergelê het. En aan elkeen is dan uitgedeel in ooreenstemming met wat hy nodig gehad het. 36 Josef, 'n Leviet afkomstig uit Ciprus, wat by die

^{*} 4:27 u heilige ... Jesus: Hand 3:13

^q4:27 wat U ... het: Dit verwys na Jes 61:1 as heenwysing na Jesus Christus.

^{*} 4:28 Hand 2:23

^{*} 4:29 u boodskap ... verkondig: Ef 6:19

^r4:30 Dienskneg Jesus: Dit verwys na Jes 52:13 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Joh 13:32.

^{*} 4:31 is vervul ... Gees: Hand 2:4

^{*} 4:32 en niemand ... besit: Hand 2:44

^{*} 4:33 Die apostels ... Jesus: Hand 4:2

^{*} 4:33 groot ... gekom: Hand 2:47

^{*} 4:34-35 Hand 2:45

apostels die bynaam Barnabas gekry het — as dit vertaal word beteken dit Seun van Vertrouwing — ³⁷ het 'n stuk grond besit en dit verkoop en die geld gebring en aan die voete van die apostels neergelê.

5

Ananias en Saffira

¹ 'n Man met die naam Ananias het saam met sy vrou Saffira 'n stuk grond verkoop, ² maar hy het, met sy vrou se medewete, van die geld vir homself teruggehou en net 'n gedeelte gebring en aan die voete van die •apostels neergelê.* ³ •Petrus het toe gesê: “Ananias, waarom het Satan^s jou hart vervul* sodat jy vir die Heilige Gees gelieg en vir jouself van die geld vir die grond teruggehou het? ⁴ Toe dit onverkoop bly lê het, was dit nie joune nie? En toe dit verkoop is, was die geld nie tot jou beskikking nie? Waarom het jy hierdie daad in jou hart bedink? Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir God.” ⁵ By die aanhoor van hierdie woorde, het Ananias inmeekaargesak en gesterf — en groot vrees het almal oorval wat hiervan gehoor het.* ⁶ Die jong manne het toe nader gekom, hom in linne toegedraai, na buite gedra en begrawe.

⁷ Ongeveer drie uur later het sy vrou ook binnegekome — onbewus van wat gebeur het. ⁸ Petrus het vir haar gevra: “Sê my, het julle die grond vir sóveel verkoop?” En sy het geantwoord: “Ja, vir soveel.” ⁹ Daarop sê Petrus vir haar: “Waarom het julle ooreengekom om die Gees van die Here te tart? Kyk, die voete van hulle wat jou man begrawe het, is by die

*5:2 *net 'n gedeelte ... neergelê*: Hand 4:34-35,37

*5:3 **Satan**: Die benaming “Satan” is afgelei van 'n Hebreeuse woord wat ‘teenstander’ of ‘aanklaer’ beteken.

*5:3 *Satan ... vervul*: Joh 13:2

*5:5 *en groot ... gehoor het*: Hand 2:43; 5:11; 19:17

*5:9 *om ... tart*: 1 Kor 10:9

deur; hulle gaan jou ook uitdra.”¹⁰ Op daardie oomblik het sy by sy voete inmeekaargesak en gesterf. Toe die jong manne inkom, het hulle haar dood aangetref, uitgedra en by haar man begrawe.¹¹ *En groot vrees het die hele •gemeente en almal wat hiervan gehoor het, oorval.

¹² Deur die hande van die apostels het daar baie tekens en wonders onder die volk plaasgevind.* Hulle was almal eensgesind bymekaar in die Pilaargang van Salomo.*¹³ Van die res van die volk het niemand dit egter gewaag om by die gelowiges aan te sluit nie, alhoewel die volk hoë agting vir hulle gehad het.*¹⁴ *Tog is baie mense wat in die Here glo, algaande by hulle getal gevoeg — 'n menigte mans en vroue.¹⁵ *Die gevolg was dat die mense die siekes op die strate bly uitdra en op bedmatjies en slaapmatte^t neergelê het, sodat wanneer Petrus verbykom, selfs net sy skaduwee op een van hulle kon val.¹⁶ Ook uit die dorpe^u in die omgewing van Jerusalem het skares saamgestroom en hulle siekes en mense wat deur •onrein geeste geteister is, gebring — en hulle is almal genees.

Vervolging van die apostels

¹⁷ *Maar die hoëpriester het opgestaan, en al sy ondersteuners, die party van die •Sadduseërs, het vol naywer¹⁸ *die •apostels gevange laat neem en

*5:11 Hand 2:43; 5:5; 19:17

*5:12 *Deur ... plaasgevind:* Hand 2:43; 6:8; 14:3

*5:12 *in die ... Salomo:* Joh 10:23; Hand 3:11

*5:13 *alhoewel ... gehad het:* Hand 2:47

*5:14 Hand 2:41,47; 4:4; 6:7; 11:21,24; 21:20

*5:15-16 Mark 6:53; Hand 19:11-12

^t5:15 *slaapmatte:* Dit verwys na 'n ligte matras met strooi gevul, slaapmat of draagbaar.

^u5:16 *dorpe:* Die Griekse woord *polis* (stad) kan verwys na 'n ommuurde stad of 'n dorp; dit word onderskei van die platteland of landelike area; •Stad.

*5:17 Hand 4:1,6

*5:18 Hand 4:3

hulle in die openbare tronk laat gooi.¹⁹ *Maar 'n engel van die Here het in die nag die tronkdeure oopgemaak, hulle uitgelei en gesê:²⁰ “Gaan staan in die tempelterrein^v en verkondig aan die volk die volle boodskap van hierdie lewe.”²¹ Hulle het gehoor gegee en teen ongeveer dagbreek die tempelterrein binnegegaan en die mense onderrig. Toe die hoëpriester en sy ondersteuners opdaag, het hulle die Sanhedrin,^w die hele Raad van Familiehoofde van Israel, ontbied en die apostels by die tronk laat haal.*²² Maar toe die dienaars daar aankom, het hulle hulle nie in die tronk gekry nie. Hulle het teruggegaan en berig:²³ “Ons het die tronk sorgvuldig toegesluit gevind met die wagte wat voor die deure staan, maar nadat ons oopgesluit het, het ons niemand daarbinne gevind nie.”²⁴ Toe die bevelvoerder van die tempelwag en die leierpriesters* hierdie woorde hoor, was hulle daarvoor verward, oor wat dit kon beteken.²⁵ Maar iemand het hulle kom inlig: “Kyk, die manne wat julle in die tronk laat gooi het, staan die volk op die tempelterrein en onderrig.”²⁶ Die bevelvoerder en die dienaars het hulle toe gaan haal — sonder geweld, omdat hulle bang was dat hulle deur die volk* gestenig sou word.

²⁷ Hulle bring toe die apostels en laat hulle voor die Sanhedrin staan. Die hoëpriester het hulle begin ondervra:²⁸ “Het ons julle nie ten strengste verbied om in hierdie Naam te leer nie? En kyk, julle het julle

***5:19** Hand 12:7-10

^v**5:20** *tempelterrein*: Dit verwys na die hele terrein van die •tempel in Jerusalem met al die geboue, stoorkamers en voorhowe.

^w**5:21** *Sanhedrin*: Die Joodse Raad, die hoogste hof van die Jode. Dit het bestaan uit 71 lede, afkomstig uit die •Sadduseërs, die vernaamste Joodse families en die skrifkenners. Die dienende hoëpriester was die voorsitter.

***5:21** *en die apostels ... laat haal*: Hand 12:19

***5:24** *die bevelvoerder ... leierpriesters*: Luk 22:4,52; Hand 4:1

***5:26** *omdat ... volk*: Matt 14:5; 21:26,46; Mark 11:32; 12:12; Luk 20:19; 22:2

***5:28** *om in ... leer nie*: Hand 4:18

leer deur die hele Jerusalem versprei; en julle wil die bloed van hierdie man op ons bring.*”²⁹ *Maar •Petrus en die apostels het geantwoord: “Ons moet eerder gehoorsaam wees aan God as aan mense.³⁰ Die God van ons vaders het Jesus opgewek,* wat julle doodgemaak het deur Hom aan 'n kruishout te hang.*³¹ Hom het God as Leidsman en Verlosser* tot aan sy regterhand^x verhoog* om aan Israel bekering en vergewing van sondes te skenk.*³² Ons is die getuies van hierdie gebeure,* en so ook die Heilige Gees* wat God gegee het aan hulle wat aan Hom gehoorsaam is.”³³ *Toe hulle dit hoor, was hulle rasend van woede en wou die apostels doodmaak.³⁴ Maar toe staan iemand in die Sanhedrin op, 'n •Fariseër met die naam Gamaliël, 'n wetgeleerde met hoë aansien by die hele volk,* en gee opdrag dat hulle die mense vir 'n oomblik na buite neem.*³⁵ Daarop sê hy vir hulle: “Israeliete, dink goed na oor wat julle met hierdie mense gaan doen,³⁶ *want 'n ruk gelede het Teudas opgestaan en daarop aanspraak gemaak dat hy iets besonders is en ongeveer vierhonderd manne het by hom aangesluit. Hy is doodgemaak, en almal wat na hom

*5:28 *julle wil ... bring*: Matt 27:25

*5:29 Hand 4:19

*5:30 *Die God ... opgewek*: Hand 2:24,32; 3:15; 4:10; 10:40; 13:30; 17:31

*5:30 *wat julle ... hang*: Deut 21:22; Hand 2:23,36; 3:15; 4:10; 10:39

*5:31 *Leidsman en Verlosser*: Heb 2:10

*5:31 *regterhand*: 'n Posisie aan die •regterhand van 'n persoon is gesien as 'n posisie van voorrang.

*5:31 *tot aan ... verhoog*: Hand 2:33

*5:31 *om aan ... skenk*: Luk 24:47; Hand 2:38

*5:32 *Ons is ... gebeure*: Luk 24:48; Joh 15:27; Hand 1:8; 2:32; 3:15

*5:32 *Ons ... Gees*: Joh 15:26

*5:33 Hand 7:54

*5:34 *Fariseër ... volk*: Hand 22:3

*5:34 *en gee ... neem*: Hand 4:15

*5:36 Hand 21:38

geluister het, is uitmekaargejaag en het in die niet verdwyn.³⁷ *Ná hom het Judas, die Galileër, in die dae van die volkstelling na vore getree en die volk agter hom aan tot opstand aangehits. Ook hy het omgekom, en almal wat na hom geluister het, het uitmekaar gespat.³⁸ Maar nou sê ek vir julle: Los hierdie mense uit en laat hulle gaan, want as hierdie plan of onderneming die werk van mense is, sal dit tot niet gaan;³⁹ *maar as dit van God af kom, sal julle hulle nie kan keer nie — moenie dat dit blyk dat julle teen God veg nie!” Hulle het toe na hom geluister.⁴⁰ En nadat hulle die apostels ontbied het, het hulle hulle laat gesel, hulle beveel om nie in die Naam van Jesus te praat nie,* en hulle vrygelaat.⁴¹ *Daarna het hulle van die Sanhedrin weggegaan, bly dat hulle waardig bevind is om ter wille van sy Naam skandelik behandel te word.⁴² Boonop het hulle nie opgehou om elke dag op die tempelterrein en van huis tot huis* onderrig te gee nie, en ook nie om die evangelie te verkondig dat Jesus die Christus^y is nie.*

6

Verkiesing van sewe medewerkers

¹ Maar in dié dae, toe die aantal dissipels al hoe meer geword het, het 'n gemor onder die Helleniste^z teen die Hebreërs^a ontstaan omdat hulle

*5:37 Luk 13:1-2

*5:39 Wys 12:13-14

*5:40 *hulle beveel ... praat nie*: Hand 4:18

*5:41 Matt 5:10-12; 1 Pet 4:13

*5:42 *elke dag ... tot huis*: Hand 2:46

^y5:42 **Christus**: Die Griekse vorm vir die Hebreëuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

*5:42 *onderrig ... Christus is nie*: Hand 17:3; 18:5,28

^z6:1 **Helleniste**: 'n Jood wat aspekte van die Griekse kultuur aangeneem en Grieks gepraat het.

^a6:1 **Hebreërs**: 'n Arameessprekende Jood.

weduwees in die daaglikse versorging* oor die hoof gesien word. ² Die twaalf het daarop die hele groep dissipels bymekaargeroep en gesê: “Dit is nie goed dat ons die woord van God verwaarloos om by die tafels diens te verrig nie. ³ Broers, soek dan sewe mans onder julle van goeie getuienis* en vol van die Gees en van wysheid,* wat ons vir hierdie taak kan aanstel. ⁴ En ons sal ons dan toelê op gebed en die bediening van die woord.” ⁵ Die voorstel het by die hele groep byval gevind en hulle het vir Stefanus, vol van geloof en die Heilige Gees,* en ook Filippus, Progorus, Nikanor, Timon, Parmenas en Nikolaus, 'n proseliet^b uit Antiogië, gekies. ⁶ Hulle het hierdie manne aan die •apostels voorgestel, en die apostels het vir hulle gebid en hulle die hande opgelê.*

⁷ En die woord van God het versprei* en die aantal dissipels in Jerusalem het aansienlik vermeerder,* en 'n groot menigte priesters het aan die geloof gehoorsaam geword.

Gevangeneming van Stefanus

⁸ En Stefanus, vol genade en krag, het groot wonders en tekens onder die volk verrig.* ⁹ Sommige van die Sinagoge van die Libertyne,^c soos dit bekend gestaan het, Sireneërs en Aleksandryne, asook sommige mense

* **6:1 daaglikse versorging:** Hand 2:45; 4:35

* **6:3 van goeie getuienis:** Hand 10:22; 16:2; 22:12; 1 Tim 3:7; 3 Joh vs 12

* **6:3 vol ... wysheid:** Hand 6:10

* **6:5 vol ... Gees:** Hand 11:24

^b**6:5 proseliet:** Anders as 'n •godvresende was 'n proseliet 'n nie-Jood wat ten volle tot die Jodedom oorgegaan het.

* **6:6 gebid ... opgelê:** Hand 1:24; 13:3; 14:23

* **6:7 En die ... versprei:** Hand 12:24; 19:20

* **6:7 en die aantal ... vermeerder:** Hand 2:41,47; 4:4; 5:14; 11:21,24; 16:5; 21:20

* **6:8 het groot ... verrig:** Hand 2:43; 5:12; 14:3; 15:12

* **6:9 Sinagoge ... Libertyne:** Die sinagoge wat uit vrygelate slawe bestaan het.

uit Silisië en Asië,^d het na vore getree en met Stefanus geredeneer,
¹⁰ * maar hulle was nie opgewasse teen die wysheid en die Gees waarmee
 hy gesprek het nie. * ¹¹ * Toe het hulle mans aangehits om te verklaar:
 “Ons het hom lasterlike dinge oor Moses en God hoor sê.” ¹² Hierdeur het
 hulle die volk, die familiehoofde en die skrifkenners opgesweep. Toe het
 hulle na hom gegaan, hom gegryp en voor die Sanhedrin^e gebring.
¹³ Hulle het ook vals getuies na vore laat kom wat verklaar het: “Hierdie
 man hou nie op om teen hierdie heilige plek en die wet^f te praat nie.*
¹⁴ * Ons het hom hoor sê, ‘Hierdie Jesus van Nasaret, sal hierdie plek
 afbreek en die gebruike verander wat Moses aan ons oorgelewer het.’ ”
¹⁵ Almal wat in die Sanhedrin gesit het, het stip na Stefanus gekyk en
 gesien dat sy gesig soos dié van 'n engel lyk.

7

Stefanus se toespraak

¹ Die hoëpriester het toe gevra: “Is dit regtig so?” ² En Stefanus het
 geantwoord: “Broers en vaders, luister!* Die God van heerlijkheid* het

^d**6:9 Asië:** 'n Romeinse provinsie. Die westelike deel van Klein-Asië, die huidige
 Wes-Turkye, saam met verskeie eilande en kusstede van die Egeïese See, met Efese
 as hoofstad.

* **6:10** Luk 21:15

* **6:10** *wysheid ... het nie:* Hand 6:3

* **6:11** Matt 26:59-61; Mark 14:55-58

^e**6:12 Sanhedrin:** Die Joodse Raad, die hoogste hof van die Jode. Dit het bestaan
 uit 71 lede, afkomstig uit die •Sadduseërs, die vernaamste Joodse families en die
 skrifkenners. Die dienende hoëpriester was die voorsitter.

^f**6:13 wet:** •Wet van Moses.

* **6:13** *Hierdie ... praat nie:* Jer 26:11

* **6:14** Hand 21:21

* **7:2** *Broers ... luister:* Hand 22:1

* **7:2** *Die ... heerlijkheid:* Ps 29:3

verskyn aan ons vader Abraham toe hy in Mesopotamië was, nog voordat hy hom in Haran gevestig het,^{* 3*} en vir hom gesê, ‘Verlaat jou land en jou familie, en gaan na die land wat Ek jou sal wys.’^{4*} Toe het hy die land van die Galdeërs verlaat en hom in Haran gaan vestig, en vandaar het Hy hom, ná sy pa se dood, na hierdie land laat verhuis waarin julle nou woon.⁵ Hy het nie vir hom 'n erfdeel daarin gegee nie, nie eers 'n voetbreedte nie,^{*} maar Hy het beloof ‘om dit as besitting te gee aan hom en sy nageslag ná hom’,^{*} al het hy toe nog nie 'n kind gehad nie.^{* 6} God het dit so gestel, ‘Sy nageslag sal bywoners⁸ wees in 'n land wat aan ander behoort en die inwoners sal hulle slawe maak en vir vierhonderd jaar laat swaarkry.⁷ Maar Ek sal die nasie straf wat hulle as slawe aanhou,’ het God gesê, ‘en daarna sal hulle vertrek en My in hierdie plek dien’.^{** 8} En Hy het met hom die verbond van besnydenis gesluit,^{*} en so het hy Isak verwek en hom op die agtste dag besny;^{*} en so ook Isak vir Jakob, en Jakob die twaalf stamvaders.

⁹ “En omdat die stamvaders op Josef afgunstig was,^{*} het hulle hom verkoop om na Egipte geneem te word.^{*} Maar God was met hom^{* 10} en het

^{*7:2} Die God ... gevestig het: Gen 11:31 — 12:1

^{*7:3} Gen 12:1

^{*7:4} Gen 12:5; 15:7

^{*7:5} Hy het nie ... voetbreedte nie: Deut 2:5

^{*7:5} Hy het beloof ... ná hom: Gen 12:7; 13:15; 15:2,18; 17:8; 24:7; 48:4

^{*7:5} al het ... gehad nie: Gen 16:7

⁸**7:6 bywoners:** Persone wat as vreemdelinge in 'n land gevestig is, of as ondergeskiktes by iemand inwoon.

^{*7:7} sal hulle vertrek ... dien: Eks 3:12

^{*7:6-7} Sy nageslag ... dien: Gen 15:13-14

^{*7:8} Hy het ... gesluit: Gen 17:10-14

^{*7:8} so het hy ... besny: Gen 21:4

^{*7:9} die stamvaders ... was: Gen 37:11

^{*7:9} het hulle ... word: Gen 37:28; 45:4

^{*7:9} Maar ... met hom: Gen 39:2-3,21,23

hom uit al sy beproewings gered en aan hom guns en wysheid in die oë van Farao, die koning van Egipte, geskenk,* en hy het hom as bestuurder oor Egipte en oor sy hele huishouding aangestel.*¹¹ Toe het hongersnood en groot ellende oor die hele Egipte en Kanaän gekom,* en ons vaders kon geen kos kry nie.¹² Maar toe Jakob hoor dat daar graan in Egipte is, het hy ons vaders die eerste keer daarheen gestuur.¹³ Met die tweede besoek het Josef hom aan sy broers bekend gemaak* en sy herkoms het ook aan die farao bekend geraak.*¹⁴ Josef het toe mense gestuur en sy vader Jakob laat haal, en ook die hele familie van vyf-en-sewentig mense.*¹⁵ Jakob het na Egipte afgegaan* en daar gesterf, hy en ons vaders,*¹⁶ en hulle is na Sigem gebring en neergelê in die graf wat Abraham met 'n bedrag silwer by die seuns van Hemor in Sigem gekoop het.

¹⁷ “Maar namate die tyd van die belofte nadergekom het wat God aan Abraham gemaak het, het die volk in Egipte in getal toegeneem en vermeerder,¹⁸ totdat daar 'n ander koning oor Egipte aan bewind gekom het wat nie van Josef geweet het nie.*¹⁹ Hy het ons volk uitgebuit* en ons vaders wreed gedwing om hulle babas buite neer te sit sodat hulle nie

*7:10 *aan hom guns ... geskenk:* Gen 41:37-39

*7:10 *het hom as ... aangestel:* Gen 41:40-44; Ps 105:21

*7:11 *Toe het ... gekom:* Gen 41:54; 42:5

*7:12 Gen 42:1-2

*7:13 *Met ... gemaak:* Gen 45:3-4

*7:13 *sy herkoms ... geraak:* Gen 45:16

*7:14 Gen 45:9-11,18-19

*7:14 *die hele ... mense:* Gen 46:27 •Septuagint; Eks 1:5 •Septuagint; Deut 10:22

*7:15 *Jakob ... afgegaan:* Gen 46:5-6

*7:15 *daar ... vaders:* Gen 49:33; Eks 1:6

*7:16 Gen 23:2-20; 33:19; 49:29-30; 50:7-13; Jos 24:32

*7:17-18 *het die volk ... geweet het nie:* Eks 1:7-8

*7:19 *Hy het ... uitgebuit:* Eks 1:10-11

sou oorleef nie.* ²⁰ *In dié tyd is Moses gebore, en hy was uitsonderlik mooi in God se oë. Hy is drie maande lank in sy pa se huis versorg.

²¹ *Toe hy daarna buite neergesit is, het die farao se dogter hom aangeneem en hom as haar eie seun laat versorg. ²² Moses is ook in al die wysheid van die Egiptenare opgelei en was vaardig in woord en daad.

²³ **“Maar toe hy veertig jaar oud was, het die begeerte in sy hart opgekom om sy broers, die Israëliete, op te soek. ²⁴ En toe hy sien hoe iemand aangerand word, het hy hom te hulp gesnel en oor die man wat mishandel is, wraak geneem deur die Egiptenaar dood te slaan. ²⁵ Hy het gedink sy broers sou begryp dat God vir hulle deur sy hand redding sou bring, maar hulle het dit nie begryp nie. ²⁶ *Die volgende dag het hy op twee afgekom juis terwyl hulle baklei en hy het vrede tussen hulle probeer maak deur te sê, ‘Manne, julle is broers. Waarom doen julle mekaar kwaad aan?’ ²⁷ Maar die een wat sy volksgenoot kwaad aangedoen het, het hom weggestamp en gesê, ‘Wie het jou as leier en regter oor ons aangestel?’ ²⁸ Wil jy my ook doodmaak soos jy gister die Egiptenaar doodgemaak het?’ ²⁹ Toe Moses hierdie woorde hoor, het hy gevlug en 'n bywoner in die land Midian geword,* waar hy twee seuns verwek het.**

³⁰ **“Ná veertig jaar het 'n Engel^h aan hom in die woestynⁱ van die*

*7:19 *hulle babas ... oorleef nie:* Eks 1:22

*7:20 Eks 2:2; Heb 11:23

*7:21 Eks 2:3-10

*7:23-24 Eks 2:11-12

*7:26-28 Eks 2:13-14

*7:27 *Wie ... aangestel:* Luk 12:14

*7:29 *Moses ... geword:* Eks 2:15

*7:29 *'n bywoner ... verwek het:* Eks 2:21-22; 18:3-4

^h7:30 *Engel:* Die Engel van die Here, vgl Eks 3:2.

ⁱ7:30 *woestyn:* 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, waar kleinvee kon wei.

Sinai-gebergte verskyn, in die vlam van 'n brandende doringbos.³¹ Toe Moses dit sien, het hy hom oor die visioen verwonder;* en toe hy nadergaan om dit te bekyk, het die stem van die Here gesê,³² ‘Ek is die God van jou vaders, die God van Abraham en Isak en Jakob.’* En Moses het begin bewe en nie gewaag om daarna te kyk nie.³³ Toe sê die Here vir hom, ‘Trek jou sandale van jou voete af, want die plek waarop jy staan, is heilige grond.’³⁴ Ek het duidelik die mishandeling van my volk in Egipte gesien en hulle jammerklag gehoor; daarom het ek neergedaal om hulle te red. En nou, kom nader, Ek wil jou na Egipte stuur.’*

³⁵ Hierdie Moses wat hulle verwerp het toe hulle gesê het, ‘Wie het jou as leier en regter aangestel?’* — vir hom het God as leier en bevryder gestuur deur die hand van die engel wat aan hom in die doringbos verskyn het.*³⁶ Dit was hy wat hulle uitgelei het en wonders en tekens in Egipte* en by die Rooiseeⁱ* en in die woestyn gedoen het — veertig jaar lank.*³⁷ Dit is dié Moses wat aan die Israeliete gesê het, ‘God sal vir julle 'n profeet net soos ek uit julle broers verwek.’*³⁸ Dit is hy wat in die

*7:30-31 *het 'n engel ... verwonder:* Eks 3:2-3

*7:32 *Ek ... Jakob:* Eks 3:6; 4:5; 6:2; 1 Kon 18:36; Matt 22:32

*7:31-34 *en toe hy nader gaan ... na Egipte stuur:* Eks 3:4-10

*7:35 *Wie ... aangestel:* Eks 2:14

*7:35 *engel ... verskyn het:* Eks 3:2

*7:36 *wonders ... Egipte:* Eks 7:3

^j7:36 **Rooisee:** In Eks 10:19; 13:18 en elders word die Hebreuse pleknaam met “Rietsee” vertaal. Die •Septuagint, wat deur die NT gebruik is (vgl Heb 11:29), vertaal dit met “Rooisee”. In antieke tye kon die “Rooisee” waarskynlik na sowel die Golf van Suez (Rooisee) as die Golf van Akaba verwys het.

*7:36 *wonders ... Rooisee:* Eks 14:21

*7:36 *in die woestyn ... lank:* Num 14:33

*7:37 *God ... verwek:* Deut 18:15; Hand 3:22

volksvergadering^k in die woestyn saam met die Engel, wat met hom op die berg Sinai gepraat het,* en saam met ons vaders was; hý het lewende woorde ontvang om aan ons te gee.*³⁹ Dit is aan hom wat ons vaders nie gehoorsaam wou wees nie: Hulle het hom verwerp en in hulle harte na Egipte teruggedraai*⁴⁰ toe hulle vir Aäron gesê het, ‘Maak vir ons gode wat voor ons uit kan trek, want hierdie Moses wat ons uit die land Egipte uitgelei het — ons weet nie wat van hom geword het nie.’*⁴¹ *Toe het hulle in daardie dae 'n beeld van 'n kalf gemaak en aan dié afgodsbeeld 'n offer gebring en hulle oor hulle handewerk verheug.⁴² Maar God het Hom van hulle weggekeer en hulle daaraan uitgelewer om die leërskare hemelliggame te aanbid,* soos daar geskryf staan in die profete,

“Het julle ooit vir My diere- en ander offers gebring gedurende die veertig jaar in die woestyn, o Huis van Israel?⁴³ Nee, julle het die tent van Molek saamgedra en die ster van julle god Refan, beelde wat julle gemaak het om te aanbid. Daarom sal Ek julle tot anderkant Babilon laat wegvoer.’*⁴⁴

⁴⁴ “Die tent met die Getuienis^l het by ons voorvaders in die woestyn

^k**7:38 volksvergadering:** Dit was 'n byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

^{*}**7:38 saam met ... gepraat het:** Hand 7:53

^{*}**7:38 hý het ... te gee:** Eks 19:1-6; 20:1-17; Deut 5:4-22; 9:10

^{*}**7:39 in hulle ... teruggedraai:** Num 14:3

^{*}**7:40 Maak ... het nie:** Eks 32:1,23

^{*}**7:41** Eks 32:4-6

^{*}**7:42 om die ... aanbid:** Jer 7:18 •Septuagint; 8:2; 19:13

^{*}**7:42-43 Het julle ... wegvoer:** Am 5:25-27

^l**7:44 tent ... Getuienis:** 'n Ander benaming vir die •tabernakel. Die “Getuienis” is hoe die kliptafels met die Tien Gebooie wat in die verbondsark bewaar is, genoem word; vgl Eks 25:9,16,20,40; Num 1:50.

gestaan, presies soos Hy wat met Moses gepraat het, hom beveel het om dit volgens die model te maak wat hy gesien het.⁴⁵ En op hulle beurt het ons vaders dit ontvang en saam met Josua het hulle dit in die land ingebring* wat hulle verower het van die nasies wat God tot in die tyd van Dawid voor ons vaders uitgedryf het.*⁴⁶ Dawid het guns by God gevind en gevra dat hy 'n tabernakel vir die huis van Jakob^m kon oprig.*⁴⁷ Maar dit was Salomo wat 'n huis vir Hom gebou het.⁴⁸ Die Allerhoogste woon egter nie in tempels wat met hande gemaak is nie, soos die profeet sê,

⁴⁹ “*Die hemel is my troon
en die aarde die voetbank vir my voete.
Watter soort huis sal julle vir My bou, sê die Here,
of waar is my rusplek?
⁵⁰ Het my hand nie al hierdie dinge gemaak nie?’

⁵¹ “Julle hardnekkiges* met onbesnede harte en ore,* julle weerstaan altyd die Heilige Gees;* soos julle vaders gemaak het, so maak julle ook.
⁵² Wie van die profete is nie deur julle vaders vervolg nie?* Ja, hulle het

*7:45 En op ... ingebring: Jos 3:14-17; 18:1

*7:45 wat hulle ... uitgedryf het: Jos 23:9; 24:18

^m7:46 huis van Jakob: Sommige mss lui “God van Jakob”.

*7:45-46 tyd van Dawid ... Jakob kon oprig: 2 Sam 7:2-16; 1 Kon 8:17-18; 1 Kron 17:1-14; 2 Kron 6:7-8; Ps 132:1-5

*7:47 1 Kon 6:1,14; 8:19-20; 2 Kron 3:1; 5:1; 6:2,10

*7:49-50 Jes 66:1-2

*7:51 hardnekkiges: Eks 32:9; 33:3,5

*7:51 met ... ore: Lev 26:41; Jer 9:26; 6:10

*7:51 julle weerstaan ... Gees: Jes 63:10

*7:52 Wie ... vervolg nie: 2 Kron 36:16

diegene doodgemaak wat die koms van die Regverdigeⁿ vooraf aangekondig het.* Julle het nou sy verraiers en moordenaars geword.⁵³ Julle het die wet deur die beskikking van engele ontvang* en tog nie onderhou nie!”

Steniging van Stefanus

⁵⁴ Toe hulle dit hoor, was hulle woedend in hulle harte* en het hulle op hulle tande gekners oor hom.* ⁵⁵ Maar Stefanus, vol van die Heilige Gees,* het stip na die hemel gekyk en die heerlijkheid van God gesien en Jesus wat aan die regterhand^o van God staan.* ⁵⁶ En hy het gesê: “Kyk, ek sien die hemele^p geopen* en die •Seun van die Mens aan die regterhand van God staan.” ⁵⁷ Maar hulle het luidkeels geskreeu, hulle ore toegedruk en soos een man op hom afgestorm. ⁵⁸ Nadat hulle hom uit die stad uitgesleep het, wou hulle hom stenig. Die getuies het hulle boklere neergesit by die voete van 'n jong man bekend as Saulus.* ⁵⁹ En hulle het

ⁿ7:52 **Regverdige:** Dit is iemand wie se saak reg is voor God, hier verwys dit na Jesus Christus.

*7:52 *hulle het ... aangekondig het:* Matt 23:31

*7:53 *Julle ... ontvang:* Hand 7:38; Gal 3:19; Heb 2:2

*7:54 *woedend ... harte:* Hand 5:33

*7:54 *het hulle ... hom:* Job 16:9; Ps 35:16; 37:12; 112:10

*7:55 *Maar ... Gees:* Hand 4:8; 6:3,5; 9:17; 11:24; 13:9

^o7:55 **regterhand:** 'n Posisie aan die •regterhand van 'n persoon is gesien as 'n posisie van voorrang.

*7:55 *Jesus ... staan:* Matt 22:44; 26:64; Mark 12:36; 14:62; 16:19; Luk 20:42; 22:69; Hand 2:34; Rom 8:34; Ef 1:20; Kol 3:1; Heb 1:3,13; 8:1; 10:12; 12:2; 1 Pet 3:22

^p7:56 **hemele:** Volgens die destydse wêreldbeeld was daar verskillende hemele, waaronder die wolkehemel, die sterreheemel en die derde hemel waar God woon.

*7:56 *hemele geopen:* Matt 3:16; Luk 3:21; Joh 1:51; Hand 10:11; Op 19:11

*7:58 *Die getuies ... Saulus:* Hand 22:20

Stefanus gestenig, terwyl hy uitroep: “Here Jesus, ontvang my gees!”*

⁶⁰ Hy het op sy knieë geval en met 'n harde stem uitgeroep:* “Here, reken hulle hierdie sonde nie toe nie!” En met dié woorde het hy ontslaap.^q

8

¹ Saulus het die moord op Stefanus goedgekeur.*

Hewige vervolging

Op daardie dag het 'n hewige vervolging teen die •gemeente in Jerusalem ontstaan, en almal behalwe die •apostels is deur die streke van Judea en Samaria verstrooi.* ² Vroom manne het Stefanus begrawe* en hewig oor hom gerou. ³* Maar Saulus het die gemeente probeer uitroei deur huis ná huis binne te dring, mans sowel as vroue na buite te sleep en hulle in die tronk te laat gooi.

Filippus in Samaria

⁴* Dié wat verstrooi is, het rondgetrek en die evangeliewoord verkondig. ⁵ En Filippus het na 'n stad in Samaria gegaan en die Christus^r aan hulle verkondig. ⁶ Toe die skare Filippus se woorde hoor en die tekens sien wat hy doen, het hulle onverdeelde aandag gegee aan wat hy sê. ⁷ Want die •onrein geeste in baie mense het met 'n groot geskreeu uit hulle

*7:59 *Here ... gees*: Ps 31:6; Luk 23:46

*7:60 *met ... uitgeroep*: Matt 27:46,50; Mark 15:34; Luk 23:46

^q7:60 *ontslaap*: Tegnieuse term vir Christene wat sterf; vgl 1 Thess 4:13.

*8:1 *Saulus ... goedgekeur*: Hand 7:58; 22:20

*8:1 *Op daardie ... verstrooi*: Hand 8:4; 11:19

*8:2 *Vroom ... begrawe*: Matt 14:12; Mark 6:29

*8:3 Hand 9:1,13; 22:4; 26:9-11

*8:4 Hand 8:1; 11:19

^r8:5 *Christus*: Die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

uitgegaan,* en talle verlamdes en kreupeles is genees. ⁸ En daar het groot vreugde in daardie stad geheers.

⁹ Voorheen was daar in die stad 'n man met die naam Simon wat towery bedryf en die bevolking van Samaria verstom het en beweer het dat hy iets besonders is. ¹⁰ En almal, klein en groot, het hom aangehang en gesê: “Hy is die krag van God, bekend as die Groot Krag.” ¹¹ Hulle het hom aangehang, omdat hy hulle al vir 'n geruime tyd met sy magiese kunste verbyster het. ¹² Maar toe hulle Filippus se verkondiging van die evangelie van die •koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus glo, is mans sowel as vroue gedoop. ¹³ Simon self het ook tot geloof gekom, en nadat hy gedoop is, het hy heeltyd by Filippus gebly en was verbaas om die tekens en kragtige dade te sien gebeur.

¹⁴ Toe die •apostels in Jerusalem hoor dat Samaria die woord van God aangeneem het, het hulle •Petrus en Johannes daarheen gestuur. ¹⁵ Hulle het gegaan en vir hulle gebid dat hulle die Heilige Gees mag ontvang, ¹⁶ want Hy het toe nog op niemand van hulle neergedaal nie; hulle was net gedoop in die Naam van die Here Jesus. ¹⁷ *Hierna het die apostels hulle die hande opgelê en hulle het die Heilige Gees ontvang. ¹⁸ Toe Simon sien dat die Gees deur die handoplegging van die apostels geskenk word, het hy hulle geld aangebied ¹⁹ met die woorde: “Gee vir my ook hierdie mag, sodat elkeen vir wie ek die hande oplê, die Heilige Gees ontvang.” ²⁰ Maar Petrus het vir hom gesê: “Mag jou geld saam met jou in die verderf beland, omdat jy gedink het om die gawe van God deur geld te verkry. ²¹ Jy het geen aandeel of aanspraak in hierdie saak nie, want jou hart is nie opreg voor God nie.* ²² Bekeer jou van hierdie boosheid van jou, en bid die Here dat die bedoeling van jou hart vergewe mag

* **8:7** *onrein ... uitgegaan:* Matt 10:1; Mark 6:7; 16:17

* **8:17** Hand 19:6

* **8:21** *want ... God nie:* Ps 78:37

word, ²³ want ek sien jy is galbitter* en in ongeregtigheid verstrik.*”

²⁴ Maar Simon het geantwoord en gesê: “Bid julle tot die Here* vir my dat niks van wat julle gesê het, my oorkom nie.”

²⁵ Nadat hulle kragtig getuig en die woord van die Here verkondig het, het hulle na Jerusalem teruggekeer en die evangelie in talle Samaritaanse dorpe verkondig.

Filippus en die hofdienaar van Ethiopië

²⁶ 'n Engel van die Here het vir Filippus gesê: “Maak gereed en gaan na die suide,^s met die pad wat van Jerusalem afwaarts loop na Gasa. Dit is 'n verlate pad.” ²⁷ Hy het toe gereedgemaak en vertrek. En kyk, daar was 'n man van Ethiopië,^t 'n eunug,^u 'n hoë amptenaar van die kandake,^v die koningin van die Ethiopiërs, wat in beheer van haar hele skatkis was en na Jerusalem gegaan het om te aanbid. ²⁸ Hy was op pad terug en het op sy wa die profeet Jesaja gesit en lees. ²⁹ Toe sê die Gees vir Filippus: “Gaan nader en bly by daardie wa.” ³⁰ Filippus het nader gehardloop, hom die profeet Jesaja hoor lees, en gevra: “Verstaan u wat u lees?” ³¹ Hy het geantwoord: “Hoe sou ek kon, as niemand dit vir my verduidelik nie?”* en Filippus genooi om op die wa te klim en by hom te kom sit. ³² Die Skrifgedeelte wat hy besig was om te lees, was:

* **8:23 galbitter:** Deut 29:17; Klaagl 3:15 •Septuagint

* **8:23 in ... verstrik:** Jes 58:6

* **8:24 Bid ... Here:** Eks 8:4,24 •Septuagint; 9:28 •Septuagint

^s**8:26 na die suide:** Of “teen die middaguur”.

^t**8:27 Ethiopië:** Dit verwys nie na die huidige Ethiopië nie, maar na die gebied wat in die Ou Testament as "Kus" bekendstaan. Dit is die naam van Nubië, 'n gebied suidoos van Egipte (Gen 2:13).

^u**8:27 eunug:** 'n Eunug is 'n ontmande haremopsigter of hofamptenaar wat veral in 'n paleis werksaam was.

^v**8:27 kandake:** Die ampstitel vir die koningin van die Ethiopiërs.

* **8:31 Hoe ... verduidelik nie:** Joh 16:13

“Soos 'n skaap is Hy ter slagting gelei,
en soos 'n lam wat stom is voor die een wat hom skeer,
maak Hy sy mond nie oop nie.

³³ In sy vernedering is regspraak Hom ontnem,
en wie sal sy nageslag kan opnoem?

Want sy lewe word van die aarde weggeneem.”^w

³⁴ Die eunug antwoord toe vir Filippus: “Ek vra jou, van wie sê die profeet dit — van homself of van iemand anders?” ³⁵ Filippus het begin praat^x en vanuit hierdie Skrifgedeelte die evangelie van Jesus aan hom verkondig. ³⁶ Langs die pad kom hulle by 'n plek waar daar water is. Die eunug sê toe: “Kyk, water! Wat verhoed dat ek gedoop word?”^{y*} ³⁸ Hy het opdrag gegee dat die wa moet stilhou; en hulle het albei afgeklim tot in die water, Filippus sowel as die eunug, en hy het hom gedoop. ³⁹ Toe hulle uit die water opklim, het die Gees van die Here Filippus weggeneem; en die eunug het hom nie meer gesien nie,^{*} maar hy het sy reis met blydschap voortgesit. ⁴⁰ *Filippus, egter, is in Asdod gevind. En soos wat hy rondgereis het, het hy die evangelie in al die stede verkondig, totdat hy in Caesarea aangekom het.

^w**8:32-33 Soos 'n skaap ... weggeneem:** Aanhaling uit Jes 53:7-8 •Septuagint as heenwysing na Jesus Christus.

^x**8:35 begin praat:** Letterlik ‘sy mond oopgemaak’, 'n uitdrukking om die begin van 'n belangrike uitspraak aan te dui.

^y**8:36 gedoop word:** Ander mss en vroeë vertalings lui ook nog hierna ³⁷ “Toe sê hy vir hom, ‘As jy glo met jou hele hart, is dit geoorloof.’ En hy antwoord en sê, ‘Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is.’ ” Dit ontbreek egter in die •bronteks.

^{*}**8:36 Kyk ... word:** Hand 10:47

^{*}**8:39 die Gees ... gesien nie:** 1 Kon 18:12

^{*}**8:40** Hand 21:8

9

Saulus se bekering

(Hand 22:6-16; 26:12-18)

¹ Saulus, wat nog steeds dreigemente en moord teen die dissipels van die Here* aangeblaas het, het na die hoëpriester gegaan ² en van hom briewe gevra aan die •sinagoges in Damaskus, sodat indien hy enige mense opspoor wat aanhangers van die Weg^z is, mans sowel as vroue, hy hulle geboeid na Jerusalem kon bring.*

³ Terwyl hy onderweg was, en naby Damaskus kom, het 'n lig uit die hemel hom skielik omstraal, ⁴ en hy het op die grond neergeval en 'n stem vir hom hoor sê: “Saul, Saul, waarom vervolg jy My?” ⁵ *Hy het gevra: “Wie is U, Here?” En Hy antwoord: “Ek is Jesus, wat jy vervolg.” ⁶ *Maar staan op en gaan na die stad, en daar sal vir jou gesê word wat jy moet doen.” ⁷ *Die manne wat saam met hom gereis het, het sprakeloos gestaan, omdat hulle wel die stem gehoor het, maar niemand gesien het nie. ⁸ Saulus het van die grond af opgestaan en alhoewel sy oë oop was, kon hy niks sien nie. Hulle het hom aan die hand gelei* en Damaskus binnebring. ⁹ Drie dae lank

*9:1 Saulus ... Here: Hand 8:3; 9:13

^z9:2 **die Weg:** Die uitdrukking is aan Jes 35:8 ontleen, maar dui in *Handelinge* op die Christene se leer en lewe; vgl Joh 14:6; Hand 18:25.

*9:1-2 *het na die ... bring:* Hand 9:14

*9:5 1 Kor 15:8

^a9:5 **jy vervolg:** Ander mss en vroeë vertalings lui ook nog hierna ⁶ “ ‘Dit is vir jou swaar om teen die prikkels te skop.’ Bewend van vrees het hy gevra, ‘Here, wat wil U hê moet ek doen?’ En die Here antwoord hom ...” Daar word aanvaar dat dit nie deel van die •bronteks is nie; vgl Hand 26:14 waar “Dit is vir jou swaar om teen die prikkels te skop.” wel in die bronteks voorkom.

*9:6 Eseg 3:22; Hand 22:10

*9:7 Wys 18:1

*9:8 *alhoewel ... gelei:* Hand 13:11

kon hy nie sien nie, en het hy nie geëet of gedrink nie.

¹⁰ Daar was 'n dissipel in Damaskus, met die naam Ananias. In 'n visioen het die Here vir hom gesê: “Ananias!” En hy het geantwoord: “Hier is ek, Here.” ¹¹ Toe sê die Here vir hom: “Maak gereed en gaan na die straat bekend as Reguitstraat en vra in die huis van Judas na iemand uit Tarsus met die naam Saulus.* Want kyk, hy is besig om te bid ¹² en het in 'n visioen gesien dat 'n man met die naam Ananias binnekom en hom die hande oplê om hom weer te laat sien.*” ¹³ Ananias het geantwoord: “Here, ek het by baie mense van hierdie man gehoor, van al die kwaad wat hy u •heiliges in Jerusalem aangedoen het.* ¹⁴ *En hier het hy volmag van die leierpriesters om almal wat u Naam aanroep,* in boeie te slaan.” ¹⁵ Maar die Here sê vir hom: “Gaan, want Ek het hom uitgekies as instrument om my Naam uit te dra na nasies en na konings* en na Israel. ¹⁶ Ek sal boonop aan hom toon hoeveel hy ter wille van my Naam moet ly.*” ¹⁷ Ananias het toe vertrek, en die huis binnegegaan en hom die hande opgelê met die woorde: “Saul, broer, die Here het my gestuur — Jesus wat aan jou verskyn het op die pad waarmee jy gekom het — sodat jy weer kan sien en met die Heilige Gees vervul kan word.” ¹⁸ En dadelik het daar iets soos skille^b van sy oë afgeval. Hy kon weer sien en het opgestaan en is gedoop. ¹⁹ Nadat hy geëet het, het hy sy krag herwin.

***9:11** iemand ... Saulus: Hand 21:39

***9:12** en hom ... sien: Mark 8:23-25

***9:13** van al ... aangedoen het: Hand 8:3; 9:1

***9:14** Hand 9:1-2,21; 26:10

***9:14** almal ... aanroep: Hand 9:21; 22:16; 1 Kor 1:2; 2 Tim 2:22

***9:15** om my ... konings: Rom 1:5; Hand 26:1; 27:24

***9:16** hoeveel ... ly: 2 Kor 11:23-28

^b**9:18 skille:** Die Griekse woord word in mediese literatuur vir 'n korsagtige skil op die vel gebruik.

Saulus se prediking en vervolging

Hy was 'n paar dae lank saam met die dissipels in Damaskus,²⁰ en het Jesus dadelik in die sinagoges verkondig deur te sê dat Hy die •Seun van God is.²¹ Almal wat hom gehoor het, was verstom en het gevra: “Is hy nie die man wat in Jerusalem die mense wat hierdie Naam aanroep, probeer uitroei het* en hierheen gekom het om hulle geboeid na die leierpriesters te neem nie?”²² Saulus het egter al hoe meer krag ontvang en die Jode wat in Damaskus woon, verwar deur te bewys dat Jesus^c die Christus^d is.*²³ Maar nadat 'n hele paar dae verloop het, het die Jode saamgespan om hom dood te maak.*²⁴ Saulus het egter van hulle komplot te hore gekom.* Hulle het die stadspoorte dag en nag dopgehou, sodat hulle hom kon doodmaak,²⁵ maar sy dissipels het hom in die nag gaan haal en hom deur 'n opening in die muur^e in 'n mandjie laat afsak.

Saulus in Jerusalem

²⁶ Toe Saulus in Jerusalem aankom, het hy probeer om by die dissipels aan te sluit, maar almal was bang vir hom, omdat hulle nie geglo het dat hy 'n dissipel is nie.²⁷ Barnabas het hom egter gaan haal en na die •apostels geneem* en vir hulle vertel hoe hy op die pad die Here gesien het,* dat Hy

***9:21** *Is ... uitroei het:* Hand 8:1; 9:1,14; 26:10

***9:22** *Jesus:* Letterlik ‘hierdie Een’.

^d**9:22** *Christus:* Die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

***9:22** *deur ... is:* Hand 17:3; 18:5,28

***9:23** *het die ... maak:* Hand 23:12

***9:24** *Saulus ... gekom:* Hand 23:16

^e**9:25** *deur ... muur:* Letterlik ‘deur die muur’. Volgens 2 Kor 11:33 was daar 'n venster in die muur.

***9:26-27** *Toe Saulus ... apostels geneem:* Gal 1:18

***9:27** *op die pad ... gesien het:* 1 Kor 9:1; 15:8

met hom gepraat het* en hoe hy in Damaskus met vrymoedigheid in die Naam van Jesus gepreek het.*²⁸ Saam met hulle het hy in Jerusalem gekom en gegaan en met vrymoedigheid in die Naam van die Here gepreek.²⁹ Hy het ook met die Helleniste^f gepraat en geredeneer, maar hulle het hom probeer doodmaak.³⁰ Maar toe die broers dit agterkom, het hulle hom na Caesarea geneem en na Tarsus weggestuur.*

³¹ Die •kerk dwarsdeur die hele Judea, Galilea en Samaria het vrede beleef en is opgebou. Hulle het met ontsag voor die Here geleef en met die bemoediging van die Heilige Gees het hulle getalle toegeneem.

Genesing van Eneas

³² •Petrus het oral rondgereis en ook by die •heiliges wat in Lidda woon, aangekom.³³ Daar het hy 'n man teengekom met die naam Eneas wat al agt jaar bedlêend en verlam was.³⁴ Petrus het vir hom gesê: “Eneas, Jesus Christus^g maak jou gesond. Staan op en maak jou bed op!” En hy het dadelik opgestaan.³⁵ Al die inwoners van Lidda en Saron het hom gesien en hulle na die Here gewend.

Opwekking van Tabita

³⁶ In Joppe was daar 'n sekere vrouedissipel met die naam Tabita, wat as Dorkas^h vertaal is. Sy het baie goeie dae verrig en liefdadigheid bewys.³⁷ In daardie dae het sy siek geword en gesterf. Hulle het haar gewas en in 'n bovertrek neergelê.³⁸ Aangesien Lidda naby Joppe was, het die

***9:27** dat Hy ... gepraat het: Hand 9:4; 22:7; 26:14

***9:27** in Damaskus ... gepreek het: Hand 9:20

^f**9:29 Helleniste:** 'n Hellenis was 'n Jood wat aspekte van die Griekse kultuur aangeneem en Grieks gepraat het.

***9:30** na Tarsus weggestuur: Hand 11:25

^g**9:34 Christus:** Vgl voetnoot in Hand 9:22.

^h**9:36 Tabita ... Dorkas:** Dit was onderskeidelik Aramese en Griekse name wat ‘bokkie’ beteken.

dissipels, toe hulle hoor dat •Petrus daar is, twee mans na hom gestuur met die versoek: “Kom sonder uitstel na ons toe!”³⁹ Petrus het toe gereedgemaak en saam met hulle gegaan.* Toe hy daar aankom, het hulle hom na die bovertrek geneem. Al die weduwees het huilend by hom kom staan en vir hom die onder- en boklere gewys wat Dorkas gemaak het toe sy nog by hulle was.⁴⁰ Nadat Petrus almal na buite gestuur het, het hy gekniel en gebid. Toe het hy hom na die liggaam omgedraai en gesê: “Tabita, staan op!”* Sy het haar oë oopgemaak en toe sy Petrus sien, het sy regop gaan sit.⁴¹ Hy het sy hand vir haar gegee en haar help opstaan. Toe het hy die •heiliges en die weduwees geroep en haar lewend aan hulle getoon.⁴² Dit het dwarsdeur die hele Joppe bekend geword en baie het tot geloof in die Here gekom.⁴³ *Petrus het nog 'n hele paar dae in Joppe by 'n sekere Simon, 'n leerlooier, gebly.

10

Petrus en Cornelius

¹ *Daar was 'n man in Caesarea bekend as Cornelius, 'n hekatontargⁱ van die sogenaamde Italiaanse kohort soldate.^j ² Hy, en ook sy hele huis, was godsdienstig en godvresend,^k het baie liefdadigheid aan die volk bewys*

***9:39** *Petrus ... gegaan:* Hand 10:23

***9:40** *Nadat ... staan op:* Mark 5:40-41

***9:43** Hand 10:6,32

***10:1-8** Hand 10:30-33

ⁱ**10:1** *hekatontarg:* 'n Griekse benaming vir 'n bevelvoerder oor 100; •Romeinse ampsdraers.

^j**10:1** *kohort soldate:* 'n Afdeling Romeinse soldate wat uit 200 tot 1 000, maar gewoonlik 600 man, bestaan het; •Militêre terme.

^k**10:2** *godvresend:* Iemand uit die heidendom wat in die God van Israel geglo het, maar nog nie die noodsaaklikheid van die besnydenis en sommige ander Joodse gebruike en wette aanvaar het nie. So iemand het wel eredienste in die •sinagoge bygewoon.

***10:1-2** *hekatontarg ... bewys:* Luk 7:2,5; Hand 27:1,3

en gereeld tot God gebid. ³ Hy het teen die negende uur^l van die dag in 'n visioen duidelik 'n engel van God na hom sien binnekom wat vir hom sê: “Cornelius!” ⁴ Hy het stip na hom gestaar en beangs gevra: “Wat is dit, Meneer?” Toe antwoord hy hom: “Jou gebede en jou liefdadigheid het tot 'n gedenkoffer* voor God opgestyg. ⁵ Stuur dan nou mans na Joppe om iemand met die naam Simon, ook bekend as •Petrus,* te gaan haal. ⁶ Hy gaan tuis by 'n sekere Simon, 'n leerlooier,* wie se huis langs die see staan.” ⁷ Nadat die engel wat met hom gepraat het weg is, roep hy twee van sy huisbediendes en 'n godvresende soldaat, een van hulle wat hom dien, ⁸ en nadat hy hulle alles vertel het, stuur hy hulle na Joppe.

⁹ Die volgende dag, terwyl hulle op reis was en al amper by die stad, het Petrus teen ongeveer die sesde uur^m na die dakstoepⁿ opgeklim om te gaan bid. ¹⁰ Hy het honger geword en wou eet. Terwyl hulle besig was om die maaltyd voor te berei, het hy in geestesvervoering geraak. ¹¹ *Hy sien toe die hemel geopen en iets soos 'n groot linnedoek wat afsak en aan sy vier hoeke op die aarde neergelaat word. ¹² Daarin was allerhande viervoetige en kruipende diere van die aarde en voëls van die hemel. ¹³ Toe kom daar 'n stem tot hom: “Staan op, Petrus, slag en eet!” ¹⁴ Maar Petrus het geantwoord: “Onder geen omstandighede nie, Here, want ek het nog nooit iets wat besoedel of •onrein is geëet nie.*” ¹⁵ Maar die stem het weer, 'n tweede keer, na hom gekom: “Wat God rein gemaak het,

^l**10:3 9de uur:** Volgens Westerse tydsbepaling 15:00; •Tydsindeling.

***10:4 gedenkoffer:** Lev 2:2,9,16; 5:12; Sir 35:6; 38:11; 45:16

***10:5 Simon ... Petrus:** Matt 10:2; Mark 3:16; Luk 6:14; Joh 1:42; Hand 10:18; 11:13

***10:6 Hy ... leerlooier:** Hand 9:43; 10:32

^m**10:9 6de uur:** Volgens Westerse tydsbepaling 12:00; •Tydsindeling

ⁿ**10:9 dakstoep:** Die ruimte bo-op die plat dak van 'n huis, gewoonlik van klei en plantmateriaal, wat met 'n leer of kliptrap bereik kon word.

***10:11-20** Hand 11:5-12

***10:14 want ek ... geëet nie:** Lev 11:1-47; Eseg 4:14

mag jý nie as onrein beskou nie.”* ¹⁶ Dit het drie maal gebeur, en die voorwerp is dadelik weer in die hemel opgeneem.

¹⁷ Petrus was nog aan die twyfel oor wat die visioen wat hy gesien het, kon beteken, toe die mans wat deur Cornelius gestuur is, skielik by die poort aankom nadat hulle oor Simon se huis navraag gedoen het. ¹⁸ Hulle roep toe en vra of Simon, ook bekend as Petrus,* daar tuisgaan. ¹⁹ Terwyl Petrus nog nadink oor die visioen, sê die Gees vir hom:* “Kyk, daar is drie manne wat na jou soek. ²⁰ Maak gereed, klim af en gaan sonder aarseling saam met hulle, want Ek het hulle gestuur.” ²¹ En Petrus het afgeklim na die mans en gesê: “Kyk, dit is vir my wat julle soek. Waarom is julle hier?” ²² *En hulle het geantwoord: “Cornelius, die hekatontarg,^o 'n regverdige^p en godvresende^q man, iemand oor wie die hele Joodse volk goeie getuienis gelewer het,* het deur 'n heilige engel 'n openbaring ontvang om u na sy huis te laat kom en te luister na u woorde.” ²³ Toe het Petrus hulle binnegenooi en as gaste verwelkom.

En nadat hy die volgende dag gereedgemaak het, het hy saam met hulle vertrek, en sommige van die broers uit Joppe het hom vergesel.* ²⁴ Die dag daarna het hy in Caesarea aangekom. Cornelius was hulle te wagte en het reeds sy familie en naaste vriende bymekaar laat kom. ²⁵ Toe Petrus binnekom, het Cornelius hom tegemoetgegaan, voor sy voete neergeval en hom begin aanbid. ²⁶ Maar Petrus het hom opgehelp met

* **10:15** *Wat ... beskou nie:* Mark 7:15,19

* **10:18** *Simon ... Petrus:* Vgl kruisverwysing in 10:5

* **10:19** *sê ... hom:* Hand 11:12; 13:2

* **10:22** Hand 10:1-2,5

^o**10:22** *hekatontarg:* Vgl voetnoot in Hand 10:1.

^p**10:22** *regverdige:* Dit is iemand wie se saak reg is voor God.

^q**10:22** *godvresende:* Vgl voetnoot in Hand 10:2.

* **10:22** *iemand ... gelewer het:* Luk 7:5

* **10:23** *sommige ... vergesel:* Hand 10:45; 11:12

die woorde: “Staan op, ek self is ook net 'n mens.”²⁷ En terwyl hy met hom praat, het hy na binne gegaan en daar baie mense bymekaar aangetref.²⁸ Hy het vir hulle gesê: “Julle weet dat dit vir 'n Joodse man verbode is om met iemand van 'n ander volk te assosieer of hom te besoek. God het egter aan my getoon dat ek geen mens as besoedel of onrein mag beskou nie.”²⁹ Daarom het ek sonder huiwering gekom toe ek ontbied is. Nou vra ek, waarom het julle my ontbied?”³⁰ *Cornelius antwoord toe: “Vier dae gelede was ek teen hierdie tyd, op die negende uur,^r besig om in my huis te bid. * Opeens staan daar toe 'n man in 'n stralende gewaad voor my^{*} ³¹ en sê, ‘Cornelius, jou gebed is verhoor en jou liefdadigheid het voor God in herinnering gekom. ³² Stuur dan iemand na Joppe en laat haal Simon, ook bekend as Petrus. * Hy is 'n gas van Simon, 'n leerlooier, by 'n huis langs die see.’^{*} ³³ Ek het toe onmiddellik mense na u gestuur en dit is goed dat u gekom het. Hier is ons nou almal voor die aangesig van God aanwesig om alles te hoor wat deur die Here aan u opgedra is.”

Petrus se toespraak by Cornelius

³⁴ Petrus het toe begin praat^s en gesê: “Ek besef nou werklik dat God

* **10:26** *ek self ... mens:* Wys 7:1

* **10:25-26** *voor sy ... mens:* Hand 14:13-15; Op 19:10

* **10:28** *God ... beskou nie:* Hand 10:15; 11:9

* **10:30-33** Hand 10:1-8

^r**10:30** *9de uur:* Vgl voetnoot in Hand 10:3.

* **10:30** *besig ... bid:* Hand 3:1

* **10:30** *staan ... my:* Luk 24:4; Hand 1:10

* **10:32** *Simon ... Petrus:* Vgl kruisverwysing in Hand 10:5

* **10:32** *Hy ... see:* Hand 9:43; 10:6

^s**10:34** *begin praat:* Letterlik ‘sy mond oopgemaak’, 'n uitdrukking om die begin van 'n belangrike uitspraak aan te dui.

niemand volgens sy uiterlike beoordeel nie,* ³⁵ * maar dat die mens wat ontsag vir Hom het en doen wat reg is, uit watter nasie hy ook mag wees, vir Hom aanvaarbaar is. ³⁶ Dít is die boodskap wat Hy vir Israel gestuur het* toe Hy die evangelie van vrede wat deur Jesus Christus^t gekom het, verkondig het:* Hy is die Here van alle mense.* ³⁷ * Julle weet wat dwarsdeur Judea gebeur het — dit het begin in Galilea, ná die doop wat Johannes verkondig het — ³⁸ hoe God Jesus van Nasaret met die Heilige Gees en met krag gesalf het.^u Hy het die land deurreis, goed gedoen en almal wat onder die mag van die Duiwel was, genees omdat God met Hom was.* ³⁹ Ons is getuies van alles wat Hy in die land van die Jode en in Jerusalem gedoen het. Maar hulle het Hom omgebring deur Hom aan 'n kruishout op te hang.* ⁴⁰ Vir Hom het God op die derde dag opgewek en beskik dat Hy verskyn — ⁴¹ nie aan die hele volk nie, maar aan getuies wat vroeër reeds deur God aangewys is — aan ons* wat saam met Hom geëet en gedrink het nadat Hy uit die dood opgestaan het.* ⁴² En Hy het ons beveel om aan die volk te verkondig en kragtig te getuig dat dit Hy is

* **10:34** *God ... beoordeel nie:* Deut 10:17; 2 Kron 19:7; Rom 2:11; Gal 2:6; Ef 6:9; Kol 3:25; 1 Pet 1:17

* **10:35** Joh 9:31

* **10:36** *Dít is ... gestuur het:* Ps 107:20; 147:18

^t**10:36** *Christus:* Die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

* **10:36** *evangelie ... verkondig het:* Jes 52:7; Nah 1:15

* **10:36** *deur Jesus ... mense:* Op 17:14; 19:16

* **10:37** Matt 4:12,17; Mark 1:14

^u**10:38** *God ... gesalf het:* Dit verwys na Jes 61:1 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Luk 4:18.

* **10:38** *God met Hom was:* Joh 3:2

* **10:39** *aan ... hang:* Deut 21:22

* **10:40-41** *beskik dat ... aan ons:* Joh 14:19,22

* **10:41** *aan ons ... opgestaan het:* Luk 24:30,42; Joh 21:12-13; Hand 1:4

wat deur God aangewys is as Regter oor die lewendes en die dooies.*
43 ^vOor Hom getuig al die profete dat elkeen wat in Hom glo, deur sy
Naam vergewing van sondes ontvang.”

Die Heilige Gees aan heidene

44 *Petrus was nog aan die woord toe die Heilige Gees op almal wat na
die toespraak luister, neerdaal. 45 Die gelowiges uit die besnydenis,^w
almal wat saam met •Petrus gekom het, was uiters verbaas dat die gawe
van die Heilige Gees selfs op die heidene uitgestort is. 46 Hulle het
immers gehoor hoe hulle in tale spreek en God loof.* Toe sê Petrus:
47 *^v“Niemand kan tog verhinder dat hierdie mense, wat net soos ons die
Heilige Gees ontvang het, met water gedoop word nie?” 48 En hy het
opdrag gegee dat hulle in die Naam van Jesus •Christus gedoop word.*
Toe het hulle hom gevra om nog 'n paar dae aan te bly.*

11

Petrus se verantwoording in Jerusalem

¹ Die •apostels en die broers^x dwarsdeur Judea het gehoor dat ook die
heidene die woord van God aanvaar het. ² Toe •Petrus na Jerusalem
opgegaan het, het diegene wat besny is, met hom geargumenteer ³ en gesê:
“Jy was by onbesnede mans aan huis en het saam met hulle geëet.”*

*10:42 *Hy is wat ... dooies:* Hand 17:31; Rom 14:9; 2 Tim 4:1; 1 Pet 4:5

^v10:43 Dit verwys na bv Jes 33:24; 53:5-6; Jer 31:34; Dan 9:24 as heenwysings na
Jesus Christus.

*10:44 Hand 11:15; 15:8

^w10:45 *gelowiges ... besnydenis:* Die Joodse Christene.

*10:46 *Hulle het ... loof:* Mark 16:17; Hand 2:4,11; 19:6

*10:47 Hand 8:36

*10:48 *En hy ... gedoop word:* Hand 19:5

*10:48 *Toe ... bly:* Joh 4:40

^x11:1 *broers:* Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

*11:3 *Jy ... geëet:* Hand 10:28; Gal 2:12

⁴ Daarop het Petrus dit soos volg stap vir stap vir hulle begin uitlê: ⁵ “Ek was in die stad Joppe besig om te bid, en in ekstase het ek 'n visioen gesien: iets soos 'n groot linnedoek wat afsak en wat aan sy vier hoeke uit die hemel neergelaat word; en dit het tot by my gekom. ⁶ En ek het aandagtig daarna gekyk, en opgemerk, en viervoetige diere van die aarde en wilde diere en kruipende diere, asook voëls van die hemel gesien. ⁷ Ek het ook 'n stem vir my hoor sê, ‘Staan op, Petrus, slag en eet!’ ⁸ Maar ek het geantwoord, ‘Onder geen omstandighede nie, Here, want niks wat besoedel of •onrein is, het al ooit by my mond ingegaan nie.’ ⁹ Die stem het toe 'n tweede keer uit die hemel geantwoord, ‘Wat God rein gemaak het, mag jy nie as onrein beskou nie.’ ¹⁰ Dit het drie maal gebeur, en toe is alles weer in die hemel opgetrek. ¹¹ En kyk, skielik het daar drie mans wat van Caesarea af na my gestuur is, aangekom by die huis waar ons was. ¹² En die Gees het vir my gesê dat ek sonder aarseling saam met hulle moes gaan.* Hierdie ses broers^y het toe saam met my gegaan* en ons het die man se huis binnegegaan. ¹³ Daarop het hy ons vertel hoe hy die engel in sy huis sien staan het wat vir hom sê, ‘Stuur manne na Joppe en laat haal Simon, ook bekend as Petrus. ¹⁴ Hy sal vir jou 'n boodskap meedeel* waardeur jy verlos sal word — jy en jou hele huis.’* ¹⁵ *En toe ek begin praat, het die Heilige Gees op hulle neergedaal net soos aanvanklik ook op ons.* ¹⁶ *Ek het egter die woord van die Here onthou, toe Hy gesê het, ‘Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word.’ ¹⁷ As God dan aan hulle

* **11:5-12** *Ek was in ... hulle moes gaan:* Hand 10:9-20

^y**11:12** *ses broers:* Vgl Hand 10:23.

* **11:12** *Hierdie ses ... gegaan:* Hand 10:23,45

* **11:14** *Hy ... meedeel:* Hand 10:22

* **11:14** *jy verlos ... huis:* Hand 16:31

* **11:15** Hand 10:44

* **11:15** *het die Heilige ... op ons:* Hand 2:4

* **11:16** Hand 1:5

dieselfde gawe gegee het as aan ons wat in die Here Jesus Christus^z glo, wie was ek dan dat ek God sou verhinder?”¹⁸ Toe hulle dit hoor, het hulle geswyg en God verheerlik en gesê: “So het God dus ook aan die heidene die bekering tot die lewe geskenk.”*

Evangelie in Antiogië

¹⁹ *Die gelowiges dan, wat uitmekaar gedryf is as gevolg van die verdrukking wat oor Stefanus ontstaan het, het so ver as Fenisië, Ciprus en Antiogië getrek en die woord aan niemand anders nie as net aan die Jode verkondig.²⁰ Maar toe party van hulle, mans uit Ciprus en Sirene, in Antiogië kom, het hulle ook met die Helleniste^a gepraat en die evangelie van die Here Jesus aan hulle verkondig.*²¹ Die hand van die Here was oor hulle en 'n groot aantal het gelowig geword en na die Here gedraai.*²² Die berig oor hulle het die •gemeente in Jerusalem ter ore gekom, en hulle het Barnabas gestuur om na Antiogië te gaan.²³ Toe hy daar aankom en die genade van God sien, was hy bly en het almal aangemoedig om met vaste voorneme van hart aan die Here getrou te bly.*²⁴ Hy was 'n goeie man, vol van die Heilige Gees en geloof.* En 'n aansienlike skare is vir die Here bygevoeg.*²⁵ *Hierna het Barnabas na Tarsus vertrek om Saulus op te

^z**11:17 Christus:** Die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

***11:18** So ... *geskenk*: Hand 13:48; 14:27

***11:19** Hand 8:1-4

^a**11:20 Helleniste:** 'n Hellenis was 'n Jood wat aspekte van die Griekse kultuur aangeneem en Grieks gepraat het.

***11:20** *het hulle ook ... verkondig*: Joh 7:35

***11:21** *'n groot ... gedraai*: Hand 2:41; 4:4; 5:14; 6:7; 11:24; 21:20

***11:23** *het almal ... bly*: Hand 13:43; 14:22

***11:24** *Hy ... geloof*: Hand 6:5

***11:24** *'n aansienlike ... bygevoeg*: Hand 2:41; 4:4; 5:14; 6:7; 11:21; 21:20

***11:25** Hand 9:30

soek.²⁶ Hy het hom opgespoor en hom na Antiogië gebring. Hulle was 'n hele jaar lank saam met die gemeente en het 'n aansienlike skare onderrig. In Antiogië is die dissipels vir die eerste keer Christene genoem.

²⁷ In daardie tyd het daar profete uit Jerusalem na Antiogië gekom.*

²⁸ En een van hulle, met die naam Agabus,* het na vore gekom en deur die Heilige Gees voorspel dat 'n swaar hongersnood oor die hele wêreld sou kom. Dit het in die tyd van Claudius^b gebeur. ²⁹ Die dissipels het daarom besluit dat elkeen van hulle volgens vermoë 'n bydrae sou stuur vir die versorging van die broers^c wat in Judea woon. ³⁰ *En hulle het dit gedoen deur die bydrae saam met Barnabas en Saulus aan die ouderlinge te stuur.

12

Vervolging in Jerusalem

¹ In daardie tyd het koning Herodes^d die hand geslaan aan sommige uit die •gemeente om hulle leed aan te doen. ² Hy het Jakobus, die broer van Johannes, met die swaard laat doodmaak. ³ En toe hy sien dat dit by die Jode byval vind, het hy verder gegaan en ook vir •Petrus gevange laat neem. Dit was die tyd van die Fees van die Ongesuurde Brood.^e ⁴ Nadat

***11:27** *profete ... gekom:* Hand 13:1; 15:32

***11:28** *een ... Agabus:* Hand 21:10

^b**11:28** *Claudius:* Die Romeinse keiser wat van 41-54 nC regeer het.

^c**11:29** *broers:* Vgl voetnoot in Hand 11:1.

***11:30** Hand 12:25

^d**12:1** *Herodes:* •Herodes Agrippa I, die kleinseun van koning •Herodes die Grote. Hy het van 37 nC af oor Galilea en omstreke regeer en van 41 nC tot sy dood in 44 nC ook oor Samaria en Judea.

^e**12:3** *Fees ... Brood:* 'n Fees wat begin het met die •Pasga en wat sewe dae lank aangehou het, van 14 tot 21 •Abib of •Nisan, soos die maand later genoem is. In daardie sewe dae moes die Israeliete brood eet wat nie suurdeeg in het nie; •Feeste.

hy hom laat arresteer het, het hy hom in die tronk laat gooi* en oorgegee aan vier afdelings van vier soldate elk, met die bedoeling om hom ná die Pasga^f voor die volk te bring. ⁵ So is Petrus dan in die tronk bewaak, maar van die gemeente het daar vir hom 'n volgehoue gebed tot God opgegaan.*

Bevryding van Petrus uit die tronk

⁶ Die nag voordat Herodes^g hom wou voorbring, was •Petrus aan die slaap tussen twee soldate. Hy was met twee kettings geboei en voor die deur het wagte die tronk bewaak.* ⁷ Skielik het 'n engel van die Here daar gestaan, en 'n lig het in die sel geskyn. Toe gee hy Petrus 'n stamp teen die sy, maak hom wakker en sê: “Staan gou op!” En die kettings het van sy hande afgeval. ⁸ Die engel sê toe vir hom: “Omgord jou en trek jou sandale aan!” Hy het so gemaak. Daarop sê die engel vir hom: “Gooi jou bokleed om en volg my!” ⁹ En hy het uitgegaan en hom gevolg sonder om te besef dat wat deur die bemiddeling van die engel gebeur het, die werklikheid is. Hy het gedink hy sien 'n gesig. ¹⁰* Maar toe hulle by die eerste en die tweede wag verby was, het hulle gekom by die ysterpoort wat na die stad lei en dit het vanself vir hulle oopgegaan. Toe hulle buitekant kom en een straat verder gestap het, het die engel hom meteens verlaat. ¹¹ Toe kom Petrus tot homself en sê: “Nou besef ek

* **12:4** *Nadat ... laat gooi:* Hand 4:3

^f**12:4** *Pasga:* Die fees wanneer elke gesin in Israel 'n lam moes slag en dit moes eet saam met bitter kruie en ongesuurde brood. Hulle moes die fees vier op 14 •Abib of •Nisan, soos die maand later genoem is, tydens die volmaannag in Maart-April; •Feeste.

* **12:5** *maar van ... opgegaan:* Jak 5:16

^g**12:6** *Herodes:* Vgl voetnoot in Hand 12:1.

* **12:6** *voor die ... bewaak:* Hand 5:23

* **12:10** Hand 5:19

waarlik die Here het sy engel gestuur, en Hy het my gered uit die hand van Herodes en ook van alles wat die Joodse volk verwag het.”¹² Met dié besef gaan hy toe na die huis van Maria, die ma van Johannes, bekend as Markus,^{*} waar daar baie mense byeen was en gebid het.¹³ Toe hy aan die deur van die poort klop, het 'n diensmeisie met die naam van Rode gegaan om te antwoord.¹⁴ Sy het Petrus se stem herken, en uit pure vreugde nie die deur oopgemaak nie, maar binnetoe gehardloop en vertel dat Petrus voor die poort staan.¹⁵ Hulle het egter vir haar gesê: “Jy is mal.”^{*} Maar sy het volgehou dat dit so is. Toe sê hulle: “Dit is sy engel.”^{*}¹⁶ Petrus het egter aanhou klop, en toe hulle oopmaak, het hulle hom gesien en hulle was verbaas.¹⁷ Maar hy het met 'n handgebaar vir hulle beduie om stil te bly^{*} en vir hulle beskryf hoe die Here hom uit die tronk uitgelei het. Toe sê hy: “Vertel dit aan Jakobus en die broers.”^h En hy het buitentoe gegaan en na 'n ander plek vertrek.

¹⁸ Teen dagbreek was daar onder die soldate geen geringe opskudding oor wat dan van Petrus geword het nie.¹⁹ Herodes het hom laat soek, maar nie gekry nie,^{*} en nadat hy die wagte verhoor het, het hy opdrag gegee dat hulle tereggestel word. Hierna het hy van Judea na Caesarea gereis en daar gebly.

Dood van Herodes

²⁰ Herodesⁱ was woedend vir die mense van Tirus en Sidon. Hulle het egter almal saam na hom gekom, en nadat hulle Blastus, die kamerheer

^{*} 12:12 *Johannes ... Markus*: Hand 12:25; 15:37

^{*} 12:15 *Hulle het ... mal*: Hand 26:24

^{*} 12:15 *Dit ... engel*: Matt 18:10

^{*} 12:17 *Maar ... bly*: Hand 13:16; 19:33; 21:40

^h 12:17 *broers*: Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

^{*} 12:18-19 *was daar ... gekry nie*: Hand 5:22-24

ⁱ 12:20 *Herodes*: Vgl voetnoot in Hand 12:1.

van die koning,^j oorgehaal het, het hulle om vrede gevra omdat die gebied waar hulle voedsel vandaan gekom het, afhanklik van die koning s'n was.*

²¹ Op die vasgestelde dag het Herodes 'n koninklike kleed aangetrek, op die regterstoel plaasgeneem en hulle toegesprek. ²² *Daarop het die volk uitgeroep: “Die stem van 'n god en nie van 'n mens nie!” ²³ En onmiddellik het 'n engel van die Here hom neergevel omdat hy nie die eer aan God gegee het nie* en, verteer deur wurms, het hy gesterf.

²⁴ *Maar die woord van God het gegroei en uitgebrei. ²⁵ En Barnabas en Saulus het, nadat hulle hulle diens in Jerusalem voltooi het,* teruggekeer en Johannes, bekend as Markus,* saamgeneem.

13

Eerste sendingreis: Uitstuur van Barnabas en Saulus

¹ In die plaaslike •gemeente in Antiogië was daar profete* en leermeesters, onder andere Barnabas, Simeon bekend as Niger,^k Lucius van Sirene, Manaen, 'n jeugvriend van Herodes^l die tetrarg,^m en Saulus.

^j**12:20 kamerheer ... koning:** Dit was 'n belangrike amptenaar aan die koninklike hof. Indien hy in die harem van die koning moes werk, was hy gewoonlik 'n ontmande persoon; vgl Gen 37:36.

* **12:20 omdat die ... was:** 1 Kon 5:11; Eseg 27:17

* **12:22** Eseg 28:2

* **12:23 het 'n engel ... gegee het nie:** Dan 5:20

* **12:24** Hand 6:7; 19:20

* **12:25 Barnabas ... voltooi het:** Hand 11:29-30

* **12:25 Johannes ... Markus:** Hand 12:12; 15:37

* **13:1 In ... profete:** Hand 11:27; 15:32

^k**13:1 Simeon ... Niger:** Niger is 'n bynaam uit die Latyn wat ‘swart’ of ‘donker’ beteken.

^l**13:1 Herodes:** Herodes Antipas, een van die seuns van •Herodes die Grote. Nadat sy pa gesterf het, het hy oor Galilea en Perea regeer van 4 vC-39 nC.

^m**13:1 tetrarg:** Die ampstittel van iemand wat oor die kwart van 'n voorheen groter gebied regeer het. In 'n later stadium kon dit egter bloot dui op 'n heerser oor 'n relatief klein gebied; •Romeinse ampsdraers.

² Toe hulle besig was om die Here te dien en te vas, het die Heilige Gees vir hulle gesê: “Sonder Barnabas en Saulus vir My af vir die werk waartoe Ek hulle geroep het.”* ³ Toe die gemeente klaar gevas en gebid het, het hulle hulle die hande opgelê* en weggestuur.

Barnabas en Saulus se prediking op Ciprus

⁴ So is Barnabas en Saulus deur die Heilige Gees gestuur, en hulle het afgereis na Seleusië en daarvandaan weggevaar na Ciprus.* ⁵ Toe hulle in Salamis aankom, het hulle die woord van God in die Joodse •sinagoges verkondig, met Johannesⁿ as hulle helper.* ⁶ Hulle het deur die hele eiland gereis tot in Pafos, waar hulle 'n sekere Joodse towenaar aangetref het, 'n vals profeet met die naam Barjesus. ⁷ Hy was die metgesel van die prokonsul^o Sergius Paulus, wat 'n verstandige man was. Die prokonsul het Barnabas en Saulus laat roep omdat hy graag die woord van God wou hoor. ⁸ *Maar die towenaar Elimas — want so word die naam Barjesus^p vertaal — het hulle teengestaan omdat hy die prokonsul van die geloof wou weghou. ⁹ Maar Saulus, oftewel Paulus, het hom stip aangekyk en, vervul met die Heilige Gees, ¹⁰ gesê: “Kind van die Duiwel, vyand van alle •geregtigheid en vol allerlei listighede en elke soort bedrog — sal jy

* **13:2** *Sonder ... geroep het:* Hand 9:15; Gal 1:15-16

* **13:3** *Toe ... opgelê:* Hand 6:6; 14:23

* **13:4** *weggevaar na Ciprus:* Hand 15:39

ⁿ**13:5** *Johannes:* Dit is Johannes Markus.

* **13:5** *Johannes ... helper:* Hand 12:25; 13:13; 15:39

^o**13:7** *prokonsul:* Die amptenaar wat namens die Senaat in beheer was van 'n Romeinse provinsie; •Romeinse ampsdraers.

* **13:8** 2 Tim 3:8

^p**13:8** *naam Barjesus:* Die •bronteks lui “sy naam”. Die veronderstelling was dat “Elimas” en “Barjesus” dieselfde beteken.

nie ophou om die reguit paaie van die Here* te verdraai nie?* ¹¹ *Maar kyk, nou gaan die hand van die Here jou tref en jy sal 'n ruk lank blind wees en die son nie sien nie.” Onmiddellik het 'n mistigheid en duisternis hom oorval en hy het rondgestrompel en mense gesoek om hom aan die hand te lei. ¹² Toe die prokonsul sien wat gebeur het, het hy, verstom oor die leer van die Here, gelowig geword.

Paulus en Barnabas in Antiogië en Pisidië

¹³ Paulus en sy reisgenote het van Pafos af weggevaar en Perge in Pamfilië bereik. Daar het Johannes hulle verlaat en na Jerusalem teruggekeer.* ¹⁴ Hulle het van Perge verder gegaan en by Antiogië in Pisidië aangekom en op die Sabbat die •sinagoge binnegegaan en gaan sit. ¹⁵ Ná die voorlesing van die Wet* en die Profete^q het die leiers van die sinagoge 'n boodskap na hulle gestuur met die woorde: “Broers, as julle 'n woord van bemoediging vir die volk het, sê dit!” ¹⁶ Paulus het opgestaan, 'n handgebaar gemaak^r en gesê:

“Israeliete en godvresendes,^{s*} luister! ¹⁷ Die God van hierdie volk Israel het ons voorouers uitverkies en het hulle tydens hulle verblyf as •vreemdelinge in Egipteland tot 'n volk verhef, hulle met 'n uitgestrekte

* **13:10** *reguit ... Here:* Hos 14:9

* **13:10** *reguit ... verdraai nie:* Spr 10:9

* **13:11** Hand 9:8; 22:11

* **13:13** *Daar ... teruggekeer:* Hand 13:5; 15:38

* **13:15** *voorlesing ... Wet:* Hand 15:21

^q**13:15** *Wet ... Profete:* Dit dien as aanduiding van die geskifte van die Ou Testament wat in Jesus se tyd deur die Jode as gesaghebbend aanvaar is.

^r**13:16** *handgebaar gemaak:* 'n Teken om aandag te vra wanneer iemand wil praat; vgl Hand 12:17; 19:33; 21:40.

^s**13:16** *godvresendes:* Persone uit die heidendom wat in die God van Israel geglo het, maar nog nie die noodsaaklikheid van die besnydenis en sommige ander Joodse gebruike en wette aanvaar het nie. Hulle het wel eredienste in die •sinagoge bygewoon.

* **13:16** *Israeliete en godvresendes:* Hand 13:26

arm^t daar uitgelei* ¹⁸* en hulle ongeveer veertig jaar lank in die woestyn^u verduur. ¹⁹* In die land Kanaän het Hy sewe nasies uitgedelg en hulle land as erfdeel aan ons voorouers gegee.* ²⁰ Dit het ongeveer vierhonderd-en-vyftig jaar geduur. En daarna het Hy rigters gegee* tot by die profeet Samuel.* ²¹ Hierna het hulle aangedring op 'n koning,* en God het Saul, die seun van Kis, 'n man uit die stam van Benjamin, vir veertig jaar* aan hulle gegee.* ²² Nadat God hom as koning verwyder het,* het Hy Dawid tot hulle koning gemaak.* Oor hom het Hy soos volg getuig, 'In Dawid, die seun van Isai, het Ek 'n man na my hart* gevind* wat al my wilsbesluite sal uitvoer.*' ²³ ^vUit hierdie man se nageslag het God vir Israel, in ooreenstemming met sy belofte, Jesus as Verlosser voortgebring. ²⁴* Voor Jesus se openbare optrede het Johannes aan die

^t**13:17 *uitgestrekte arm***: Letterlik 'hoë arm'. Die Semitiese idioom beteken letterlik 'groot krag'.

* **13:17 met 'n ... uitgelei**: Eks 6:1,6; 12:51

* **13:18** Eks 16:35; Num 14:34

^u**13:18 *woestyn***: 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, waar kleinvee kon wei.

* **13:19** Deut 7:1

* **13:19 hulle land ... gegee**: Jos 14:1

* **13:20 daarna ... gegee**: Rig 2:16

* **13:20 tot ... Samuel**: 1 Sam 3:20

* **13:21 Hierna ... koning**: 1 Sam 16:12-13

* **13:21 40 jaar**: Vgl 1 Sam 13:1

* **13:21 God ... gegee**: 1 Sam 10:20-21,24; 11:15

* **13:22 Nadat ... verwyder het**: 1 Sam 13:14

* **13:22 het Hy ... gemaak**: 1 Sam 16:12-13

* **13:22 man ... hart**: 1 Sam 13:14

* **13:22 In Dawid ... gevind**: Ps 89:21

* **13:22 wat al ... uitvoer**: Jes 44:28

^v**13:23** Dit verwys na 2 Sam 7:12; Jes 11:1 as heenwysings na Jesus Christus.

* **13:24** Matt 3:1-2,5; Mark 1:4-5; Luk 3:3

hele volk Israel die doop van bekering verkondig. ²⁵ Toe Johannes aan die einde van sy loopbaan gekom het, het hy gesê, ‘Wie dink julle is ek? Ek is nie Hy nie!’ Maar kyk, ná my kom iemand wie se sandale ek nie werd is om van sy voete los te maak nie.’*

²⁶ “Broers,^w kinders van Abraham se geslag, en die godvresendes onder julle,* aan ons is die boodskap van hierdie verlossing gestuur. ²⁷ *Want die inwoners van Jerusalem en hulle leiers het Hom nie herken nie; en deur Hom te veroordeel, het hulle die uitsprake van die profete, wat elke Sabbatdag gelees word, in vervulling laat gaan. ²⁸ Alhoewel hulle geen grond vir die doodstraf^x kon vind nie,* het hulle tog by •Pilatus daarop aangedring dat Hy tereggestel word.* ²⁹ Toe hulle alles uitgevoer het wat oor Hom geskryf staan, het hulle Hom van die kruishout afgehaal en in 'n graf neergelê.* ³⁰ *Maar God het Hom uit die dood opgewek. ³¹ In die loop van baie dae het Hy verskyn aan hulle wat saam met Hom van Galilea na Jerusalem gereis het* en wat nou as sy getuies* teenoor die volk optree. ³² En ons verkondig aan julle die goeie boodskap dat God die belofte wat

* **13:25** *Wie ... Hy nie:* Joh 1:20

* **13:25** *ná my ... maak nie:* Matt 3:11; Mark 1:7; Luk 3:16; Joh 1:27

^w**13:26** **Broers:** Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

* **13:26** *Broers ... julle:* Hand 13:16

* **13:27** Hand 3:17

^x**13:28** **doodstraf:** Letterlik ‘dood’.

* **13:28** *Alhoewel ... vind nie:* Matt 26:60; Mark 14:55-56,59; 15:14; Luk 23:4,14-15,22; Joh 18:38; 19:4,6

* **13:28** *het hulle ... tereggestel word:* Matt 27:22-23; Mark 15:13-14; Luk 23:21,23; Joh 19:6-7,15

* **13:29** *het hulle ... neergelê:* Deut 21:22-23; Matt 27:59-60; Mark 15:46; Luk 23:53; Joh 19:38,41-42

* **13:30** Hand 2:24,32; 3:15; 4:10; 5:30; 10:40; 17:31

* **13:31** *In ... gereis het:* Hand 1:3

* **13:31** *wat nou ... getuies:* Luk 24:48; Hand 1:8; 2:32; 3:15; 5:32; 10:39,41

aan die voorvaders gemaak is, ³³ vir ons, hulle kinders, vervul het deurdat Hy Jesus laat opstaan het,* soos daar in die tweede psalm geskryf staan:

“ ‘Jy is my Seun;
Ek het jou vandag verwek.’^y

³⁴ “En omdat Hy Hom uit die dood sou opwek, sodat Hy nooit weer na ontbinding terugkeer nie, het Hy soos volg gesê:

“ ‘Ek sal aan julle die heilige en betroubare beloftes van Dawid gee.’^z

³⁵ “Daarom sê Hy ook in 'n ander psalm:

“ ‘U sal u Heilige nie ontbinding laat beleef nie.’^a

³⁶ “Want Dawid het, nadat hy sy eie geslag volgens God se raadsbesluit gedien het, gesterf en is by sy voorvaders begrawe* — en hy het ontbinding beleef; ³⁷ maar Hy vir wie God opgewek het, het nie ontbinding beleef nie. ³⁸⁻³⁹ Julle moet dus weet, broers, dat dit deur hierdie Man is dat die vergewing van sondes aan julle verkondig word,*

* **13:32-33** *ons verkondig ... opstaan het*: Hand 13:23

^y**13:33** *Jy is ... verwek*: Aanhaling uit Ps 2:7 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Heb 1:5; 5:5.

^z**13:34** *Ek ... gee*: Aanhaling uit Jes 55:3 •Septuagint as heenwysing na Jesus Christus.

^a**13:35** *U ... beleef nie*: Aanhaling uit Ps 16:10 •Septuagint as heenwysing na Jesus Christus.

* **13:36** *Want ... begrawe*: 1 Kon 2:10; Hand 2:29 *is by ... begrawe*: Rig 2:10

* **13:38-39** *deur hierdie ... verkondig word*: Hand 10:43

en dat elkeen wat glo, deur Hom geregverdig^b word* van alles waarvan julle deur die •wet van Moses nie geregverdig kon word nie.*⁴⁰ Sorg dat wat in die Profete gesê is, nie met julle gebeur nie:

⁴¹ *‘‘ ‘Kyk, julle spotters,
staan verstom en gaan ten gronde!
Want in julle tyd doen Ek iets,
'n daad wat julle beslis nie sal glo
as iemand dit vir julle vertel nie.’ ’’

⁴² Toe Paulus en Barnabas buite kom, het die mense gesmeek dat hierdie dinge op die volgende Sabbat ook aan hulle vertel word. ⁴³ Toe die sinagoge verdaag het, het baie van die Jode en die godsdienstige proseliete^c Paulus en Barnabas gevolg, wat met hulle gepraat en hulle oortuig het om in die genade van God te bly leef.*

Paulus na die heidene

⁴⁴ Die volgende Sabbat het byna die hele stad byeengekom om die woord van die Here te hoor. ⁴⁵ *Toe die Jode die skare sien, is hulle vervul met naywer, en het hulle dit wat Paulus gesê het, teengestaan en belaster. ⁴⁶ Maar Paulus en Barnabas het prontuit vir hulle gesê: ‘‘Die woord van God moes eerste aan julle verkondig word.* Maar aangesien

^b13:38-39 **geregverdig**: Kan ook vertaal word ‘‘vrygespreek’’.

*13:38-39 *dat elkeen ... geregverdig word*: Rom 4:25; 6:7; 10:4

*13:38-39 *van alles ... kon word nie*: Heb 9:9

*13:41 Hab 1:5 •Septuagint

^c13:43 **proseliete**: Anders as 'n •godvresende was 'n proseliet 'n nie-Jood wat ten volle tot die Jodedom oorgegaan het.

*13:43 *hulle oortuig ... leef*: Hand 11:23; 14:22

*13:45 Hand 14:2

*13:46 *Die woord ... word*: Hand 3:26; Rom 1:16

julle dit verwerp en julleself nie die ewige lewe werd ag nie,* kyk, nou wend ons ons tot die heidennasies.* ⁴⁷ Want so het die Here dit aan ons opgedra:

“ ‘Ek het jou aangewys as 'n lig vir die nasies sodat jy verlossing kan bring tot aan die uiteindes van die aarde.’ ^d”

⁴⁸ *Toe die heidene dit hoor, was hulle bly en vol lof oor die woord van die Here. En diegene wat vir die ewige lewe bestem was, het gelowig geword. ⁴⁹ Die woord van die Here het deur die hele landstreek versprei. ⁵⁰ Die Jode het egter die godsdienstige vroue uit die vooraanstaande kringe en ook die leiers* van die stad aangehits, en hulle het 'n vervolging teen Paulus en Barnabas ontketen en hulle uit hulle gebied verdryf. ⁵¹ Hulle het toe die •stof van hulle voete afgeskud^e as getuienis teen die stad en na Ikonium vertrek. ⁵² Die dissipels^f is vervul met blydschap en met die Heilige Gees.

14

Paulus en Barnabas in Ikonium

¹ In Ikonium het dit op dieselfde manier gebeur: Hulle het die Joodse •sinagoge binnegegaan en so gepreek dat 'n groot aantal Jode en Grieke

*13:46 aangesien ... ag nie: Luk 7:30

*13:46 aangesien ... heidennasies: Hand 18:6

^d13:47 Ek ... aarde: Aanhaling uit Jes 42:6; 49:6 hier as heenwysing na Paulus en Barnabas.

*13:48 Hand 11:18

*13:50 vroue ... leiers: Hand 17:4,12

^e13:51 stof ... afgeskud: Dit was 'n teken dat mense niks verder met ander te doen wou hê nie; vgl Matt 10:14; Mark 6:11; Luk 9:5; 10:11; Hand 18:6.

^f13:52 dissipels: Dit verwys hier nie na die twaalf dissipels wat Jesus gevolg het nie, maar na mense wat tot die geloof gekom het deur Paulus se bediening.

gelowig geword het.² *Maar die ongelowige Jode het die heidene opgesweep en hulle gemoedere vergiftig teen die broers.³ Tog het die •apostels 'n geruime tyd daar deurgebring en met vrymoedigheid gepreek — vol vertrouwe in die Here, wat die boodskap van sy genade bevestig het deur te beskik dat tekens en wonders deur hulle toedoen gebeur.*⁴ Maar die inwoners van die stad was verdeeld — sommige het hulle by die Jode geskaar en ander by die apostels.⁵ Toe daar van die heidene sowel as die Jode, en ook hulle leiers, 'n aanslag kom om die apostels aan te rand en te stenig,*⁶ het hulle dit te wete gekom en na die Likaoniese stede, Listra en Derbe, en die omliggende streke gevlug⁷ en daar die evangelie bly verkondig.

Paulus en Barnabas in Listra

⁸ In Listra het daar 'n man gesit wat nie sy voete kon gebruik nie. Hy was van sy geboorte af verlam* en kon nooit loop nie.⁹ Hy het na Paulus se woorde geluister. Paulus het stip na hom gekyk, en toe hy sien dat hy die geloof het om genees te word,*¹⁰ het hy met 'n harde stem uitgeroep: “Staan op, regop op jou voete!” En hy het opgespring en rondgestap.¹¹ Toe die skare sien wat Paulus gedoen het, roep hulle in Likaonies uit: “Die gode het soos mense geword en na ons afgedaal!”*¹² Vir Barnabas het hulle Zeus genoem en vir Paulus, omdat hy die woordvoerder was, Hermes.¹³ Die priester van Zeus, wie se tempel net buite die stad was, het bulle en blomkranse na die stadspoorte gebring en wou saam met die

* **14:2** Hand 13:45

* **14:3** *Here ... gebeur:* Mark 16:20; Hand 19:11; Heb 2:4

* **14:5** *van die heidene ... stenig:* Hand 14:19; 2 Tim 3:11

* **14:6** Matt 10:23

* **14:8** *Hy was ... verlam:* Joh 9:1; Hand 3:2

* **14:9** *toe hy ... te word:* Matt 9:28

* **14:11** *Die gode ... afgedaal:* Hand 28:6

skares 'n offer bring. ¹⁴ Toe die •apostels Barnabas en Paulus daarvan hoor, het hulle hulle klere geskeur, tussen die skare ingespring en geskreeu: ¹⁵ “Mense, waarom doen julle dit? Ons is ook in alle opsigte mense, net soos julle.* Ons verkondig aan julle die evangelie dat julle van hierdie nuttelose dinge moet wegdraai na die lewende God* wat die hemel en die aarde en die see en alles daarin gemaak het.* ¹⁶ *Al die heidennasies het Hy in vorige geslagte toegelaat om op hulle eie paaie te gaan, ¹⁷ maar tog het Hy geen onduidelike getuienis van Homself gegee nie, deur goeie dinge te doen: Hy het uit die hemel aan julle reën en vrugbare seisoene gegee, en julle liggame met kos en julle harte met vreugde gevul.” ¹⁸ Maar selfs al het hulle dit gesê, het hulle beswaarlik die skare daarvan weerhou om offers aan hulle te bring.

¹⁹ Maar daar het Jode uit Antiogië en Ikonium aangekom en die skare oorgehaal.* Hulle het Paulus gestenig* en hom uit die stad gesleep, omdat hulle gedink het hy is dood. ²⁰ Maar toe die dissipels rondom hom gaan staan, het hy opgestaan en die stad binnegegaan. Die volgende dag het hy saam met Barnabas na Derbe vertrek.

Terugkeer na Antiogië in Sirië

²¹ Nadat hulle die evangelie in daardie stad verkondig en 'n redelike aantal dissipels gewerf het, het hulle na Listra, Ikonium en Antiogië teruggekeer. ²² *Hulle het die dissipels geestelik versterk,* hulle

*14:15 *Ons is ... soos julle:* Hand 10:26; Jak 5:17

*14:15 *van hierdie ... God:* 1 Thess 1:9

*14:15 *lewende God ... gemaak het:* Eks 20:11; Ps 146:6

*14:16 Hand 17:30

*14:19 *Maar ... oorgehaal:* Hand 17:13

*14:19 *Hulle ... gestenig:* 2 Kor 11:25; 2 Tim 3:11

*14:22 1 Tim 3:3

*14:22 *Hulle het ... versterk:* Hand 15:32; 18:23

aangemoedig om in die geloof te volhard* en gesê: “Ons moet deur baie ontberings heen in die •koninkryk van God ingaan.”²³ Hulle het in elke •gemeente vir hulle ouderlinge aangestel en nadat hulle gebid en gevas het,* hulle opgedra aan die Here in wie hulle nou geglo het.²⁴ Nadat hulle deur Pisidië gereis het, het hulle na Pamfilië gegaan,²⁵ waar hulle in Perge die woord verkondig het. Daarna het hulle na Attalië afgereis²⁶ en daarvandaan gevaar na Antiogië,⁸ waar hulle vroeër aan die genade van God opgedra is vir die werk wat hulle nou voltooi het.*²⁷ Met hulle aankoms het hulle die gemeente saamgeroep en vertel van alles wat God met hulle gedoen het,* en dat Hy vir die heidene 'n deur tot die geloof oopgemaak het.*²⁸ Hulle het 'n lang tyd saam met die dissipels daar deurgebring.

15

Vergadering in Jerusalem

¹* Daar het sekere mense van Judea af gekom wat die broers aanhou leer het: “As julle nie besny word ooreenkomstig die gebruik van Moses nie,* kan julle nie verlos word nie.”² Aangesien hieroor meningsverskil ontstaan het en Paulus en Barnabas met hulle 'n woordestryd gevoer het wat hoegenaamd nie onbenullig was nie, het hulle besluit dat Paulus en Barnabas en nog 'n paar ander uit hulle geledere na die •apostels en

*14:22 hulle aangemoedig ... volhard: Hand 11:23; 13:43

*14:23 nadat hulle ... gevas het: Hand 13:3

⁸14:26 **Antiogië**: Die Antiogië wat in Sirië geleë is.

*14:26 na Antiogië ... voltooi het: Hand 13:1-2; 15:40

*14:27 Met ... gedoen het: Hand 15:4,12

*14:27 Hy vir ... oopgemaak het: Hand 11:18; 13:47-48

*15:1 Gal 5:2

*15:1 As ... Moses nie: Lev 12:3

ouderlinge in Jerusalem moes opgaan* oor hierdie strydvraag.³ Hulle is toe deur die •gemeente weggestuur en het deur Fenisië en Samaria gereis en uitvoerig oor die bekering van die heidene berig, en sodoende groot vreugde aan al die broers^h verskaf.⁴ *Toe hulle in Jerusalem aankom, is hulle deur die gemeente en die apostels en ouderlinge ontvang. Paulus en Barnabasⁱ het vertel wat God alles met hulle gedoen het.⁵ Sommige mense wat aan die •Fariseërs se party behoort en gelowig geword het, het egter opgestaan en gesê: “Hulle moet besny word en opdrag kry om die •wet van Moses te onderhou.”

⁶ Die apostels en die ouderlinge het toe bymekaargekom om hierdie saak in oënskou te neem.⁷ Toe 'n hewige woordesryd ontstaan, het •Petrus opgestaan en vir hulle gesê: “Broers, julle weet dat God my al van die vroeë dae af onder julle uitgekies het, sodat die heidene deur my prediking die boodskap van die evangelie hoor en tot geloof kom.⁸ En God, die kenner van harte, het dit bevestig deurdat Hy die Heilige Gees aan hulle, net soos aan ons, geskenk het.*⁹ Hy het geen onderskeid getref tussen ons en hulle nie,* want Hy het hulle harte deur die geloof gereinig.¹⁰ Waarom wil julle God dan nou toets deur 'n juk, wat nie ons of ons voorvaders kon dra nie, op die dissipels se nekke te plaas? *¹¹ *Maar ons glo dat ons op dieselfde manier as hierdie mense deur die genade van die Here Jesus verlos word.”

¹² Toe het die hele vergadering stilgebly en na Barnabas en Paulus

***15:2** *het hulle ... opgaan:* Hand 11:30; Gal 2:1

^h**15:3** *broers:* Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

***15:4** Hand 14:27; 15:12

ⁱ**15:4** *Paulus en Barnabas:* Letterlik ‘hulle’.

***15:7-8** *het Petrus ... geskenk het:* Hand 2:4; 10:44; 11:15

***15:9** *Hy het geen ... hulle nie:* Hand 10:34-35

***15:10** *deur 'n juk ... plaas:* Hand 15:19; Gal 5:1

***15:11** Gal 2:16; Ef 2:5-8

geluister terwyl hulle vertel van al die tekens en wonders wat God deur hulle onder die heidene gedoen het.* ¹³ Toe hulle ophou praat, het Jakobus gesê: “Broers, luister na my. ¹⁴ *Simeon^j het verduidelik hoe God van die begin af toegesien het dat Hy uit die heidene 'n volk vir sy Naam sou verkry.* ¹⁵ Hiermee stem die woorde van die profete ooreen, soos daar geskryf staan:

¹⁶ “ *Daarna sal Ek terugkom
en Ek sal die vervalde huis van Dawid weer opbou
en Ek sal die bouvalle daarvan herbou en dit herstel,
¹⁷ sodat die res van die mensdom die Here kan soek,
ja, al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is.
So sê die Here, wat hierdie dinge doen’
¹⁸ * wat van lank gelede bekend is.

¹⁹ * “Daarom oordeel ek dat ons dit nie moeilik moet maak vir hulle wat uit die heidendom na God draai nie, ²⁰ maar dat ons vir hulle moet skryf om weg te bly van dit wat deur afgode besoedel is, van hoerery, van wat verwurg is, en van bloed.* ²¹ * Daar is tog van die vroegste geslagte af in elke dorp^k mense wat Moses^l verkondig en elke Sabbatdag in die

* **15:12** na Barnabas ... gedoen het: Hand 14:27; 15:4

* **15:14** Hand 15:7-9

^j**15:14 Simeon:** Dit is Petrus.

* **15:14** God ... verkry: Luk 1:68

* **15:16-17** Am 9:11-12

* **15:18** Jes 45:21

* **15:19** Hand 15:10

* **15:20** van bloed: Gen 9:4; Lev 3:17; 17:10-14

* **15:21** Hand 13:15

^k**15:21 dorp:** Die Griekse woord *polis* (stad) kan verwys na 'n ommuurde stad of 'n dorp; dit word onderskei van die platteland of landelike area; •Stad.

^l**15:21 Moses:** Dit is gebruik om te verwys na die eerste vyf boeke van die Ou Testament.

•sinagoges voorlees.”

Besluite van die vergadering

²² Hierna het die •apostels en ouderlinge, in oorleg met die hele •gemeente, besluit om manne wat uit eie geledere gekies is, saam met Paulus en Barnabas na Antiogië te stuur. Hulle was Judas, bekend as Barsabbas, en Silas, beide leiers onder die broers. ²³ Hulle het die volgende skrywe met hulle saamgestuur:

“Die apostels en ouderlinge, julle broers,
aan die broers uit die heidene in Antiogië, Sirië en Silisië:
Gegroet!

²⁴ “Aangesien ons gehoor het dat sommige mense wat van ons af gekom het, sonder dat ons hulle opdrag gegee het, julle met hulle woorde ontstel* en julle gemoedere verwar het, ²⁵ het ons eenparig besluit om manne te kies en na julle te stuur saam met ons geliefde Barnabas en Paulus — ²⁶ mense wat hulle lewens oorgegee het vir die Naam van ons Here Jesus Christus.^m ²⁷ Ons het dus Judas en Silas gestuur, en hulle sal hierdie dinge mondeling aan julle bevestig. ²⁸ Die Heilige Gees en ons het daarom besluit om geen verdere las op julle te lê nie,* behalwe die volgende vereistes: ²⁹ Bly weg van afgodsoffers, van bloed,* van wat verwurg is en van hoerery. As julle julle hiervan weerhou, sal julle goed doen. Laat dit met julle goed gaan.”

* **15:24** *sommige ... ontstel*: Hand 15:1

^m**15:26** *Christus*: Die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

* **15:28** *geen ... lê nie*: Matt 23:4

* **15:29** *van bloed*: Vgl kruisverwysing in Hand 15:20

³⁰ So is die manne weggestuur, en hulle het na Antiogië gereis. Nadat hulle die gemeente bymekaar laat kom het, het hulle die brief oorhandig.
³¹ Die gemeente het die brief geles en was verheug oor die bemoediging.
³² Judas en Silas, wat self ook profete was, * het die broers met baie woorde bemoedig en versterk.* ³³ Hulle het 'n tyd lank daar gebly en is toe in vrede deur die gelowiges teruggestuur na die mense wat hulle afgevaardig het.ⁿ ³⁵ Paulus en Barnabas het 'n tyd lank in Antiogië gebly en saam met baie ander onderrig gegee en die evangeliewoord van die Here verkondig.

Tweede sendingreis: Paulus en Barnabas uitmekaar

³⁶ 'n Paar dae later het Paulus aan Barnabas gesê: “Kom ons gaan terug en besoek die broers^o in elke dorp^p waar ons die woord van die Here verkondig het en gaan kyk hoe dit met hulle gaan.” ³⁷ Barnabas wou ook Johannes, bekend as Markus,* saamneem, ³⁸ maar Paulus het nie gedink dat dit reg is om die man saam te neem wat hulle by Pamfilië in die steek gelaat en hulle nie vir die werk vergesel het nie.* ³⁹ Daar het toe so 'n skerp meningsverskil tussen hulle ontstaan dat hulle uitmekaar gegaan het. Barnabas het vir Markus saamgeneem en na Ciprus gevaar.* ⁴⁰ Paulus het vir Silas gekies en het vertrek nadat hulle deur die broers aan die

* **15:32** *Judas ... profete was:* Hand 11:27; 13:1

* **15:32** *het die ... versterk:* Hand 14:22; 18:23

ⁿ**15:33** *afgevaardig het:* Ander mss en vroeë vertalings lui ook nog hierna ³⁴ “Maar Silas het besluit om daar te bly.” Dit ontbreek egter in die •bronteks.

^o**15:36** *broers:* Vgl voetnoot in Hand 15:3.

^p**15:36** *dorp:* Vgl voetnoot in Hand 15:21.

* **15:37** *Johannes ... Markus:* Hand 12:12,25

* **15:38** *die man ... het nie:* Hand 13:13; Kol 4:10

* **15:39** *Barnabas ... gevaar:* Hand 4:36; 13:4

genade van die Here opgedra is.* ⁴¹ Hy het deur Sirië en Silisië gereis en die gemeentes daar versterk.

16

Timoteus by Paulus

¹ Paulus het na Derbe gegaan* en toe na Listra. En kyk, daar was 'n dissipel met die naam Timoteus — die seun van 'n gelowige Joodse vrou,* maar van 'n Griekse pa. ²*Hy was iemand oor wie die broers^q in Listra en Ikonium goeie getuienis gelewer het. ³ Paulus wou Timoteus saam op reis neem en het hom laat besny ter wille van die Jode wat in daardie streke gewoon het,* omdat almal geweet het dat sy pa 'n Griek^r was. ⁴ Soos hulle van stad^s tot stad gereis het, het hulle die voorskrifte waarop die •apostels en ouderlinge in Jerusalem besluit het,* aan die gelowiges oorgedra om dit te onderhou. ⁵*Sodoende is die •gemeentes in die geloof versterk en hulle het van dag tot dag in getal toegeneem.

Paulus se visioen in Troas

⁶ Hulle het deur Frigië en die landstreek van Galasië gereis omdat hulle

*15:40 *nadat ... opgedra is:* Hand 14:26

*16:1 *Paulus ... gegaan:* Hand 1:6

*16:1 *Timoteus ... vrou:* 2 Tim 1:5

*16:2 *Fil 2:20,27*

^q16:2 *broers:* Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

*16:3 *hom laat ... gewoon het:* Gal 2:3-5

^r16:3 *Griek:* 'n Term vir alle nie-Jode.

^s16:4 *stad:* Die Griekse woord *polis* (stad) kan verwys na 'n ommuurde stad of 'n dorp; dit word onderskei van die platteland of landelike area; •Stad.

*16:4 *die voorskrifte ... besluit het:* Hand 15:23-29

*16:5 *Hand 2:42; 5:14; 6:7*

deur die Heilige Gees verhinder is om die woord in Asië^t te verkondig. ⁷ Toe hulle naby Misië kom, het hulle probeer om na Bitinië te gaan, maar die Gees van Jesus het hulle nie toegelaat nie. ⁸ Hulle het toe by Misië verbygereis en afgegaan na Troas. ⁹ Daardie nag het Paulus 'n visioen gehad. 'n Macedoniese man het daar gestaan en hom gesmeek met die woorde: “Kom oor na Macedonië^u en help ons.” ¹⁰ Nadat hy die visioen gesien het, het ons dadelik probeer om na Macedonië te gaan, omdat ons oortuig was dat God ons geroep het om aan hulle die evangelie te verkondig.

Bekering van Lidia

¹¹ Toe ons van Troas af vertrek het, het ons reguit na Samotrake gevaar, die volgende dag na Neapolis ¹² en daarvandaan na Filippi, wat 'n toonaangewende stad was in daardie deel van Macedonië,^v 'n Romeinse kolonie. In hierdie stad het ons 'n paar dae lank vertoef. ¹³ Op die Sabbat het ons by die stadspoort uitgegaan na die rivier, waar ons vermoed het 'n bidplek was. Ons het gaan sit en met die vroue gepraat wat daar bymekaargekom het. ¹⁴ 'n Vrou uit die stad Tiatira, 'n purperhandelaar met die naam Lidia wat God vereer het,^w het ook geluister, en die Here het haar hart oopgemaak om ag te slaan op wat Paulus gesê het. ¹⁵ Nadat

^t**16:6 Asië:** 'n Romeinse provinsie. Die westelike deel van Klein-Asië, die huidige Wes-Turkye, saam met verskeie eilande en kusstede van die Egeïese See, met Efese as hoofstad.

^u**16:9 Macedonië:** 'n Romeinse provinsie in die Balkanskiereiland, noord van •Agaje, met Thessalonika as hoofstad.

^v**16:12 Macedonië:** Vgl voetnoot in Hand 16:9.

^w**16:14 wat God vereer het:** Iemand uit die heidendom wat in die God van Israel geglo het, maar nog nie die besnydenis en sommige ander Joodse gebruike en wette aanvaar het nie (Hand 13:16). So iemand het wel eredienste in die •sinagoge bygewoon.

sy en haar huishouding gedoop is,* het sy by ons aangedring en gesê: “As julle daarvan oortuig is dat ek in die Here glo, kom bly dan in my huis.” En sy het ons oorgehaal.

Paulus en Silas in die tronk

¹⁶ Terwyl ons 'n keer op pad was na die bidplek, het 'n slavin met 'n gees van waarsêery wat met haar voorspellings baie wins vir haar eienaars ingebring het,* ons tegemoet gekom. ¹⁷ Sy het agter Paulus en ons aangeloop en aanhoudend geskreeu: “Hierdie mense is diensknegte van God, die Allerhoogste!* Hulle verkondig aan julle 'n weg tot verlossing!” ¹⁸ Dit het sy vir dae aaneen gedoen. Paulus het daarvoor ontsteld geraak, omgedraai en vir die gees gesê: “Ek gebied jou in die Naam van Jesus Christus^x om uit haar uit te gaan!”* En presies op daardie oomblik het die gees uitgegaan. ¹⁹ Toe haar eienaars merk dat hulle hoop op 'n inkomste daarmee heen was, het hulle Paulus en Silas gegryp en hulle na die markplein gesleep tot voor die owerhede; ²⁰ en nadat hulle hulle voorgebring het, het hulle vir die stadsbestuurders gesê: “Hierdie mense stook onrus in ons stad,* want hulle is Jode ²¹ en verkondig gebruike wat vir ons as Romeine nie toelaatbaar is om te aanvaar of na te volg nie.” ²² *Die skare het toe ook teen hulle gedraai en die stadsbestuurders het hulle klere laat afskeur en beveel dat hulle met stokke geslaan moet word.* ²³ Nadat

* **16:15** Nadat ... gedoop is: Hand 16:33; 18:8

* **16:16** wat met ... ingebring het: Hand 19:24

* **16:17** Hierdie ... Allerhoogste: Mark 1:24,34; Luk 4:34,41

^x**16:18** *Christus*: Die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

* **16:18** Paulus ... te gaan: Mark 16:17; Hand 19:13

* **16:20** stook ... stad: 1 Kon 18:17

* **16:22-23** Fil 1:30; 1 Thess 2:2

* **16:22** beveel ... moet word: 2 Kor 11:25

hulle met baie houe geslaan is, is hulle in die tronk gegooi en is die tronkbewaarder opdrag gegee om hulle baie goed te bewaak. ²⁴ In uitvoering van hierdie opdrag het hy hulle in die binneste deel van die tronk gegooi en hulle voete in die blok vasgeklem.

²⁵ Om middernag was Paulus en Silas besig om te bid en tot lof van God te sing, en die gevangenes het na hulle geluister. ²⁶ Skielik was daar 'n hewige aardbewing, sodat die fundamente van die tronk geskud het. Al die deure het onmiddellik oopgegaan en almal se boeie het losgegaan.

²⁷ *Die tronkbewaarder het wakker geskrik en toe hy sien dat die tronk se deure oop was, het hy sy swaard getrek en wou hy homself doodmaak, omdat hy gedink het dat die gevangenes ontsnap het. ²⁸ Maar Paulus het hard uitgeroep: “Moenie jouself leed aandoen nie, want ons is almal hier!” ²⁹ Die bewaarder het vir lig gevra, ingestorm en bewend voor Paulus en Silas neergeval. ³⁰ Hy het hulle na buite gelei en gesê: “Menere, wat moet ek doen om verlos te word?”* ³¹ En hulle het geantwoord: “Glo in die Here Jesus, en jy en jou hele huishouding sal verlos word.” ³² Hulle het toe die woord van die Here aan hom en almal in sy huis verkondig.

³³ En hy het hulle op daardie uur van die nag saamgeneem en hulle wonde gewas. Hy en al sy mense is onmiddellik gedoop.* ³⁴ Hy het hulle na sy huis geneem en 'n ete voorgesit. Hy en sy hele huishouding was jubelend omdat hulle tot geloof in God gekom het.

³⁵ Teen dagbreek het die stadsbestuurders die geregsdienaars gestuur met die opdrag: “Laat daardie mense vry!” ³⁶ Die tronkbewaarder het die boodskap aan Paulus oorgedra: “Die stadsbestuurders het laat weet dat julle vrygelaat moet word. Kom dan nou uit en gaan in vrede!” ³⁷ Maar Paulus het die geregsdienaars geantwoord: “Hulle het ons sonder

* **16:27** Hand 12:18-19

* **16:30** *Menere ... te word:* Hand 2:37

* **16:33** *Hy en ... gedoop:* Hand 16:15

verhoor in die openbaar laat slaan en in die tronk laat gooi, alhoewel ons Romeinse burgers is,* en nou wil hulle ons stilletjies uitgooi? Beslis nie! Laat hulle ons self kom uitlei.”³⁸ Die geregsdienaars het hierdie boodskap aan die stadsbestuurders oorgedra. Toe hulle hoor dat Paulus en Silas Romeinse burgers is, het hulle bang geword.³⁹ *Hulle het hulle om verskoning kom vra, hulle uitgelei en versoek om die stad te verlaat.⁴⁰ Toe hulle uit die tronk kom, het hulle na Lidia se huis gegaan. Daar het hulle die broers^y gesien, hulle moed ingepraat en vertrek.

17

Oproer in Thessalonika

¹ *Paulus en Silas het deur Amfipolis en Apollonië gereis en in Thessalonika gekom, waar daar 'n Joodse •sinagoge was. ² Soos dit Paulus se gewoonte was, het hy na hulle gegaan* en op drie Sabbatdae ná mekaar met hulle uit die Skrifte geredeneer. ³ Deur die Skrifte uit te lê het hy bewys dat die Christus^z moes ly* en uit die dood opstaan.* “Hierdie Christus is Jesus, wat ek aan julle verkondig,”* het hy gesê. ⁴ Sommige van hulle is oortuig en het by Paulus en Silas aangesluit, so

*16:37 *Hulle het ... burgers is:* Hand 22:25

*16:39 Matt 8:34

^y16:40 *broers:* Vgl voetnoot in Hand 16:2.

*17:1-9 1 Thess 2:1-2

*17:2 *Soos ... gegaan:* Luk 4:16; Hand 9:20; 17:10,17

^z17:3 *Christus:* Die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

*17:3 *die Christus ... ly:* Luk 24:26; Hand 3:18

*17:3 *die Christus ... opstaan:* Luk 24:46

*17:3 *Hierdie ... verkondig:* Hand 9:22; 18:5,28

ook 'n menigte Grieke wat God vereer,^a en geen geringe aantal vooraanstaande vroue nie.*⁵ Die Jode het egter jaloers geword, uit 'n klomp slegte manne wat op die markplein leeglê 'n oproerige bende gevorm en die stad in rep en roer gebring. Hulle het na Jason se huis opgeruk en na Paulus en Silas gesoek om hulle voor 'n volksvergadering^b te daag.⁶ Maar toe hulle hulle nie kry nie, het hulle Jason en 'n paar ander broers na die stadsowerhede gesleep en geskreeu: “Die mense wat die hele wêreld in opstand bring, het nou ook hier aangekom*⁷ en Jason het hulle as gaste ontvang. Hulle tree almal in stryd met die keiser se voorskrifte op* deur te sê dat daar 'n ander koning is, naamlik Jesus.*”⁸ Hierdeur het hulle die skare en die stadsowerhede wat dit gehoor het, ontstel.⁹ Eers nadat hulle van Jason en die ander borgtog ontvang het, het hulle hulle vrygelaat.

Apostels in Berea

¹⁰ Die broers het Paulus en Silas, toe dit nag word, dadelik na Berea gestuur. Met hulle aankoms het hulle na die Joodse sinagoge gegaan.

¹¹ Die mense daar was meer welwillend as dié in Thessalonika. Hulle het die boodskap baie geesdriftig ontvang en die Skrifte daaglik bestudeer

^a**17:4 wat God vereer:** Dit was persone uit die heidendom wat in die God van Israel geglo het, maar nog nie die noodsaaklikheid van die besnydenis en sommige ander Joodse gebruike en wette aanvaar het nie. Hulle het wel eredienste in die •sinagoge bygewoon.

* **17:4 so ook ... vroue nie:** Hand 13:50; 17:12

* **17:5-6** 1 Thess 2:14

^b**17:5 volksvergadering:** 'n Versameling burgers in 'n Hellenistiese stad, saamgeroep om besluite te neem.

* **17:6 Die mense ... aangekom:** Hand 16:20

* **17:7 Hulle tree ... op:** Luk 23:2

* **17:7 deur te ... Jesus:** Joh 19:2

om vas te stel of dit so is.* ¹² As gevolg daarvan het baie van hulle, en ook nie 'n geringe aantal van die vooraanstaande Griekse vroue en mans nie, gelowig geword.* ¹³ Toe die Jode van Thessalonika egter verneem dat die woord van God ook in Berea deur Paulus verkondig is, het hulle ook daar die skares gaan opsweep en in oproer gebring. ¹⁴ Die broers het Paulus toe dadelik weggestuur om na die kus te gaan, maar Silas en Timoteus het daar agtergebly. ¹⁵ Die mense wat Paulus begelei het, het hom tot by Athene geneem en vertrek met 'n opdrag aan Silas en Timoteus om so spoedig moontlik weer na Paulus terug te keer.

Paulus in Athene

¹⁶ Terwyl Paulus in Athene op hulle gewag het, was hy in sy gees diep verontwaardig toe hy sien dat die stad vol afgodsbeelde is. ¹⁷ Hy het in die sinagoge met die Jode en die mense wat God vereer, geredeneer* en ook elke dag op die markplein met wie ook al daar was. ¹⁸ Sommige van die Epikuriese en Stoïsynse filosowe^{cd} het ook met hom gedebatteer, en party van hulle het gesê: “Wat sou hierdie praatjiesmaker tog wil sê?” En omdat hy Jesus en die opstanding verkondig het, het ander van hulle weer opgemerk: “Dit lyk of hy 'n verkondiger van vreemde gode is.” ¹⁹ Hulle het hom geneem en na die Areopagus^e gebring en gesê: “Mag ons

* **17:11** *die Skrifte ... so is:* Joh 5:39

* **17:12** *ook nie ... geword:* Hand 13:50; 17:4

* **17:13** Hand 14:19

* **17:17** *Hy ... geredeneer:* Hand 18:19

^c**17:18** *Epikuriese ... filosowe:* Aanhangers van die filosoof Epikurus wat onder meer geleer het dat die dood die einde van alles is en dat jy daarom die lewe ten volle moet geniet.

^d**17:18** *Stoïsynse filosowe:* Aanhangers van die leer van Zeno wat onder meer geleer het dat 'n mens sy emosies moet beheer en in die noodlot moet berus.

^e**17:19** *Areopagus:* 'n Klein rotskoppie naby die Akropolis waar die stadsvaders van Athene elke dag vergader het. Hier dui dit op die Raad wat daar vergader het.

weet wat die nuwe leer is wat deur jou verkondig word? ²⁰ Want dit wat jy sê, val vreemd op ons ore en ons wil graag weet wat dit beteken.” ²¹ Al die Atheners en ook die uitlanders wat daar woon, het vir niks anders tyd as om oor iets nuuts te praat of daarna te luister nie.

²² Paulus het toe in die middel van die Areopagus gaan staan en gesê: “Atheners, ek sien dat julle in alle opsigte baie godsdienstig is. ²³ Want toe ek deur die stad gestap het en noukeurig gekyk het na julle voorwerpe van aanbidding, het ek ook 'n altaar gevind waarop geskryf staan, ‘Aan 'n onbekende god.’ Wat julle dan onwetend aanbid, verkondig ek aan julle. ²⁴ Die God wat die wêreld gemaak het en alles wat daarin is, Hy wat Here is van hemel en aarde, ^{**} woon nie in tempels wat met hande gemaak is nie. ^{*} ²⁵ Hy word ook nie deur menslike hande bedien, asof Hy aan iets behoefte het nie ^{*} — dit is Hy wat aan almal lewe en asem, ja alles, gee. ^{*} ²⁶ Uit een mens het Hy al die nasies van die mensdom gemaak om die hele aarde te bewoon. Hy het vir hulle vasgestelde tye gegee en die grense van hulle woongebied bepaal, ^{*} ²⁷ sodat hulle God kon soek, en miskien na Hom sou uitreik en Hom sou vind, ^{*} aangesien Hy nie ver van een van ons af is nie. ^{*} ²⁸ Want deur Hom leef ons, beweeg ons en bestaan ons, soos sommige van julle digters inderdaad gesê het, ‘Ons is ook van sy geslag.’^f

*17:24 Die God ... aarde: Ps 146:6; Jes 42:5

*17:24 Hy wat Here ... aarde: Matt 11:25

*17:24 woon nie ... is nie: 1 Kon 8:27; Hand 7:48

*17:25 Hy word ... het nie: Ps 50:12

*17:25 dit is Hy ... gee: Jes 42:5

*17:26 die grense ... bepaal: Deut 32:8

*17:27 sodat hulle ... vind: Jes 55:6

*17:27 aangesien Hy ... af is nie: Ps 145:18; Jer 23:23

^f17:28 **Ons ... geslag:** Die aanhaling kom uit 'n gedig van die digter Aratus (310-245 vC), *Phaenomena* 5.

²⁹ “Aangesien ons dan van God se geslag is,* moet ons nie dink dat die goddelike wese soos goud of silwer of klip is nie — 'n beeld gevorm deur die vaardigheid en ingewing van 'n mens.* ³⁰ God het die tye van onkunde oorgesien,* maar nou roep Hy alle mense oral op om hulle te bekeer.

³¹ Want Hy het 'n dag bepaal waarop Hy die wêreld in regverdigheid gaan oordeel* deur 'n Man wat Hy daarvoor aangewys het.* En Hy het dit aan almal bevestig deur Hom uit die dood te laat opstaan.”

³² Toe hulle van die opstanding van die dooies hoor, het sommige hom uitgelag, terwyl ander gesê het: “Ons sal jou weer hieroor wil hoor.” ³³ So het Paulus uit hulle midde vertrek. ³⁴ 'n Paar manne het egter gelowig geword en by hom aangesluit, onder wie Dionisius, 'n lid van die Areopagus, en 'n vrou met die naam Damaris, en nog ander saam met hulle.

18

Paulus in Korinthe

¹ Daarna het Paulus Athene verlaat en na Korinthe gegaan. ² Daar het hy 'n Jood met die naam Akwila aangetref, 'n boorling van Pontus, wat kort tevore saam met sy vrou, Priscilla, daar aangekom het uit Italië,* omdat Claudius[§] beveel het dat alle Jode Rome moes verlaat. Paulus het na hulle gegaan, ³ en omdat hy dieselfde ambag as hulle beoefen het — hulle was immers tentmakers van beroep — het hy by hulle gebly en

* **17:29** Aangesien ... geslag is: Gen 1:27

* **17:29** moet ... mens: Jes 40:18-20; 44:10-17; Hand 19:26

* **17:30** God ... oorgesien: Hand 14:16; 17:23

* **17:31** Hy die ... oordeel: Ps 9:9; 96:13; 98:9

* **17:31** Hy die ... aangewys het: Hand 10:42

* **18:2** 'n Jood ... Italië: Rom 16:3

[§]**18:2** **Claudius**: Die Romeinse keiser wat van 41-54 nC regeer het.

saam met hulle gewerk.* ⁴ Elke Sabbat het hy in die •sinagoge geredeneer en probeer om Jode sowel as Grieke te oortuig.

⁵ En toe Silas en Timoteus van Macedonië^h af daar aangekom het,* het Paulus hom op die verkondiging toegespits en teenoor die Jode getuig dat Jesus die Christusⁱ is.* ⁶ Maar omdat hulle aangehou het om hom teen te staan en om lasterlike dinge te sê, het hy die •stof van sy klere afgeskud^j en vir hulle gesê: “Julle bloed is op julle eie kop — sonder skuld daaraan* sal ek van nou af na die heidene gaan.” ⁷ Hy is toe daarvandaan weg en het na die huis gegaan van 'n man met die naam Titius Justus, wat God vereer^k het; sy huis was langs die sinagoge.

⁸ *Krispus, die leier van die sinagoge, het saam met sy hele huis tot geloof in die Here gekom.* Ook baie van die Korinthiërs wat hom gehoor het, het gelowig geword en is gedoop. ⁹ Die Here het een nag deur 'n visioen vir Paulus gesê: “Moenie bang wees nie, maar hou aan praat en moenie stilbly nie! ¹⁰ Ek is immers met jou en niemand sal 'n vinger op jou lê om

***18:3** *hulle was ... gewerk:* Hand 20:34; 1 Kor 4:12

^h**18:5** **Macedonië:** 'n Romeinse provinsie in die Balkanskiereiland, noord van •Agaje, met Thessalonika as hoofstad.

***18:5** *En toe ... aangekom het:* Hand 17:14-15

ⁱ**18:5** **Christus:** Die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

***18:5** *teenoor ... Christus is:* Hand 9:22; 17:3; 18:28

***18:6** Hand 13:45-46

^j**18:6** **stof ... afgeskud:** Dit was 'n teken dat mense niks verder met ander te doen wou hê nie; vgl Matt 10:14; Mark 6:11; Luk 9:5; 10:10-11; Hand 13:51.

***18:6** *Julle ... daaraan:* Hand 20:26

^k**18:7** **wat God vereer:** Iemand uit die heidendom wat in die God van Israel geglo het, maar nog nie die besnydenis en sommige ander Joodse gebruike en wette aanvaar het nie (Hand 13:16). So iemand het wel eredienste in die •sinagoge bygewoon.

***18:8** 1 Kor 1:14

***18:8** *het saam ... gekom:* Hand 16:15,33

jou kwaad aan te doen nie,* want in hierdie stad is daar baie mense wat aan My behoort.”¹¹ Paulus het 'n jaar en ses maande lank daar gebly en hulle in die woord van God onderrig.

¹² Toe Gallio die prokonsul^l van Agaje^m word, het die Jode egter eenparig teen Paulus opgetree en hom voor die hof gebring¹³ en gesê: “Hierdie man oorreed die mense om God so te vereer dat dit in stryd met die wet is.”¹⁴ Net toe Paulus wou begin praat,ⁿ het Gallio vir die Jode gesê: “Jode, as dit oor 'n onreg of ernstige misdaad gegaan het, sou ek met rede julle aanklag toegelaat het;¹⁵* maar aangesien dit 'n geskil is oor woorde en name en julle eie wet, moet julle maar self toesien. Ek wil nie daarvoor regter wees nie.”¹⁶ En hy het hulle uit die hof gejaag.¹⁷ Toe het almal vir Sostenes, die leier van die sinagoge, gegryp en hom voor die hofgebou geslaan. Gallio het hom egter aan niks hiervan gesteur nie.

Terugkeer na Antiogië

¹⁸ Nadat Paulus nog 'n geruime tyd by die broers^o vertoef het, het hy afskeid geneem en per skip na Sirië vertrek, vergesel van Priscilla en Akwila. In Kenchreë^p het hy sy kop laat kaal skeer omdat hy 'n gelofte afgelê het.*¹⁹ Hulle het in Efese aangekom, waar hy sy reisgenote agtergelaat het. Self het hy egter die •sinagoge binnegegaan en met die

***18:9-10** *Die Here ... doen nie:* 1 Kor 9:23; *Moenie ... doen nie:* Jes 41:10; 43:5; Jer 1:8

^l**18:12** *prokonsul:* Die amptenaar wat namens die Senaat in beheer was van 'n Romeinse provinsie; •Romeinse ampsdraers.

^m**18:12** *Agaje:* 'n Romeinse provinsie wat uit Sentraal- en Suid-Griekeland bestaan het.

ⁿ**18:14** *wou ... praat:* Letterlik ‘sy mond wou oopmaak’, 'n uitdrukking om die begin van 'n belangrike uitspraak aan te dui.

***18:15** Joh 18:31

***18:14-15** *het Gallio ... wees nie:* Hand 23:29; 25:18-19

^o**18:18** *broers:* Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

^p**18:18** *Kenchreë:* Die oostelike hawe van Korinthe.

***18:18** *In Kenchreë ... afgelê het:* Num 6:18; Hand 21:24

Jode geredeneer.* ²⁰ Alhoewel hulle hom versoek het om langer te bly, het hy nie ingestem nie, ²¹ maar afskeid geneem en gesê: “Ek sal, as dit God se wil is, weer na julle kom.”* Hy het toe van Efese af weggevaar. ²² Nadat hy in Caesarea geland het, het hy die •gemeente gaan groet en toe na Antiogië vertrek.

Derde sendingreis: Apollos in Efese

²³ Nadat Paulus 'n tyd lank daar gebly het, het hy weer vertrek en van plek tot plek deur die landstreek van Galasië en deur Frigië gereis en al die dissipels versterk.

²⁴ 'n Jood met die naam Apollos, 'n boorling van Aleksandrië, het in Efese aangekom. Hy was 'n welsprekende man, goed onderlê in die Skrifte. ²⁵ Hy het oor die Weg van die Here^q onderrig ontvang en geesdriftig* gepraat en deeglike onderrig gegee oor die dinge wat op Jesus betrekking het, alhoewel hy net die doop van Johannes geken het.* ²⁶ Hy het met vrymoedigheid in die sinagoge begin preek.* Toe Priscilla en Akwila hom hoor, het hulle hom huis toe geneem en vir hom die Weg van God nog duideliker uiteengesit. ²⁷ Toe hy na Agaje^r wou afreis, het die broers hom aangemoedig en vir die dissipels geskryf om hom gasvry te ontvang.* Met sy aankoms daar was hy van groot hulp vir diegene wat deur die genade gelowig geword het, ²⁸ * omdat hy die Jode kragtig in die

*18:19 *Self ... geredeneer*: Hand 17:17

*18:21 *Ek ... kom*: Rom 1:10; 1 Kor 4:19

^q18:25 *die Weg ... Here*: Die uitdrukking ‘die Weg’ is aan Jes 55:7 ontleen, maar dui in *Handelinge* op die Christene se leer en lewe; vgl Joh 14:6; Hand 9:2.

*18:25 *geesdriftig*: Rom 12:11

*18:25 *alhoewel ... geken het*: Hand 19:3; Luk 7:29

*18:26 *Hy het ... preek*: Hand 19:8

^r18:27 *Agaje*: Vgl voetnoot in Hand 18:12.

*18:27 *Toe ... ontvang*: 2 Kor 3:1

*18:28 Hand 9:22; 17:3

openbaar teengesprek het terwyl hy uit die Skrifte bewys het dat Jesus die Christus^s is.

19

Paulus in Efese

¹ Terwyl Apollos in Korinthe was, het Paulus deur die hoërlygende gebiede gereis en afgegaan na Efese waar hy 'n aantal dissipels aangetref het. ² Hy het hulle gevra: “Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het?”* Hulle het hom geantwoord: “Nee, ons het nie eers gehoor dat daar 'n Heilige Gees is nie.*” ³ Toe vra hy: “Met watter doop is julle dan gedoop?” “Met die doop van Johannes*”, het hulle geantwoord. ⁴ Daarop het Paulus gesê: “Johannes het gedoop met 'n bekeringsdoop toe hy vir die volk gesê het om te glo in die Een wat ná hom kom,* dit is in Jesus.” ⁵ Nadat hulle dit gehoor het, is hulle in die Naam van die Here Jesus gedoop. ⁶ Paulus het hulle die hande opgelê* en die Heilige Gees het oor hulle gekom, en hulle het in tale gespreek en geprofeteer.* ⁷ Altesaam was daar ongeveer twaalf mans.

⁸ Paulus het toe na die •sinagoge gegaan en daar vir drie maande lank met vrymoedigheid gepreek,* geredeneer en hulle probeer oortuig aangaande die •koninkryk van God. ⁹ Maar aangesien sommige van hulle hardkoppig was en nie wou glo nie, en die Weg^t voor die menigte

^s18:28 *Christus*: Vgl voetnoot in Hand 18:5.

* 19:2 *Het julle ... geword het*: Hand 2:38

* 19:2 *ons het ... is nie*: Joh 7:39; Hand 8:16

* 19:3 *doop van Johannes*: Luk 7:29

* 19:4 *Johannes ... kom*: Matt 3:11; Mark 1:4,7-8

* 19:6 *Paulus ... opgelê*: Hand 8:17; 10:44

* 19:6 *hulle het in ... geprofeteer*: Hand 10:46

* 19:8 *Paulus ... gepreek*: Hand 18:26

^t19:9 *die Weg*: Die uitdrukking is aan Jes 55:7 ontleen, maar dui in *Handelinge* op die Christene se leer en lewe; vgl Joh 14:6; Hand 18:25.

beswadder het, het hy weggegaan, die dissipels van hulle afgesonder* en daagliks in die lesingsaal van Tirannus besprekings gehou. ¹⁰ Dit het twee jaar lank aangehou, sodat al die inwoners van Asië,^u Jode en Grieke, die woord van die Here gehoor het.

Seuns van Skeva

¹¹ *God het deur die hande van Paulus besonder kragtige daade verrig, ¹² *sodat selfs wanneer sweetdoeke en voorskote wat aan sy lyf was, na siekes geneem is, hulle siektes verdwyn en die bose geeste uitgewyk het. ¹³ Sommige van die rondreisende Joodse geestebesweerders het ook probeer om die Naam van die Here Jesus uit te spreek oor mense met bose geeste* deur te sê: “Ek besweer julle by die Jesus wat Paulus verkondig!” ¹⁴ Dit was Skeva, 'n Joodse leierpriester, se sewe seuns wat dit gedoen het. ¹⁵ Maar die bose gees het hulle geantwoord: “Jesus ken ek,* en van Paulus weet ek, maar julle, wie is julle?” ¹⁶ Die man in wie die bose gees was, het hulle bespring en hulle almal oorweldig en die oorhand oor hulle gekry, sodat hulle kaal en gewond uit daardie huis gevlug het. ¹⁷ Dit het bekend geword onder al die Joodse en Griekse inwoners van Efese, en vrees het hulle almal oorval* en die Naam van die Here Jesus is verheerlik. ¹⁸ Baie van diegene wat gelowig geword het, het na vore gekom, belydenis gedoen en hulle praktyke in die openbaar

*19:9 *het hy ... afgesonder*: 2 Kor 6:17

^u19:10 *Asië*: 'n Romeinse provinsie. Die westelike deel van Klein-Asië, die huidige Wes-Turkye, saam met verskeie eilande en kusstede van die Egeïese See, met Efese as hoofstad.

*19:11 *Hand* 14:3

*19:12 *Hand* 5:15-16

*19:13 *Sommige ... geeste*: Mark 9:38; Luk 9:49

*19:15 *Maar ... ken ek*: Mark 1:24; Luk 4:34,41

*19:17 *vrees ... oorval*: Hand 5:5,11

bekend gemaak. ¹⁹ 'n Hele aantal van hulle wat towery bedryf het, het hulle •boekrolle saambring en voor almal verbrand. Hulle het die waarde daarvan bereken en bevind dat dit vyftigduisend silwerstukke^v werd was. ²⁰ *So het die woord van die Here kragtig bly groei en steeds sterker geword.

²¹ Ná hierdie gebeurtenisse het Paulus hom voorgeneem^w om deur Macedonië^x en Agaje^y te reis en na Jerusalem te gaan. Hy het gesê: “Nadat ek daar was, moet ek ook Rome sien.”* ²² Hy het twee van sy helpers, Timoteus en Erastus, na Macedonië gestuur, terwyl hy self nog 'n tyd lank in Asië^z vertoef het.

Oproer in Efese

²³ *Juis in daardie tyd het daar 'n oproer, van geen geringe omvang nie, oor die Weg^a ontstaan. ²⁴ 'n Man met die naam Demetrius, 'n silwersmid wat Artemistempeltjies uit silwer vervaardig het, het 'n inkomste wat glad nie gering was nie, aan die ambagsmanne verskaf.* ²⁵ Hy het hulle, en ook ander wat soortgelyke ambagte beoefen, byeengeroep en gesê:

^v**19:19 50 000 silwerstukke:** Ongeveer ekwivalent aan 167 jaar se loon; •Geldeenhede.

^{*}**19:20** Hand 6:7; 12:24

^w**19:21 *het ... voorgeneem:*** Die idiomatiese uitdrukking ‘in die gees besluit’ kan letterlik vertaal word “het Paulus deur die Gees besluit”.

^x**19:21 *Macedonië:*** 'n Romeinse provinsie in die Balkanskiereiland, noord van •Agaje, met Thessalonika as hoofstad.

^y**19:21 *Agaje:*** 'n Romeinse provinsie wat uit Sentraal- en Suid-Griekeland bestaan het.

^{*}**19:21 *Nadat ... sien:*** Hand 23:11; Rom 1:13

^z**19:22 *Asië:*** Vgl voetnoot in Hand 19:10.

^{*}**19:23** 2 Kor 1:8

^a**19:23 *die Weg:*** Vgl voetnoot in Hand 19:9

^{*}**19:24 *het 'n inkomste ... verskaf:*** Hand 16:16

“Manne, julle weet dat ons welvaart van hierdie bedryf afhanklik is,²⁶ en julle sien en hoor dat hierdie Paulus nie net in Efese nie, maar in byna die hele Asië^b 'n groot aantal mense oorreed en mislei het deur te sê dat gode wat met die hand gemaak word, glad nie gode is nie.*²⁷ Dit hou die gevaar in dat nie net ons beroep in onguns raak nie, maar ook dat die tempel van die groot godin Artemis^c as onbenullig beskou word en dat sy, wat in die hele Asië en die hele wêreld vereer word, van haar grootheid beroof sal word.”

²⁸ Toe hulle dit hoor, het hulle woedend geraak en geskreeu: “Groot is Artemis van die Efesiërs!”²⁹ En daar het verwarring oor die hele stad gekom; hulle het soos een man na die amfiteater gestorm en Paulus se reisgenote, die Macedoniërs Gaius en Aristargus, saamgesleep.³⁰ Paulus wou tussen die skare ingaan, maar die dissipels het hom nie toegelaat nie.³¹ Ook sommige van die hoë amptenare van Asië wat met hom bevriend was, het vir hom 'n boodskap gestuur en by hom gepleit dat hy hom nie in die teater begewe nie.³² Intussen het hulle bly skreeu, sommige dit en ander dat, want die volksvergadering^d was in verwarring en die meeste het nie eers geweet waarom hulle bymekaargekom het nie.³³ Die Jode het Aleksander na vore gestoot en hom voorgesê. Aleksander het 'n handgebaar gemaak^e en wou sy verdediging voor die skare lewer.³⁴ Maar toe hulle agterkom dat hy 'n Jood is, het een kreet uit almal

^b19:26 *Asië*: Vgl voetnoot in Hand 19:10.

*19:26 *deur te sê ... is nie*: Hand 17:29

^c19:27 *Artemis*: 'n Griekse godin, in Latyn bekend as Diana, is veral in Klein-Asië vereer. Haar tempel, een van die sewe wonders van die antieke wêreld, was net buite Efese geleë.

^d19:32 *volksvergadering*: 'n Versameling burgers in 'n Hellenistiese stad, saamgeroep om besluite te neem.

^e19:33 *handgebaar gemaak*: 'n Teken om aandag te vra wanneer iemand wil praat; vgl Hand 12:17; 13:16; 21:40.

opgeklink. Hulle het vir twee ure aaneen geskreeu: “Groot is Artemis van die Efesiërs!”³⁵ Die stadsklerk het die skare egter tot bedaring gebring en gesê: “Manne van Efese, wie is daar onder die mense wat nie weet nie dat die stad Efese die beskermer is van die grote Artemis se tempel en van haar beeld wat uit die hemel geval het?”³⁶ Omdat dit nie ontken kan word nie, is dit nodig dat julle tot bedaring kom en niks oorhaastig aanvang nie.³⁷ Want hierdie manne wat julle hierheen gebring het, is nie tempelrowers^f nie en belaster ook nie ons godin nie.³⁸ As Demetrius en die ambagsmanne by hom 'n klag teen iemand het — hofsittings word gehou en daar is prokonsuls^g daarvoor. Laat hulle mekaar daar aankla.³⁹ As julle egter iets anders wil hê, dan moet dit op 'n wettige volksvergadering beslis word.⁴⁰ Want ons loop reeds gevaar om oor vandag se oproer aangekla te word, aangesien daar geen grond is wat ons as regverdiging vir hierdie opskudding kan aanvoer nie.” Nadat hy dit gesê het, het hy die volksvergadering verdaag.

20

Paulus in Griekeland

¹ Nadat die oproer bedaar het, het Paulus die dissipels ontbied en hulle moed ingeproat. Daarna het hy hulle gegroet en op sy reis na Macedonië^h vertrek. ² Hy het deur daardie streke gereis, en nadat hy hulle met baie woorde bemoedig het, het hy in Griekeland aangekom ³ waar hy drie maande deurgebring het. Aangesien die Jode 'n komplot teen hom gesmee het net toe hy na Sirië wou vaar, het hy besluit om deur Macedonië terug

^f**19:37 tempelrowers:** Tempels is dikwels beroof met die oog op die kosbaarhede (goud, juwele, ens) daarin.

^g**19:38 prokonsuls:** Amptenare wat namens die senaat in beheer was van Romeinse provinsies; •Romeinse ampsdraers.

^h**20:1 Macedonië:** 'n Romeinse provinsie in die Balkanskiereiland, noord van •Agaje, met Thessalonika as hoofstad.

te keer. ⁴ Hy is vergesel deur Sopater — die seun van Pirrus — uit Berea, deur Aristargus en Sekundus van Thessalonika, Gaius van Derbe en Timoteus, sowel as Tigikus en Trofimus van Asië.ⁱ ⁵ Hulle het vooruit gereis en in Troas op ons gewag. ⁶ Self het ons egter eers ná die dae van die Fees van die Ongesuurde Brood^j vanaf Filippi gevaar en vyf dae later by hulle in Troas aangekom, waar ons sewe dae lank gebly het.

Paulus in Troas

⁷ Toe ons op die eerste dag van die week^k byeengekom het om brood te breek, ^{*} het Paulus hulle toegesprek, omdat hy die volgende dag wou vertrek, en sy rede uitgerek tot om middernag. ⁸ Daar was heelwat lampe in die bovertrek waar ons byeengekom het. ⁹ 'n Jong man met die naam Eutigus het in die venster gesit, en terwyl Paulus lank bly praat het, is hy deur 'n diep slaap oorval. Oorweldig deur die slaap, het hy van die derde verdieping^l na onder geval waar hy dood opgetel is. ¹⁰ ^{*}Paulus het ondertoe gegaan, op hom gaan lê, hom in sy arms geneem en gesê: “Moet julle nie ontstel nie, want daar is nog lewe in hom!” ¹¹ Hy het weer boontoe gegaan, brood gebreek en geëet. Daarna het hy nog vir 'n geruime tyd, tot dagbreek toe, met hulle gepraat en toe vertrek. ¹² Hulle het die seun lewend huis toe geneem en was uitermate bemoedig.

ⁱ**20:4 Asië:** 'n Romeinse provinsie. Die westelike deel van Klein-Asië, die huidige Wes-Turkye, saam met verskeie eilande en kusstede van die Egeïese See, met Efese as hoofstad.

^j**20:6 Fees ... Brood:** 'n Fees wat begin het met die •Pasga en wat sewe dae lank aangehou het, van 14 tot 21 •Abib of •Nisan, soos die maand later genoem is. In daardie sewe dae moes die Israeliete brood eet wat nie suurdeeg in het nie; •Feeste.

^k**20:7 1ste dag ... week:** Letterlik ‘op die eerste van die Sabbatte’, dws Sondag; •Tydsindeling; vgl Joh 20:1,19.

^{*}**20:7 ons ... breek:** Hand 2:42,46

^l**20:9 3de verdieping:** Volgens ons konvensie “tweede verdieping”.

^{*}**20:10 1 Kon 17:21**

Reis na Milete

¹³ Ons het vooruit gegaan na die skip en weggevaar na Assos, waar ons beplan het om Paulus aan boord te neem, aangesien hy dit so gereël het met die bedoeling om te voet daarheen te reis. ¹⁴ Toe hy ons by Assos ontmoet, het ons hom aan boord geneem en na Mitilene gevaar, ¹⁵ waarvandaan ons die volgende dag weggevaar en reg oorkant Chios aangekom het. Die dag daarna het ons Samos bereik en die daaropvolgende dag by Milete aangekom. ¹⁶ Want Paulus het besluit om by Efese verby te vaar, sodat hy nie tyd in Asië^m hoef te bestee nie. Hy was gretig om, as dit kon, op die Pinksterdagⁿ in Jerusalem te wees.

Paulus se afskeidsboodskap

¹⁷ *Uit Milete het Paulus 'n boodskap na Efese gestuur en die ouderlinge van die •gemeente ontbied. ¹⁸ Toe hulle by hom aankom, het hy vir hulle gesê: “Julle weet dat ek vanaf die eerste dag toe ek in Asië aangekom het, die hele tyd by julle was* ¹⁹ en hoe ek die Here gedien het in alle nederigheid en met tranen en deur die beproewinge wat oor my gekom het as gevolg van die sameswerings van die Jode. ²⁰ Julle weet ook hoe ek nie nagelaat het om enigiets van dit wat vir julle voordelig is aan julle te verkondig en aan julle in die openbaar en in julle huise te onderrig nie, ²¹ terwyl ek teenoor Jode sowel as Grieke kragtig getuig het van bekering tot God en geloof in ons Here Jesus. ²² En kyk, nou gaan ek,

^m**20:16 Asië:** Vgl voetnoot in Hand 20:4.

ⁿ**20:16 Pinksterdag:** Pinksterfees, ook genoem Fees van die Weke of Fees van die Oes, is gevier sewe weke ná die begin van die graanoes, die dag waarop die eerste gerf gars gesny is wat voor die Here aangebied moes word. Dit het gewoonlik gebeur teen Pasga, sodat die Fees van die Weke sewe weke (vyftig dae) na Pasga gevier is; •Feeste.

***20:17** Hand 18:21

***20:18** dat ek ... julle was: Hand 18:19; 19:10

gebind deur die Gees, na Jerusalem* sonder om te weet wat daar met my gaan gebeur — ²³ *behalwe dat die Heilige Gees van stad^o tot stad aan my bevestig het dat gevangenskap en swaarkry op my wag.* ²⁴ *Maar ek heg geen waarde aan my eie lewe nie, solank ek my lewenstaak en die bedieningsopdrag wat ek van die Here Jesus ontvang het, kan voltooi:* om kragtig te getuig van die evangelie van die genade van God.

²⁵ “En kyk, ek weet nou dat nie een van julle onder wie ek rondbeweeg en aan wie ek die koninkryk verkondig het, my weer sal sien nie. ²⁶ Daarom verklaar ek op hierdie dag van vandag aan julle dat ek onskuldig is aan julle almal se bloed;* ²⁷ want ek het nie daarvan teruggedeins om die volle heilsplan van God aan julle te verkondig nie. ²⁸ Pas julleself op en ook die hele kudde oor wie die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om die gemeente van God,* wat Hy deur sy eie bloed verwerf het,* herderlik te versorg. ²⁹ Ek weet dat wrede wolwe* ná my vertrek julle geledere sal binnedring en die kudde nie sal spaar nie. ³⁰ Selfs uit julle eie geledere sal daar manne na vore kom wat verdraaide dinge verkondig* om die dissipels agter hulle aan weg te lok. ³¹ *Wees

*20:22 gaan ek ... Jerusalem: Hand 19:21

*20:23 Hand 21:4,11

^o20:23 **stad**: Die Griekse woord *polis* (stad) kan verwys na 'n ommuurde stad of 'n dorp; dit word onderskei van die platteland of landelike area; •Stad.

*20:23 swaarkry ... wag: Hand 9:16

*20:24 Hand 21:13

*20:24 solank ek ... voltooi: 2 Tim 4:7

*20:26 onskuldig ... bloed: Hand 18:6

*20:28 Pas ... God: 1 Pet 5:2

*20:28 die gemeente ... verwerf het: Ps 74:2

*20:29 wrede wolwe: Matt 7:15; Joh 10:12

*20:30 uit julle ... verkondig: 1 Joh 2:19

*20:31 Hand 19:10

daarom waaksaam en onthou dat ek vir drie jaar lank, dag en nag nie opgehou het om 'n ieder en 'n elk van julle met trane te waarsku nie*.

³² En nou vertrou ek julle toe aan God en sy woord van genade, Hy wat die mag het om op te bou en aan julle onder almal wat geheilig is, 'n erfenis te gee.* ³³ *Silwer of goud of klere het ek van niemand begeer nie. ³⁴ *Julle weet self dat ek met hierdie hande van my in my eie behoeftes voorsien het en ook in dié van hulle saam met my. ³⁵ In alles het ek vir julle gewys dat 'n mens deur hard te werk die swakkes moet help en die woorde van die Here Jesus moet onthou toe Hy gesê het, 'Dit maak 'n mens gelukkiger om te gee as om te ontvang.*”

³⁶ *Nadat hy dit gesê het, het hy saam met almal gekniel en gebid.

³⁷ Almal het baie gehuil en Paulus omhels en hom gesoen.* ³⁸ Hulle was veral bedroef oor die feit dat hy gesê het hulle sal hom nie weer sien nie.* Toe het hulle hom na die skip vergesel.

21

Paulus se reis na Jerusalem

¹ Nadat ons ons van hulle weggeskeur het, het ons weggevaar, reguit koers gehou en by Kos aangekom, en die volgende dag na Rodos gevaar en daarvandaan na Patara. ² Daar het ons 'n skip gevind wat na Fenisië sou oorvaar, aan boord gegaan en weggevaar. ³ Ons het binne sig van Ciprus gekom, maar dit aan ons linkerkant gelaat in ons verbyvaart na

*20:31 *nie opgehou ... waarsku nie*: 1 Thess 2:11

*20:32 *onder almal ... te gee*: Deut 33:3-4; Wys 5:5; Hand 26:18

*20:33 1 Sam 12:3; 1 Kor 9:11

*20:34 Hand 18:3; 1 Kor 4:12; 1 Thess 2:9

*20:35 *Dit maak ... ontvang*: Matt 10:8

*20:36 Hand 21:5

*20:37 *Paulus ... gesoen*: Hand 21:5; Rom 16:16; 1 Pet 5:14

*20:38 *oor die ... sien nie*: Hand 20:25

Sirië en by Tirus aan wal gegaan, omdat die skip se vrag daar afgelaai sou word. ⁴ Ons het die dissipels opgesoek en sewe dae lank by hulle gebly. Hulle het onder leiding van die Gees vir Paulus gesê om nie na Jerusalem te gaan nie. ⁵ Nadat ons die tyd daar deurgebring het, het ons vertrek en verder gereis. Almal, ook hulle vroue en kinders, het ons tot buitekant die stad begelei. Ons het op die strand gekniel en gebid. ^{*}

⁶ Nadat ons mekaar gegroet het, het ons aan boord van die skip gegaan, terwyl hulle na hulle huise teruggekeer het.

⁷ Ons het ons reis van Tirus beëindig met ons aankoms by Ptolemaïs.^p Daar het ons die broers^q gaan groet en 'n dag lank by hulle oorgebly.

⁸ Die volgende dag het ons vertrek en in Caesarea aangekom. Ons het na die huis gegaan van die evangelis Filippus, ^{*} een van die sewe, ^{*} en by hom tuisgegaan. ⁹ ^{*}Hy het vier ongetroude dogters gehad wat oor die gawe van profesie beskik het. ¹⁰ Terwyl ons 'n hele paar dae daar oorgebly het, het 'n sekere profeet met die naam Agabus uit Judea daar aangekom. ^{*}

¹¹ ^{*}Hy het na ons toe gekom, Paulus se gordel gevat, en sy eie voete en hande daarmee vasgebind, en gesê: “So sê die Heilige Gees, ‘Op hierdie manier sal die Jode in Jerusalem die man aan wie hierdie gordel behoort, vasbind en in die hande van nie-Jode oorgee.’ ” ¹² Toe ons dit hoor, het ons en die plaaslike mense Paulus gesmeek om nie na

^{*}21:4 *Hulle ... gaan nie:* Hand 20:23

^{*}21:5 *Ons het ... gebid:* Hand 20:36

^p21:7 *Ptolemaïs:* Die stad Akko.

^q21:7 *broers:* Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

^{*}21:8 *evangelis Filippus:* Hand 8:40

^{*}21:8 *Filippus ... sewe:* Hand 6:5

^{*}21:9 Joël 2:28; Hand 2:17

^{*}21:10 *het 'n ... aangekom:* Hand 11:28

^{*}21:11 Joh 21:18; Hand 20:23; 21:33

Jerusalem op te gaan nie.*¹³ Daarop het Paulus geantwoord: “Wat probeer julle bereik deur te huil en my hart te breek? Ek is bereid om nie net gevange geneem te word nie, maar ook om in Jerusalem te sterf ter wille van die Naam van die Here Jesus.*”¹⁴ Omdat hy hom nie laat oorreed het nie, het ons geswyg en net gesê: “Laat die wil van die Here geskied.”*

¹⁵ Ná hierdie dae het ons gereedgemaak en na Jerusalem opgegaan.

¹⁶ Van die dissipels uit Caesarea het saam met ons gegaan. Hulle het ons geneem na Mnason, 'n man uit Ciprus en lank reeds 'n dissipel, by wie ons sou tuisgaan.

Paulus se besoek aan Jakobus

¹⁷ Met ons aankoms in Jerusalem het die broers^r ons hartlik ontvang.

¹⁸ Die volgende dag het Paulus saam met ons na Jakobus gegaan.* Al die ouderlinge was ook teenwoordig.¹⁹ Nadat Paulus hulle gegroet het, het hy in besonderhede vertel wat God deur sy bediening onder die heidene gedoen het.*²⁰ Toe hulle dit hoor, het hulle God geprys en vir hom gesê: “Jy sien, broer, hoeveel derduisende onder die Jode tot die geloof gekom het, en hulle beywer hulle almal vir die wet.*²¹ *Oor jou is vertel dat jy al die Jode wat onder die nie-Jode woon, leer om afvallig te wees van Moses deur aan hulle te sê dat hulle nie hulle kinders hoef te besny en nie volgens die gebruike hoef te leef nie.²² Wat staan ons te doen? Hulle

*21:12 *het ons ... gaan nie:* Matt 16:22

*21:13 *Ek ... Jesus:* Hand 20:24

*21:14 *Laat ... geskied:* Matt 26:39; Mark 14:36; Luk 22:42

^r21:17 *broers:* Vgl voetnoot in Hand 21:7.

*21:18 *het Paulus ... gegaan:* Hand 15:13; Gal 1:19

*21:19 *het hy in ... gedoen het:* Hand 15:12

*21:20 *hoeveel ... wet:* Hand 15:1,5

*21:21 Hand 15:30; 16:3; 21:28; Gal 2:3

sal beslis hoor dat jy hier is. ²³ Doen dan wat ons vir jou sê. Hier is vier manne by ons wat 'n gelofte afgelê het. ²⁴ Neem hulle saam, laat jou saam met hulle reinig en betaal vir hulle die koste om hulle koppe te laat skeer.* Dan sal almal weet dat daar niks steek in wat van jou vertel word nie, maar dat jy self ook in gehoorsaamheid aan die wet leef. ²⁵ *Wat betref die nie-Jode wat gelowig geword het, het ons besluit, en hulle skriftelik laat weet, dat hulle hulle moet onthou van afgodsoffers, van bloed, van wat verwurg is en van hoerery.” ²⁶ *Toe het Paulus die manne saamgeneem en die volgende dag saam met hulle die reiniging ondergaan. Daarna het hy die tempelsterrein^s binnegegaan* om die voltooiing van die dae van die reiniging aan te kondig, die dag wanneer die offer vir elkeen van hulle gebring sou word.*

Gevangeneming van Paulus

²⁷ Toe die sewe dae van die reiniging amper verstreke was, het Jode uit Asië^t hom op die tempelsterrein gesien en die hele skare in oproer gebring. Hulle het hom gegryp ²⁸ en geskreeu: “Manne, Israeliete, kom help! Hier is die man wat oral vir almal dinge leer wat teen die volk en die wet^u en hierdie plek gerig is.* Hy het boonop Grieke in die

*21:23-24 4 manne ... skeer: Num 6:5,13-18,21; Hand 18:18

*21:25 Hand 15:19-20,28-29

*21:26 Num 6:2-5,13-21

^s21:26 **tempelsterrein:** Dit verwys na die hele terrein van die •tempel in Jerusalem met al die geboue, stoorkamers en voorhewe.

*21:26 Paulus ... binnegegaan: 1 Kor 9:20

*21:26 saam met ... sou word: Num 6:2-5,13-21

^t21:27 **Asië:** 'n Romeinse provinsie. Die westelike deel van Klein-Asië, die huidige Wes-Turkye, saam met verskeie eilande en kusstede van die Egeïese See, met Efese as hoofstad.

^u21:28 **wet:** •Wet van Moses.

*21:28 Hier ... gerig is: Hand 6:13; 21:21

tempelsterrein ingebring en hierdie heilige plek ontheilig!”²⁹ Want hulle het vir Trofimus, die Efesiër, voorheen saam met Paulus in die stad gesien, en gedink dat hy hom in die tempelsterrein ingebring het.³⁰ Die hele stad was in rep en roer en daar het 'n samedromming van die volk ontstaan. Hulle het Paulus gegryp en hom uit die tempelsterrein gesleep en die poorte is dadelik gesluit.³¹ Terwyl hulle probeer het om hom dood te maak, het die berig dat die hele Jerusalem in oproer is, die chiliarg^v van die kohort soldate^w bereik.³² Hy het onmiddellik met soldate en die hekatontarg^x op hulle afgestorm. Toe hulle die chiliarg en die soldate sien, het hulle opgehou om Paulus te slaan.³³ Daarop het die chiliarg nadergegaan, hom gevange geneem en beveel dat hy met twee kettings geboei moet word.* Toe het hy navraag gedoen oor wie Paulus was en wat hy gedoen het.³⁴ Sommige in die skare het een ding geskreeu en ander weer iets anders. Toe hy vanweë die rumoer nie sekerheid kon kry nie, het hy beveel dat Paulus na die kwartiere geneem word.³⁵ Toe Paulus by die trappe kom, moes hy weens die geweld van die skare deur die soldate gedra word,³⁶ want die volksmassa het agter hulle aan geloop en geskreeu: “Weg met hom!”*

Paulus se rede voor die volk

³⁷ Net toe hulle Paulus by die kwartiere wou inbring, sê hy vir die chiliarg:^y “Is dit my geoorloof om iets vir u te sê?” Die chiliarg antwoord:

***21:28** *Hy het ... ontheilig:* Eseg 44:7

^v**21:31** *chiliarg:* 'n Romeinse offisier wat bevel voer oor 1 000; •Romeinse ampsdraers.

^w**21:31** *kohort soldate:* 'n Afdeling Romeinse soldate wat uit 200 tot 1 000, maar gewoonlik 600 man, bestaan het; •Militêre terme.

^x**21:32** *hekatontarg:* 'n Griekse benaming vir 'n bevelvoerder oor 100; •Romeinse ampsdraers.

^{*}**21:33** *beveel ... moet word:* Hand 20:23; 21:11

^{*}**21:36** *die volksmassa ... hom:* Luk 23:18; Joh 19:15; Hand 22:22

^y**21:37** *chiliarg:* Vgl voetnoot in Hand 21:31.

“Ken jy Grieks? ³⁸ *Is jy dan nie die Egiptenaar wat kort gelede 'n opstand gelei en vierduisend manne van die Sikariërs^z na die woestyn^a uitgelei het nie?” ³⁹ Maar Paulus antwoord: “Ek is 'n Joodse man, afkomstig van Tarsus in Silisië, 'n burger van 'n nie te onbelangrike stad nie. * Ek versoek u: Laat my toe om die volk toe te spreek.” ⁴⁰ Hy het dit toegelaat en Paulus het op die trappe gaan staan en 'n handgebaar gemaak^b vir die volk. Toe het 'n groot stilte neergedaal* en hy het hulle in die Hebreeuse taal^c toegespreek:*

22

¹ “Manne, broers en vaders, luister nou na my* verdediging teenoor julle.” ² Toe hulle hoor dat hy in die Hebreeuse taal^d met hulle praat, het hulle nog stiller geraak. Hy sê toe: ³ “Ek is 'n Joodse man, gebore in Tarsus in Silisië,* maar het grootgeword in hierdie stad. Ek is opgevoed aan die voete van Gamaliël — streng volgens die wet van die

*21:38 Hand 5:36-37

^z21:38 *Sikariërs*: 'n Groep anti-Romeinse Joodse terroriste wat dolke (*sikaria*) gebruik het om sluipmoorde te pleeg.

^a21:38 *woestyn*: 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, waar kleinvee kon wei.

*21:39 *Ek ... stad nie*: Hand 9:11; 22:3

^b21:40 *handgebaar gemaak*: 'n Teken om aandag te vra wanneer iemand wil praat; vgl Hand 12:17; 13:16; 19:33.

*21:40 *handgebaar ... neergedaal*: Hand 12:17; 13:16; 19:33

^c21:40 *Hebreeuse taal*: Waarskynlik Aramees, wat verwant is aan Hebreeus en dikwels ook Hebreeus genoem is.

*21:40 *hy het hulle ... toegespreek*: Hand 26:14

*22:1 *Manne ... my*: Hand 7:22

^d22:2 *Hebreeuse taal*: Waarskynlik Aramees, wat verwant is aan Hebreeus en dikwels ook Hebreeus genoem is.

*22:3 *Ek ... Silisië*: Hand 21:39

voorvaders.* Ek is net so 'n yweraar^e vir God soos julle almal vandag is.*
4 *Ek het hierdie Weg^f tot die dood toe vervolg deur mans sowel as vroue te boei en in die tronk te gooi,⁵ soos die hoëpriester en die hele Raad van Familiehoofde oor my kan getuig. Van hulle het ek selfs briewe aan die broers gekry en na Damaskus gegaan om die mense daar as gevangenes na Jerusalem te bring sodat hulle gestraf kon word.

6 *⁶“Terwyl ek egter nog op pad was en Damaskus genader het, het daar teen die middaguur skielik 'n helder lig uit die hemel rondom my geskyn.
7 Ek het op die grond neergeval en 'n stem vir my hoor sê, ‘Saul, Saul, waarom vervolg jy My?’⁸ En ek het gevra, ‘Wie is U, Here?’ Hy het my geantwoord, ‘Ek is Jesus van Nasaret wat jy vervolg.’⁹ *Die mense wat by my was, het wel die lig gesien, maar nie die stem gehoor van Hom wat met my gepraat het nie.¹⁰ Toe vra ek, ‘Wat moet ek doen, Here?’ En die Here het vir my gesê, ‘Staan op en gaan na Damaskus. Daar sal alles vir jou gesê word wat jou opgedra is om te doen.’¹¹ Omdat ek vanweë die glans van daardie lig nie kon sien nie, is ek deur my metgeselle aan die hand gelei en so het ek in Damaskus aangekom.

¹² “'n Sekere Ananias, 'n vroom man volgens die wet en een oor wie al die Joodse inwoners goeie getuienis gelewer het,¹³ het na my gekom en voor my kom staan en gesê, ‘Saul, broer, sien weer!’ En op daardie oomblik kon ek hom sien.¹⁴ Toe het hy gesê, ‘Die God van ons vaders het jou uitverkies

*22:3 Ek is opgevoed ... voorvaders: Hand 5:34

^e22:3 **yweraar:** 'n Kampvegter wat hom in die besonder vir 'n saak, bv godsdiens of politiek, beywer het; •Seloot.

*22:3 Ek is net ... vandag is: Rom 10:12

*22:4 Hand 8:3; 22:19; 26:9-11

^f22:4 **Weg:** Die uitdrukking 'die Weg' is aan Jes 55:7 ontleen, maar dui in *Handelinge* op die Christene se leer en lewe; vgl Joh 14:6; Hand 18:25.

*22:6-16 Hand 9:1-19; 26:12-18

*22:9 Wys 18:1

om sy wil te ken, om die Regverdige⁸ te sien en om die stem uit sy mond te hoor,¹⁵ want jy sal voor alle mense vir Hom 'n getuie wees van wat jy gesien en gehoor het.¹⁶ En nou, waarom aarsel jy nog? Staan op, laat jou doop en jou sondes afwas, terwyl jy sy Naam aanroep.’*

¹⁷ “Toe ek ná my terugkeer na Jerusalem besig was om in die •tempel te bid, het ek in geestesvervoering geraak.¹⁸ *Ek het Hom gesien wat vir my sê, ‘Maak gou en gee haastig pad uit Jerusalem, want hulle sal jou getuienis oor My nie aanvaar nie!’¹⁹ Toe het ek gesê, ‘Here, hulle weet dat dit ek is wat diegene wat in U glo in die tronk laat gooi en in die •sinagoges laat slaan het.’²⁰ *En toe die bloed vergiet is van Stefanus, u getuie, het ek self goedkeurend bygestaan en die boklere opgepas van dié wat hom doodgemaak het.’²¹ En Hy het vir my gesê, ‘Gaan, want Ek wil jou ver weg stuur na die heidene.’ ”*

²² Tot op hierdie punt het hulle na sy woorde geluister, maar toe hulle stemme verhef en uitgeroep: “Vat 'n man soos hierdie weg van die aarde af, want hy behoort nie te bly leef nie!”*²³ Terwyl hulle so skreeu en hulle klere afpluk en stof in die lug gooi,²⁴ het die chiliarg^h beveel dat Paulus in die kwartiere ingebring word. Hy gee toe opdrag dat hy onder geseling ondervra word, sodat hy kon vasstel om watter rede hulle so teen hom skreeu.²⁵ Maar toe hulle hom al uitgestrek het met die rieme,

⁸**22:14 Regverdige:** Dit is iemand wie se saak reg is voor God, hier verwys dit na Jesus Christus.

***22:16** *jou sondes ... aanroep:* Joël 2:32; Hand 2:21; Rom 10:13

***22:18** Hand 9:29-30

***22:19** *ek is ... slaan het:* Hand 8:3; 22:4-5; 26:9-11

***22:20** Hand 7:58; 8:1

***22:21** *ek wil ... heidene:* Hand 9:15; 13:2; Gal 2:7-9

***22:22** *hulle stemme ... leef nie:* Hand 21:36

^h**22:24 chiliarg:** 'n Romeinse offisier wat bevel voer oor 1 000; •Romeinse ampsdraers.

sê Paulus vir die hekatontargⁱ wat daar staan: “Is dit julle geoorloof om 'n Romeinse burger te gesel, en dit sonder 'n verhoor?”* ²⁶ Toe die hekatontarg dit hoor, gaan hy na die chiliarg, meld dit aan en sê: “Wat is u van plan om te doen? Want hierdie man is 'n Romein!”

²⁷ Die chiliarg gaan toe na Paulus en vra hom: “Sê vir my, is jy 'n Romeinse burger?” “Ja,” antwoord hy. ²⁸ Toe sê die chiliarg: “Ek het hierdie burgerskap teen 'n groot som geld bekom.” Daarop antwoord Paulus: “En ek deur geboorte.” ²⁹ Diegene wat gereed gestaan het om hom te ondervra, het hom daarom dadelik met rus gelaat, en ook die chiliarg het bang geword toe hy besef dat Paulus 'n Romeinse burger is* en dat hy hom laat boei het.

Paulus voor die Sanhedrin

³⁰ Die volgende dag het die bevelvoerder, omdat hy sekerheid wou kry oor waarvan Paulus deur die Jode aangekla word, hom vrygelaat en beveel dat die leierpriesters en die hele Sanhedrin^j moes vergader. Hy het Paulus laat inbring en hom voor hulle laat staan.

23

¹ Paulus het stip na die Sanhedrin^k gekyk en gesê: “Manne, broers, ek het tot op hierdie dag met 'n absoluut skoon gewete voor God geleef.*”

ⁱ**22:25 hekatontarg:** 'n Griekse benaming vir 'n bevelvoerder oor 100; •Romeinse ampsdraers.

***22:25** *Is dit ... verhoor:* Hand 16:37; 23:27

***22:29** *chiliarg ... burger is:* Hand 16:38

^j**22:30 Sanhedrin:** Die Joodse Raad, die hoogste hof van die Jode. Dit het bestaan uit 71 lede, afkomstig uit die •Sadduseërs, die vernaamste Joodse families en die skrifkenners. Die dienende hoëpriester was die voorsitter.

^k**23:1 Sanhedrin:** Die Joodse Raad, die hoogste hof van die Jode. Dit het bestaan uit 71 lede, afkomstig uit die •Sadduseërs, die vernaamste Joodse families en die skrifkenners. Die dienende hoëpriester was die voorsitter.

***23:1** *ek het ... geleef:* Hand 24:16

² *Maar die hoëpriester Ananias het die mense wat langs hom gestaan het, opdrag gegee om hom op sy mond te slaan. ³ Toe sê Paulus vir hom: “God sal jou slaan, jou witgekalkte muur!” * Jy sit daar om my kragtens die wet te beoordeel, terwyl dit jy is wat in stryd met die wet opdrag gee dat ek geslaan word?*” ⁴ Die omstanders sê toe: “Beledig jy die hoëpriester van God?” ⁵ En Paulus antwoord: “Broers, ek het nie besef hy is die hoëpriester nie. Daar staan tog geskryf, ‘Jy mag nie sleg praat van 'n leier van jou volk nie.’”*

⁶ *Omdat Paulus geweet het dat sommige van hulle •Sadduseërs was en ander •Fariseërs, het hy in die Sanhedrin uitgeroep: “Manne, broers, ek is 'n Fariseër, die seun van Fariseërs!” * Op grond van die verwagting van die opstanding van die dooies word ek verhoor.*” ⁷ Toe hy dit sê, het daar 'n stryery tussen die Fariseërs en die Sadduseërs ontstaan en die vergadering het verdeeld geraak. ⁸ Want die Sadduseërs sê dat daar geen opstanding is nie, en ook nie engele of geeste nie,* terwyl die Fariseërs bely dat dit alles bestaan. ⁹ 'n Groot geskreeu het toe ontstaan, en 'n paar van die skrifkenners uit die geledere van die Fariseërs het opgestaan en hewig geprotesteer en aangevoer: “Ons vind geen kwaad in hierdie man nie.* Sê nou 'n gees of 'n engel het met hom gepraat?” ¹⁰ Toe die stryery hewiger word, het die chiliarg¹ gevrees dat hulle Paulus sou verskeur. Hy

*23:2-3 Joh 18:22-23

*23:3 *witgekalkte muur*: Eseg 13:10-15

*23:3 *Jy sit ... geslaan word*: Lev 19:15

*23:5 *Jy ... volk nie*: Eks 22:28

*23:6 Hand 4:2

*23:6 *ek is ... van Fariseërs*: Hand 26:5; Fil 3:5

*23:6 *Op grond ... verhoor*: Hand 24:15,21

*23:8 *Sadduseërs ... geeste nie*: Matt 22:23

*23:9 *Ons ... man nie*: Luk 23:4,14,22; Joh 18:38; 19:4,6; Hand 25:25

¹23:10 *chiliarg*: 'n Romeinse offisier wat bevel voer oor 1 000; •Romeinse ampsdraers.

het toe bevel gegee dat sy afdeling soldate hom tussen hulle moet gaan uithaal en na die kwartiere bring.

¹¹ Daardie nag het die Here by Paulus kom staan en gesê: “Hou moed!* Want net soos jy in Jerusalem oor My getuig het, so moet jy ook in Rome getuig.*”

Komplot teen Paulus

¹² Teen dagbreek het die Jode 'n komplot gesmee en hulle met 'n eed daartoe verbind om nie te eet of te drink nie totdat hulle Paulus doodgemaak het. ¹³ Daar was meer as veertig mense wat aan hierdie sameswering deelgeneem het. ¹⁴ *Hulle het na die leierpriesters en die familiehoofde gegaan en gesê: “Ons het 'n eed gesweer om niks te eet totdat ons Paulus doodgemaak het nie. ¹⁵ Rig julle nou, saam met die Sanhedrin,^m 'n versoek aan die chiliargⁿ om Paulus na julle te bring onder die voorwendsel dat julle sy saak noukeuriger wil ondersoek. Ons is gereed om hom om die lewe te bring nog voor hy hier aankom.”

¹⁶ Die seun van Paulus se suster het egter van die hinderlaag gehoor. Hy het na die kwartiere gegaan, toegang verkry en vir Paulus daarvan vertel. ¹⁷ Paulus het een van die hekatontarge^o laat roep en gesê: “Neem hierdie jong man na die chiliarg, want hy het iets om hom te vertel.”

¹⁸ Hy het hom toe saamgeneem, na die chiliarg gebring en gesê: “Die gevangene, Paulus, het my laat roep en gevra om hierdie jong man na u te bring omdat hy iets het om aan u mee te deel.” ¹⁹ Die chiliarg het hom

*23:11 *Daardie ... moed:* Hand 18:9

*23:11 *Want ... Rome getuig:* Hand 19:21; 27:24; 28:16,23

*23:14-15 Hand 25:3

^m23:15 *Sanhedrin:* Vgl voetnoot in Hand 23:1.

ⁿ23:15 *chiliarg:* Vgl voetnoot in Hand 23:10.

^o23:17 *hekatontarge:* 'n Griekse benaming vir 'n bevelvoerder oor 100; •Romeinse ampsdraers.

aan die hand gevat, eenkant toe geneem en gevra: “Wat is dit wat jy my wil vertel?” ²⁰ Hy het geantwoord: “Die Jode het ooreengekom om u te versoek dat u Paulus môre na die Sanhedrin moet laat bring onder die voorwendsel dat hulle sy saak noukeuriger wil ondersoek. ²¹ Moet u nie deur hulle laat oortuig nie, want meer as veertig van hulle manne gaan hom voorlê in 'n hinderlaag. Hulle het hulle met 'n eed daartoe verbind om nie te eet of te drink nie totdat hulle hom om die lewe gebring het. Hulle staan reeds gereed en wag net op u instemming.” ²² Die chiliarg het die jong man toe laat gaan nadat hy hom beveel het: “Moet niemand vertel dat jy dit aan my bekend gemaak het nie.”

Paulus na Feliks

²³ Daarna het hy twee van sy hekatontarge^p laat roep en gesê: “Kry tweehonderd soldate gereed, saam met sewentig perderuiters en tweehonderd spiesvegters, sodat hulle teen die derde uur van die nag^q na Caesarea kan gaan. ²⁴ En sorg dat rydiere beskikbaar is, sodat hulle Paulus daarop kan vervoer en veilig na die prokurator^r Feliks kan bring.” ²⁵ Toe skryf hy 'n brief met die volgende inhoud:

²⁶ “Claudius Lisias
aan die hooggeagte prokurator Feliks:
Gegroet!

²⁷ “Hierdie man is deur die Jode gegryp, en hulle was op die punt om hom dood te maak toe ek en my soldate daarop afgekom en

^p23:23 *hekatontarge*: Vgl voetnoot in Hand 23:17.

^q23:23 *3de ... nag*: Drie uur ná sonsondergang, volgens Westerse tydsbepaling 21:00; •Tydsindeling.

^r23:24 *prokurator*: Amptenaar wat namens die keiser in beheer was oor 'n Romeinse provinsie; •Romeinse ampsdraers.

hom gered het* omdat ek verneem het dat hy 'n Romeinse burger is.*²⁸ Aangesien ek die rede wou vasstel waarom hulle hom beskuldig het, het ek hom na hulle Sanhedrin^s gebring²⁹* en vasgestel dat hy beskuldig word op grond van twispunte oor hulle wet,* maar dat die aanklag teen hom niks inhou wat die dood of gevangenskap verdien nie.*³⁰ En toe ek meegedeel is dat daar 'n komplot teen die man gesmee word, het ek hom dadelik na u gestuur. Ek het ook sy aanklaers beveel om hulle saak teen hom aan u voor te lê.*”

³¹ Die soldate het Paulus toe saamgeneem soos hulle beveel is en hom gedurende die nag na Antipatris gebring. ³² Die volgende dag het hulle die perderuiters met hom laat saamgaan en toe na die kwartiere teruggekeer. ³³ Toe hulle in Caesarea aankom, het hulle die brief aan die prokurator oorhandig en Paulus voor hom laat verskyn. ³⁴ Nadat Feliks die brief gelees het, het hy Paulus gevra uit watter provinsie hy afkomstig is, en toe hy verneem dat hy uit Silisië is,*³⁵ het hy gesê: “Ek sal jou verhoor sodra jou aanklaers opdaag.” Hy het toe beveel dat Paulus in Herodes se pretorium^t bewaak word.

***23:27** Hierdie ... gered het: Hand 21:30-33

***23:27** omdat ... burger is: Hand 22:27

***23:28** Hand 22:30

^s**23:28 Sanhedrin:** Vgl voetnoot in Hand 23:1.

***23:29** Hand 18:14-15; 25:18-19

***23:29** beskuldig ... wet: Hand 23:6

***23:29** maar ... verdien nie: Hand 23:9; 26:31; 28:18

***23:30** Ek het ... lê: Hand 24:5-8; 25:5

***23:34** toe hy ... Silisië is: Hand 22:3

^t**23:35 pretorium:** Die •bronteks lui “*praitorion*.” Hier verwys dit na die paleis wat •Herodes die Grote in Caesarea laat bou het.

Paulus se verdediging voor Feliks

¹ *Vyf dae later het die hoëpriester Ananias saam met 'n paar familiehoofde, en ook 'n sekere Tertullus, 'n advokaat, daar aangekom. Hulle het hulle aanklag teen Paulus by die prokurator^u ingedien. ² Nadat Paulus ingeroep is, het Tertullus met die aanklag begin en gesê: “Deur u toedoen leef ons in groot vrede en deur u voorsorgmaatreëls het daar verbeteringe vir hierdie volk gekom. ³ Oral en in elke opsig verwelkom ons dit met alle dankbaarheid, hooggeagte Feliks. ⁴ Ek wil u egter nie langer vermoei nie, en daarom doen ek 'n beroep op u welwillendheid om vir 'n kort tydjie na ons te luister. ⁵ Ons het gevind dat hierdie man 'n pes is en dat hy onder al die Jode in die wêreld onluste veroorsaak.* Hy is 'n leier van die Nasarenersekte.* ⁶ Hy het ook probeer om die •tempel te ontheilig* en toe het ons hom gegryp.*^v ⁸ U sal self by hom kan agterkom waarom ons hom aankla wanneer u hom oor al hierdie dinge verhoor. ⁹ Die Jode het dit ondersteun en bevestig dat dit so is.”

¹⁰ Toe die prokurator vir Paulus die teken gee dat hy mag praat, het hy geantwoord: “Omdat ek weet dat u al baie jare as regter optree oor hierdie volk, verdedig ek my saak met graagte. ¹¹ U kan u daarvan

*24:1 Hand 25:2

^u24:1 **prokurator**: Amptenaar wat namens die keiser in beheer was oor 'n Romeinse provinsie; •Romeinse ampsdraers.

*24:5 *Ons ... veroorsaak*: Hand 17:6

*24:5 *Nasarenersekte*: Hand 21:30

*24:6 *Hy ... ontheilig*: Hand 21:28

*24:6 *toe het ... gegryp*: Hand 21:30

^v24:6 **gegryp**: Ander mss en vroeë vertalings lui ook nog hierna “en wou hom volgens ons wet oordeel, ⁷ maar Lisias, die •chiliarg, het gekom en hom met geweld uit ons hande weggeneem en ⁸ beveel dat sy aanklaers hulle tot u moet wend.” Dit ontbreek egter in die •bronteks.

vergewis dat ek skaars twaalf dae gelede opgegaan het om in Jerusalem te aanbid.* ¹² Hulle het my nie op die tempel terrein^w gevind waar ek besig was om met iemand te redeneer, of om 'n oproer onder die volk te veroorsaak in die •sinagoges of iewers in die stad nie. ¹³ Hulle kan ook nie die dinge waarvan hulle my nou aankla voor u bewys nie. ¹⁴ Dit erken ek egter voor u: dat ek die God van ons voorvaders dien ooreenkomstig die Weg,^x waarna hulle as 'n sekte verwys.* Ek glo alles wat volgens die Wet is en in die Profete^y geskryf staan. ¹⁵ *Ek vestig dieselfde hoop op God as waaraan hierdie mense ook vashou, naamlik dat daar 'n opstanding van die •regverdiges en ook die onregverdiges sal wees. ¹⁶ *Daarom doen ek self ook my uiterste bes om my gewete in alle opsigte skoon te hou voor God en die mense. ¹⁷ *Ná baie jare het ek hierheen gekom om geldelike hulp vir my volk te bring en om te kom offer. ¹⁸ Ek was besig hiermee, en het my al gereinig, toe hulle my op die tempel terrein aantref. Daar was nie 'n skare nie en daar was ook nie oproer nie. ¹⁹ Daar was wel 'n aantal Jode uit Asië^z* wat hier voor u moes verskyn het en my moes aankla as

*24:11 *skaars ... aanbid*: Hand 21:17; *opgegaan ... aanbid*: Hand 8:27

^w24:12 *tempel terrein*: Dit verwys na die hele terrein van die •tempel in Jerusalem met al die geboue, stoorkamers en voorhove.

^x24:14 *die Weg*: Die uitdrukking is aan Jes 55:7 ontleen, maar dui in *Handelinge* op die Christene se leer en lewe; vgl Joh 14:6; Hand 18:25.

*24:14 *ek die God ... verwys*: Hand 24:5

^y24:14 *Wet ... Profete*: Dit dien as aanduiding van die geskrifte van die Ou Testament wat in Jesus se tyd deur die Jode as gesaghebbend aanvaar is.

*24:15 Dan 12:2; Joh 5:28-29; Hand 23:6

*24:16 Hand 23:1

*24:17 Hand 11:29-30; Rom 15:25-28; 1 Kor 16:1-4; 2 Kor 8:1-4; 9:1-2; Gal 2:10

^z24:19 *Asië*: 'n Romeinse provinsie. Die westelike deel van Klein-Asië, die huidige Wes-Turkye, saam met verskeie eilande en kusstede van die Egeïese See, met Efese as hoofstad.

*24:18-19 *Ek was besig ... Asië*: Hand 21:26-27

hulle miskien iets teen my sou hê. ²⁰ Of laat hierdie mense self sê watter misdryf hulle gevind het toe ek voor die Sanhedrin^a gestaan het, ²¹ *behalwe as dit gaan oor hierdie een ding wat ek uitgeroep het toe ek tussen hulle gestaan het, ‘Ek staan vandag voor julle tereg oor die opstanding van die dooies!’ ”

²² Feliks, wat goed vertrouwd was met die feite oor die Weg,^b het die verhoor verdaag en gesê: “Wanneer Lisias die chiliarg^c aankom, sal ek oor julle saak besluit.” ²³ *Hy het die hekatontarg^d opdrag gegee om Paulus aan te hou, maar om hom meer vryheid te gun en nie één van sy eie mense te verhinder om vir hom te sorg nie.

Feliks en Paulus

²⁴ 'n Paar dae later het Feliks saam met sy vrou Drusilla,^e 'n Jodin, gekom en Paulus laat haal en geluister na wat hy oor die geloof in Christus^f Jesus sê. ²⁵ Maar toe Paulus praat oor •geregtigheid en selfbeheersing en die komende oordeel,^{*} het Feliks bang geword en gesê:

^a**24:20 Sanhedrin:** Die Joodse Raad, die hoogste hof van die Jode. Dit het bestaan uit 71 lede, afkomstig uit die •Sadduseërs, die vernaamste Joodse families en die skrifkenners. Die dienende hoëpriester was die voorsitter.

^{*}**24:21** Hand 23:6; 24:15

^b**24:22 die Weg:** Vgl voetnoot in Hand 24:14.

^c**24:22 chiliarg:** 'n Romeinse offisier wat bevel voer oor 1 000; •Romeinse ampsdraers.

^{*}**24:23** Hand 27:3; 28:16,30

^d**24:23 hekatontarg:** 'n Griekse benaming vir 'n bevelvoerder oor 100; •Romeinse ampsdraers.

^e**24:24 Drusilla:** 'n Dogter van •Herodes Agrippa I en 'n suster van •Agrippa II en Bernice.

^f**24:24 Christus:** Die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

^{*}**24:25 oor ... oordeel:** Joh 16:8

“Jy kan maar vir eers gaan. As ek 'n geskikte geleentheid vind, sal ek jou laat roep.”²⁶ Hy het egter tegelykertyd gehoop dat Paulus hom geld sou aanbied, en daarom het hy hom herhaaldelik laat roep en met hom gepraat.

²⁷ Ná verloop van twee jaar is Feliks opgevolg deur Porcius Festus. Omdat Feliks die Jode 'n guns wou bewys,^{*} het hy Paulus in boeie agtergelaat.

25

Paulus voor Festus

¹ Drie dae nadat Festus in die provinsie aangekom het, het hy van Caesarea af na Jerusalem opgegaan. ² Daar het die leierpriesters en die Joodse leiers 'n aanklag teen Paulus by hom ingedien.^{*} Hulle het 'n beroep op hom gedoen ³^{*} en hom die guns gevra om Paulus na Jerusalem te laat haal, aangesien hulle 'n hinderlaag beplan het om hom onderweg dood te maak. ⁴ Festus het egter geantwoord dat Paulus in Caesarea in aanhouding sou bly, maar dat hyself spoedig daarheen sou vertrek. ⁵^{*} “Laat diegene onder julle wat bevoeg is dan saamgaan,” het hy gesê, “en laat hulle hom aankla as daar enigiets onwettigs by hierdie man te vinde is.”

Paulus se beroep op die keiser

⁶ Hy het nie langer as agt tot tien dae by hulle gebly nie en toe na Caesarea gegaan. Die volgende dag het hy op die regterstoel gaan sit en beveel dat Paulus gehaal word.^{*} ⁷ Toe Paulus verskyn, het die Jode wat

^{*}24:27 Omdat ... bewys: Hand 25:9

^{*}25:2 Daar ... ingedien: Hand 24:1; 25:15

^{*}25:3 Hand 23:15

^{*}25:5 Hand 23:30

^{*}25:6 Die volgende ... gehaal word: Hand 25:17

van Jerusalem af gekom het, om hom gaan staan en baie en ernstige aanklagte teen hom ingebring* wat hulle nie kon bewys nie.*⁸ Paulus het homself toe verdedig: “Ek het niks verkeerds gedoen nie, nie teen die wet van die Jode, of teen die •tempel, of teen die keiser nie.”⁹ Maar Festus wou die Jode 'n guns bewys en het Paulus geantwoord: “Wil jy opgaan na Jerusalem en daar voor my verhoor word oor hierdie dinge?”

¹⁰ Paulus het egter geantwoord: “Voor die keiser se regterstoel staan ek tereg, en dit is waar ek verhoor moet word. Ek het nie die Jode veronreg nie, soos u self ook baie goed weet.¹¹ As ek wel oortree het en iets gedoen het wat die dood verdien, probeer ek nie die dood vermy nie. Maar as daar niks steek in die dinge waarvan hulle my aankla nie, kan niemand my aan hulle oorgee nie. Ek beroep my op die keiser!”¹² Nadat Festus met sy raad samesprekings gevoer het, het hy verklaar: “Op die keiser het jy jou beroep; na die keiser sal jy gaan!”

Festus se gesprek met Agrippa

¹³ Ná verloop van 'n paar dae het koning Agrippa^g en Bernice^h in Caesarea aangekom om aan Festus 'n beleefdheidsbesoek te bring.

¹⁴ Aangesien hulle 'n hele paar dae daar deurgebring het, het Festus Paulus se saak aan die koning voorgelê en gesê: “Hier is 'n man wat deur Feliks as gevangene agtergelaat is.*¹⁵ Toe ek na Jerusalem gegaan het, het die leierpriesters en die familiehoofde van die Jode aanklagte teen

*25:7 *baie ... ingebring*: Hand 24:5-6

*25:7 *wat hulle ... bewys nie*: Hand 24:13

^g25:13 **Agrippa**: •Agrippa II, die seun van koning •Herodes Agrippa I.

^h25:13 **Bernice**: 'n Dogter van •Herodes Agrippa I en 'n suster van •Herodes Agrippa II en •Drusilla. Sy was getroud met haar oom, maar ná sy dood het sy en haar broer Agrippa II 'n lang tyd as man en vrou saamgeleef.

*25:14 *Hier ... agtergelaat is*: Hand 24:27

hom ingedien* en versoek dat hy veroordeel word. ¹⁶ Ek het hulle geantwoord dat dit nie 'n Romeinse gebruik is om enige mens oor te lewer voordat die aangeklaagde die geleentheid gekry het om hom van aangesig tot aangesig voor sy aanklaers te verdedig teen die beskuldiging nie. ¹⁷ *Toe hulle dus hier bymekaargekom het, het ek sonder enige uitstel die volgende dag op die regterstoel gaan sit en beveel dat die man laat haal word. ¹⁸ Die aanklaers het om hom gaan staan, maar hulle het geen beskuldiging ingebring van die soort misdrywe wat ek verwag het nie. ¹⁹ Hulle het wel 'n aantal twisvrae aan hom gestel oor hulle godsdiens* en oor 'n sekere Jesus wat dood is en van wie Paulus beweer dat Hy leef. ²⁰ Omdat ek nie raad geweet het met die ondersoek na hierdie sake nie, het ek gevra of hy na Jerusalem wou gaan om daar op hierdie aanklagte tereg te staan.* ²¹ *Maar aangesien Paulus hom daarop beroep het om in aanhouding te bly vir 'n beslissing deur Sy Majesteit,ⁱ het ek beveel dat hy aangehou word totdat ek hom na die keiser kan stuur.” ²² Agrippa het aan Festus gesê: “Ek sou self ook graag die man wou hoor.”* Hy het geantwoord: “Môre sal jy hom hoor!”

Paulus se saak voor Agrippa

²³ *Die volgende dag het Agrippa^j en Bernice^k met groot vertoon

*25:15 *Toe ... ingedien:* Hand 25:1-2

*25:17 Hand 25:6

*25:18-19 *Die aanklaers ... godsdiens:* Hand 18:14-15; 23:29

*25:20 *het ek ... staan:* Hand 25:9

*25:21 Hand 25:11-12

ⁱ25:21 *Sy Majesteit:* Verwys na die keiser.

*25:22 *Ek ... wou hoor:* Luk 23:8

*25:23 Matt 10:18; Mark 13:9; Luk 21:12

^j25:23 *Agrippa:* Vgl voetnoot in Hand 25:13.

^k25:23 *Bernice:* Vgl voetnoot in Hand 25:13.

opgedaag. Hulle het saam met die chiliarge¹ en die vooraanstaande manne van die stad die ontvangsaal binnegegaan. Toe is Paulus op bevel van Festus na binne gebring. ²⁴ Daarop sê Festus: “Koning Agrippa, en al die mans hier saam met ons teenwoordig, kyk, hier is die man oor wie die hele skare Jode in Jerusalem, en ook hier, 'n beroep op my gedoen het,* terwyl hulle luidkeels te kenne gegee het dat hy nie langer behoort te leef nie.* ²⁵ Ek kon egter niks vind wat hy gedoen het om die dood te verdien nie, maar omdat hy hom self op Sy Majesteit^m beroep het, het ek besluit om hom daarheen te stuur. ²⁶ Ek het egter niks konkreets om oor hom aan my heer te skryf nie. Daarom het ek hom voor julle laat verskyn, en veral voor u, koning Agrippa, sodat ek ná afloop van hierdie voorondersoek iets sou kon hê om te skryf. ²⁷ Dit lyk immers vir my onredelik om 'n gevangene aan te stuur sonder om die aanklagte teen hom aan te dui.”

26

¹ Agrippaⁿ het vir Paulus gesê: “Jy het vergunning om jou saak te stel.” Toe het Paulus sy hand uitgestrek en homself verdedig: ² “Ek ag myself gelukkig, koning Agrippa, dat ek my vandag voor u gaan verdedig teen alles waarvan ek deur die Jode aangekla is, ³ veral omdat u op hoogte is van al die gebruike en strydvrage onder die Jode. Dus versoek ek u om geduldig na my te luister. ⁴ Al die Jode weet hoe ek van die begin af, sedert my jeug, my lewe onder my volk in Jerusalem gelei het. ⁵ Omdat

¹**25:23 chiliarge:** Romeinse offisiere wat bevel voer oor 1 000; •Romeinse ampsdraers.

***25:24 hier is ... gedoen het:** Hand 25:2,7,15

***25:24 terwyl ... leef nie:** Hand 22:22

^m**25:25** Vgl voetnoot in Hand 25:21.

ⁿ**26:1 Agrippa:** •Agrippa II, die seun van koning •Herodes Agrippa I.

hulle my van jongs af ken, sal hulle kan getuig as hulle wil, dat ek volgens die strengste party in ons godsdiens, as •Fariseër geleef het.* ⁶ *En nou staan ek tereg oor die hoop op die belofte wat deur God aan ons voorvaders gemaak is — ⁷ die belofte wat ons twaalf stamme hoop om te verkry deurdat ons God dag en nag in alle erns dien. O koning, dit is oor hierdie hoop dat ek deur die Jode aangekla word. ⁸ Waarom word dit deur julle as ongeloofbaar beskou dat God dooies opwek? ⁹ *Ek was self daarvan oortuig dat dit nodig is om baie vyandig op te tree teen die naam van Jesus van Nasaret, ¹⁰ wat ek ook inderdaad in Jerusalem gedoen het. Met die volmag wat ek van die leierpriesters ontvang het, het ek baie van die •heiliges in die tronk laat opsluit, en as hulle om die lewe gebring is, het dit met my instemming gebeur. ¹¹ Deur hulle dikwels te laat straf in al die •sinagoges, het ek hulle probeer dwing om te laster.^o Ek was so rasend van woede teenoor hulle dat ek hulle selfs in stede in die buiteland vervolg het.

Paulus oor sy bekering

(Hand 9:1-19; 22:6-16)

¹² “Terwyl ek op 'n keer, in opdrag van die leierpriesters, en met hulle volmag, juis hiervoor na Damaskus op reis was, ¹³ o koning, het ek langs die pad helder oordag 'n lig uit die hemel gesien, helderder as die son, wat om my en my reisgenote skyn. ¹⁴ Toe ons almal op die grond neerval, hoor ek 'n stem wat vir my in die Hebreeuse taal^p sê, ‘Saul, Saul, waarom vervolg jy My? Dit is vir jou swaar om teen die prikkels te skop.’ ¹⁵ ‘Wie is

***26:5** volgens ... geleef het: Fil 3:5-6

***26:6** Hand 23:6; 24:15,21; 28:20

***26:9-11** Hand 8:3; 22:4-5

^o**26:11** *laster*: Dws “om hulle geloof te verloën”.

^p**26:14** *Hebreeuse taal*: Waarskynlik Aramees, wat verwant is aan Hebreeus en dikwels ook Hebreeus genoem is.

U, Here?’ vra ek toe. En die Here het gesê, ‘Ek is Jesus vir wie jy vervolg.
¹⁶ Maar kom op jou voete, staan regop,* want hiervoor het Ek aan jou verskyn: om jou aan te stel as dienskneg en getuie van dit wat jy van My gesien het en van dit waaroor Ek nog aan jou sal verskyn. ¹⁷ Ek sal jou red uit jou volk en van die heidene* na wie Ek jou stuur* ¹⁸ om hulle oë oop te maak,^q sodat hulle hulle van die duisternis na die lig kan draai,^r en van die mag van Satan^s na God;* en ook dat hulle, deur geloof in My, vergewing van sonde en 'n erfdeel saam met die geheiligdes* kan ontvang.’

¹⁹ “Om hierdie rede, koning Agrippa,^t was ek nie aan die hemelse visioen ongehoorsaam nie, ²⁰ maar ek het eers aan die inwoners van Damaskus* sowel as Jerusalem, en toe aan die hele landstreek van Judea en aan die heidene verkondig dat hulle tot bekering moet kom en hulle na God moet keer deur werke te doen wat by die bekering pas.*

²¹ *Hieroor het die Jode my gegryp toe ek in die tempel terrein^u was en het hulle my probeer doodmaak. ²² Omdat ek God se bystand tot op

***26:16** *staan regop*: Eseg 2:1

***26:17** *Ek ... heidene*: 1 Kron 16:35

***26:17** *na ... stuur*: Jer 1:7

^q**26:18** *om ... maak*: Dit verwys na Jes 35:5; 42:7; 61:1 •Septuagint as heenwysings na Paulus.

^r**26:18** *sodat hulle ... draai*: Dit verwys na Jes 42:16 as heenwysing na Paulus.

^s**26:18** *Satan*: Die benaming “Satan” is afgelei van 'n Hebreeuse woord wat ‘teenstander’ of ‘aanklaer’ beteken.

***26:18** *van die mag ... God*: Ef 2:2; Kol 1:13

***26:18** *erfdeel ... geheiligdes*: Deut 33:3-4; Wys 5:5; Hand 20:32

^t**26:19** *Agrippa*: Vgl voetnoot in Hand 26:1.

***26:20** *eers ... Damaskus*: Hand 9:19

***26:20** *deur werke ... pas*: Matt 3:8

***26:21** Hand 21:30-31

^u**26:21** *tempel terrein*: Dit verwys na die hele terrein van die •tempel in Jerusalem met al die geboue, stoorkamers en voorhowe.

hierdie dag ervaar het, staan ek voor klein en groot, en getuig oor niks anders as wat die Profete en Moses gesê het sal gebeur nie,^{* 23 *} naamlik dat die Christus^v moes ly en die eerste uit die opstanding van die dooies moes wees, om aan sy volk en aan die heidene die lig te verkondig.”^w

Paulus en Agrippa

²⁴ Terwyl Paulus hierdie dinge ter verdediging aanvoer, roep Festus hardop uit: “Jy is waansinnig, Paulus! Jou groot geleerdheid dryf jou tot waansin!” ²⁵ Maar Paulus sê: “Ek is nie waansinnig nie, hooggeagte Festus, maar wat ek sê, spreek van waarheid en gesonde oordeel. ^{26 *} Die koning begryp hierdie dinge; met hom kan ek vrymoedig praat. Want ek is daarvan oortuig dat niks hiervan hom ontgaan het nie, want dit het nie iewers in 'n uithoek plaasgevind nie. ²⁷ Koning Agrippa,^x glo u in die Profete? Ek weet u glo.” ²⁸ Toe sê Agrippa vir Paulus: “In 'n kort tydjie probeer jy my oorreed om 'n Christen te word?” ²⁹ Maar Paulus antwoord: “Of dit nou minder of meer verg, ek sou tot God wil bid dat nie net u nie, maar ook almal wat my vandag aanhoor, mag word soos ek is, maar sonder hierdie boeie.”

³⁰ Toe het die koning opgestaan, en ook die prokurator^y en Bernice^z en

*26:22 as wat ... gebeur nie: Luk 24:44

*26:23 Luk 24:46-47

^v26:23 **Christus**: Die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

^w26:23 **om aan ... verkondig**: Dit verwys na Jes 42:6; 49:6 as heenwysings na Jesus Christus.

*26:26 Joh 18:20

^x26:27 **Agrippa**: Vgl voetnoot in Hand 26:1.

^y26:30 **prokurator**: Amptenaar wat namens die keiser in beheer was oor 'n Romeinse provinsie; •Romeinse ampsdraers.

^z26:30 **Bernice**: 'n Dogter van •Herodes Agrippa I en 'n suster van •Herodes Agrippa II en •Drusilla. Sy was getroud met haar oom, maar ná sy dood het sy en haar broer Agrippa II 'n lang tyd as man en vrou saamgeleef.

diegene wat saam met hulle daar gesit het. ³¹ Hulle het uitgegaan en vir mekaar gesê: “Hierdie man doen niks wat die dood of gevangenskap verdien nie.”* ³² En Agrippa het vir Festus gesê: “Hierdie man kon vrygelaat gewees het as hy hom nie op die keiser beroep het nie.*”

27

Paulus se reis na Rome

¹ Toe besluit is dat ons na Italië moes vaar,* het hulle Paulus en 'n paar ander gevangenes uitgelewer aan 'n hekatontarg^a van die keiserlike kohort soldate^b met die naam Julius. ² Ons het aan boord gegaan van 'n skip uit Adramittium wat gereed was om na plekke langs die kus van Asië^c te vaar, en toe weggeseil. Aristargus, 'n Macedoniër^d uit Thessalonika,* was saam met ons. ³ Die volgende dag het ons by Sidon anker gegooi en Julius het heel welwillend teenoor Paulus opgetree* en hom toegelaat om na sy vriende te gaan* en om hulle sorg te geniet. ⁴ Van

*26:31 Hierdie ... verdien nie: Hand 23:29

*26:32 as hy ... het nie: Hand 25:11

*27:1 Toe ... vaar: Hand 25:12

^a27:1 **hekatontarg**: 'n Griekse benaming vir 'n bevelvoerder oor 100; •Romeinse ampsdraers.

^b27:1 **keiserlike kohort soldate**: 'n Eretitel vir 'n afdeling Romeinse soldate wat uit 200 tot 1 000, maar gewoonlik 600 man, bestaan het; •Romeinse ampsdraers.

^c27:2 **Asië**: 'n Romeinse provinsie. Die westelike deel van Klein-Asië, die huidige Wes-Turkye, saam met verskeie eilande en kusstede van die Egeïese See, met Efese as hoofstad.

^d27:2 **Macedoniër**: 'n Inwoner van Macedonië, 'n Romeinse provinsie in die Balkanskiereiland, noord van •Agaje, met Thessalonika as hoofstad.

*27:2 Aristargus ... Thessalonika: Hand 19:29; 20:4

*27:3 Julius ... opgetree: Hand 28:2

*27:3 hom toegelaat ... te gaan: Hand 24:23

daar af het ons weggeseil en omdat die wind teen ons was, het ons aan die beskutte kant van Ciprus verbygevaar. ⁵ Nadat ons die oopsee langs Silisië en Pamfilië oorgesteek het, het ons by Mira in Lisië aangekom. ⁶ Daar het die hekatontarg 'n skip uit Aleksandrië gevind wat na Italië vaar en ons aan boord laat gaan. ⁷ Vir 'n hele paar dae het ons maar stadig gevaar en met moeite naby Knidus gekom. Omdat die wind ons nie toegelaat het nie, het ons aan die beskutte kant van Kreta, by Salmone, verbygevaar. ⁸ Nadat ons met moeite daarlangs verby beweeg het, het ons aangekom by 'n plek bekend as Mooi Hawens wat naby die stad Lasea was.

⁹ *Aangesien heelwat tyd al verloop het en dit gevaarlik geword het om te vaar — die Vasdag^e was immers reeds verby^f — het Paulus hulle gewaarsku ¹⁰ *deur vir hulle te sê: “Manne, ek sien dat die vaart skade en groot verlies sal meebring, nie alleen aan die vrag en die skip nie, maar ook aan ons eie lewens.” ¹¹ Maar die hekatontarg het meer waarde geheg aan die stuurman en die skeepseienaar se oordeel as aan Paulus se woorde. ¹² Omdat die hawe nie geskik was vir oorwintering nie, het die meerderheid besluit om daarvandaan uit te vaar en om, indien moontlik, Feniks te bereik — 'n hawe in Kreta met 'n uitkyk op die suidweste en die noordweste — en daar te oorwinter.

Storm op see

¹³ Toe 'n ligte suidewind begin waai, het hulle gedink hulle kon hulle voorneme uitvoer. Hulle het die anker gelig en al langs die kus van Kreta verby beweeg. ¹⁴ Maar dit was nie lank nie, of daar swiep van die land af

*27:9-10 2 Kor 11:26

^e27:9 *Vasdag*: Dit verwys na die •Dag van Versoening; vgl Lev 16:29.

^f27:9 *die Vasdag ... verby*: Dit was reeds Oktober, die begin van die winter, 'n gevaarlike tyd vir skeepvaart weens die winterwinde wat spoedig sou begin waai.

*27:10 Hand 27:22

'n stormwind neer wat as die Eurakilon⁸ bekend staan. ¹⁵ Omdat die skip meegesleur is en nie in staat was om teen die wind in te beur nie, het ons ons daaraan oorgegee en weggedryf. ¹⁶ Toe ons aan die beskutte kant van 'n klein eilandjie bekend as Cauda kom, het ons met moeite daarin geslaag om die sloep onder beheer te kry. ¹⁷ Nadat die bemanning die sloep opgehys het, het hulle toue onder die skip deurgetrek om dit te verstewig. Omdat hulle bang was dat hulle op die Sirtis^h sou strand, het hulle die dryfanker laat sak en so het hulle weggedryf. ¹⁸ Omdat ons so geweldig deur die storm geteister is, het hulle die volgende dag begin om die skeepsvrag oorboord te gooi, ¹⁹ en op die derde dag het hulle met hulle eie hande die skip se toerusting oorboord gegooi. ²⁰ Die son en die sterre het vir baie dae nie geskyn nie en die storm het ook nie in hewigheid afgeneem nie, sodat alle hoop om gered te word ons ontnem is.

²¹ Daar was 'n ernstige tekort aan kos. Toe het Paulus tussen hulle gaan staan en gesê: “Manne, julle moes na my geluister het en nie weggevaar het van Kreta af nie. Dan sou ons hierdie skade en verlies kon vermy het.

²² En nou roep ek julle op om moed te hou, want daar sal geen lewensverlies onder julle wees nie; net die skip sal vergaan.* ²³ Verlede nag het 'n engel van die God aan wie ek behoort en vir wie ek dien, by my kom staan ²⁴ en gesê, ‘Moenie bang wees nie, Paulus, jy moet nog voor die keiser verskyn.* Kyk, God het in sy genade die behoud van almal wat saam met jou vaar, aan jou geskenk.’ ²⁵ Daarom, hou moed, manne, want ek vertrou op God dat dit net so sal gebeur soos aan my gesê is.

⁸**27:14 Eurakilon:** Die gevreesde Noordooster wat orkaansterkte kon bereik. Sommige mss, vroeë en moderne vertalings lui “Euroklidon”.

^h**27:17 Sirtis:** Gevaarlike sandbanke naby die Noord-Afrikaanse kus waarop skepe maklik kon strand.

***27:22** want daar ... vergaan: Hand 27:10,31

***27:24** Moenie ... verskyn: Hand 23:11

²⁶ *Ons moet egter op een of ander eiland strand.”

²⁷ Teen die veertiende nag het ons steeds op die Adriatiese See rondgedryf. Om middernag het die matrose vermoed dat hulle naby land kom. ²⁸ Hulle het 'n peiling geneem en gevind dat dit twintig vaamⁱ diep is. Hulle het 'n entjie verder gevaar en weer 'n peiling geneem en gevind dat die diepte vyftien vaam is. ²⁹ Omdat hulle bang was dat hulle miskien op rotsagtige plekke kon strand, het hulle vier ankers van die skip se agterstewe afgegooi en gebid dat dit dag moet word. ³⁰ Toe die matrose probeer het om van die skip af te vlug, en die sloep in die see neerlaat onder die voorwendsel dat hulle die ankers van die boeg af wou laat sak, ³¹ het Paulus aan die hekatontarg^j en die soldate gesê: “As hulle nie op die skip bly nie, kan julle nie gered word nie.”* ³² Toe het die soldate die toue van die sloep afgekap en dit laat val.

³³ Net voor dagbreek het Paulus by almal aangedring om iets te eet. Hy het gesê: “Vandag is al die veertiende dag wat julle sonder kos bly wag en niks inneem nie. ³⁴ Daarom dring ek by julle daarop aan om voedsel in te neem, want dit sal bydra tot julle redding. Daar sal nie 'n haar van een van julle se kop verlore gaan nie.”* ³⁵ Nadat hy dit gesê het, het hy 'n stuk brood geneem, God voor almal gedank, die brood gebreek* en begin eet. ³⁶ Almal het moed geskep en self ook begin eet. ³⁷ Ons was altesaam tweehonderd ses-en-sewentig mense op die skip. ³⁸ Nadat hulle genoeg geëet het, het hulle die skip ligter gemaak deur die koring in die see te gooi.

*27:26 Hand 28:1

ⁱ27:28 20 vaam: 37 m; •Lengtemate.

^j27:31 hekatontarg: Vgl voetnoot in Hand 27:1.

*27:31 As ... word nie: Hand 27:22

*27:34 Daar ... gaan nie: 1 Sam 14:45; 2 Sam 14:11; Matt 10:30; Luk 12:7

*27:35 het hy ... gebreek: Matt 15:36; Mark 8:6; Luk 22:19; 1 Kor 11:23-24

Skipbreuk

³⁹ Toe dit dag word, het hulle die land nie herken nie, maar hulle het wel 'n baai met 'n strand gewaar, waar hulle besluit het om die skip op die sand te laat loop as hulle kon. ⁴⁰ Hulle het die ankers afgekap en in die see laat val en tegelykertyd die roertoue losgemaak, die voorseil gehys en windaf op die strand afgestuur. ⁴¹ *Hulle het egter 'n rif met see aan weerskante getref en daar het die skip gestrand. Die boeg het vasgesteek en bewegingloos gebly en die agterstewe het deur die geweld van die golwe begin opbreek. ⁴² Die soldate se plan was om die gevangenes dood te maak, sodat niemand kon ontsnap deur uit te swem nie. ⁴³ *Maar die hekatontarg^k wou Paulus red en het hulle plan verydel. Hy het die mense wat kon swem beveel om eerste oorboord te spring en aan land te gaan, ⁴⁴ en daarna die res — sommige op planke, ander op wrakstukke van die skip. En so het almal behoue aan land gekom.

28

Oorwintering op Melite

¹ Nadat ons veiligheid bereik het, het ons agtergekom dat die eiland Melite^l genoem word. ² Die plaaslike bevolking het buitengewone vriendelikheid aan ons betoon. Weens die dreigende reën en koue* het hulle 'n vuur aangesteek en ons almal verwelkom. ³ Paulus het 'n hoop droë hout bymekaargemaak en op die vuur gesit. Van die hitte het 'n slang uitgekroon en aan sy hand vasgebyt. ⁴ Toe die plaaslike bevolking die gedierte aan sy hand sien hang, het hulle vir mekaar gesê: “Hierdie

*27:41 Hand 27:22

*27:43-44 Hand 27:22,24

^k27:43 *hekatontarg*: Vgl voetnoot in Hand 27:1

^l28:1 *Melite*: Die huidige Malta, 'n eiland in die Middellandse See, suid van Sisilië.

*28:2 *Weens ... koue*: 2 Kor 11:27

man is beslis 'n moordenaar. Hy is uit die see gered, maar Dike^m het nie toegelaat dat hy bly leef nie.”⁵ *Paulus het egter die gedierte in die vuur afgeskud en was ongedeerd.⁶ Hulle het verwag dat hy sal begin opswel, of skielik dood neerslaan. Maar nadat hulle lank gewag en gesien het dat niks buitengewoons met hom gebeur nie, het hulle van mening verander en gesê dat hy 'n god is.*

⁷ In die omgewing van daardie plek was daar landerye wat behoort het aan die hoofman van die eiland, 'n man met die naam Publius. Hy het ons verwelkom en drie dae lank gasvry gehuisves.⁸ Dit het so gebeur dat Publius se pa siek aan koors en diarree in die bed gelê het. Paulus het na hom gegaan en vir hom gebid, sy hande op hom gelê en hom gesond gemaak.⁹ Ná hierdie voorval het die ander siekes op die eiland ook na hom gekom en is gesond gemaak.¹⁰ Hulle het ons met eerbewyse oorlaai en met ons vertrek vir ons alles gegee wat ons nodig gehad het.

Van Melite na Rome

¹¹ Ná drie maande het ons vertrek met 'n skip wat by die eiland oorwinter het. Dit was 'n skip uit Aleksandrië met die Dioskuriⁿ as boegbeeld.¹² En nadat ons in Sirakuse anker gegooi het, het ons drie dae daar oorgebly,¹³ en daarvandaan het ons verder gevaar en in Regium aangekom. Een dag later het 'n suidewind opgesteek en ons het Puteoli op die tweede dag bereik.¹⁴ Daar het ons broers^o aangetref wat ons uitgenooi het om sewe dae lank by hulle te bly. En uiteindelik het ons Rome bereik.¹⁵ Die broers daar wat die dinge oor ons gehoor het, het ons

^m28:4 **Dike:** Die Griekse wraak- en geregtigheidsgodin.

*28:5 Mark 16:18

*28:6 *gesê ... god is:* Hand 14:11

ⁿ28:11 **Dioskuri:** Die tweelingseuns van Zeus (Jupiter), Castor en Pollux, beskermgode van die skeepvaarders.

^o28:14 **broers:** Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

by die Forum van Appius^p en die Drie Herberge^q kom ontmoet. Toe Paulus hulle sien, het hy God gedank en moed geskep.

¹⁶ Toe ons in Rome aankom, is Paulus toegelaat om op sy eie te woon, met 'n soldaat wat hom bewaak het.*

Paulus in Rome

¹⁷ Ná drie dae het hy die Joodse leiers saamgeroep. Toe hulle byeen was, het hy vir hulle gesê: “Broers, ek het niks teen ons volk of teen die gebruike van ons voorvaders gedoen nie,* en tog is ek uit Jerusalem as gevangene in die hande van die Romeine oorgelewer, ¹⁸* wat my verhoor het en wou vrylaat omdat daar in my geval geen gronde was vir die doodstraf nie. ¹⁹ Omdat die Jode egter daarteen beswaar aangeteken het, is ek gedwing om my op die keiser te beroep* — nie dat ek iets het om my volk van te beskuldig nie. ²⁰* Om hierdie rede het ek gevra om julle te sien en met julle te praat, aangesien dit juis oor die hoop van Israel* is dat ek hierdie boeie dra.” ²¹ Toe sê hulle vir hom: “Ons het uit Judea geen briewe oor jou ontvang nie, en ook het nie een van die broers hier aangekom wat iets slegs oor jou berig of gesê het nie. ²² Ons sal dit egter waardeer om by jou te hoor wat jy dink, want dit is aan ons bekend dat daar oral teen hierdie splintergroep* gepraat word.”

²³ Nadat hulle met hom 'n dag afgespreek het, het hulle in 'n nog groter

^p28:15 *Forum van Appius*: Dit is die markplein van Appius.

^q28:15 *Drie Herberge*: 'n Herberg met die naam “Tres Tabernae”.

*28:16 *is Paulus ... bewaak het*: Hand 24:23; 28:30

*28:17 *Broers ... gedoen nie*: Hand 24:12-13; 25:8

*28:18 Hand 23:29; 25:25; 26:31-32

*28:19 *is ek ... beroep*: Hand 25:11

*28:20 Luk 2:34

*28:20 *oor die ... Israel*: Hand 24:15; 26:6-7

*28:22 *hierdie splintergroep*: Hand 24:14

getal by hom in sy verblyfplek opgedaag. Hy het die •koninkryk van God aan hulle uitgelê en van vroegoggend tot die aand kragtig daaroor getuig, terwyl hy hulle uit die •Wet van Moses en die Profete^r probeer oortuig het oor Jesus. ²⁴ Sommige is oortuig deur sy woorde, maar ander het ongelowig gebly. ²⁵ In onenigheid onder mekaar het hulle uiteengegaan nadat Paulus nog 'n enkele laaste woord gespreek het: “Die Heilige Gees het tereg deur die profeet Jesaja aan julle voorvaders gesê:

²⁶ * “Gaan na hierdie volk en sê:

“Met die ore sal julle hoor en glad nie verstaan nie,
en met die oë sal julle sien en glad nie insig kry nie.

²⁷ Want hierdie volk se hart is afgestomp —

hulle kan beswaarlik met hulle ore hoor,

hulle het hulle oë gesluit,

sodat hulle nie met hulle oë sien

en met hulle ore hoor

en met hulle harte verstaan

en terugdraai,

en Ek hulle genees nie.” ’

²⁸ “Julle moet dan weet dat hierdie verlossing van God aan die heidene gestuur is,^{*} en hulle sal luister.^s”

^r**28:23 Wet ... Profete:** Dit dien as aanduiding van die geskrifte van die Ou Testament wat in Jesus se tyd deur die Jode as gesaghebbend aanvaar is.

^{*}**28:26-27** Jes 6:9-10 •Septuagint; Matt 13:14-15

^{*}**28:28 hierdie ... gestuur is:** Ps 67:3; 98:2; Jes 40:5 •Septuagint; Luk 3:6; Hand 13:46; 18:6

^s**28:28 luister:** Ander mss en vroeë vertalings lui ook nog hierna ²⁹ “Nadat hy dit gesê het, het die Jode weggegaan terwyl hulle heftig onder mekaar gestry het.” Dit ontbreek egter in die •bronteks.

³⁰ *Paulus het 'n volle twee jaar in sy gehuurde huis gebly en almal wat na hom gekom het, ontvang. ³¹ Hy het die koninkryk van God verkondig en hulle met alle vrymoedigheid en ongehinderd oor die Here Jesus Christus^t onderrig.

***28:30** Hand 28:16

^t**28:31** *Christus*: Die Griekse vorm vir die Hebreuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.